**Hierdie studie word in dankbaarheid opgedra aan my ouers, Christo en Marie Hoepfner.**

"Now I know beyond question,
I was not abandoned to adoption.
I was rescued by it."
(Russel Saltzman)

# INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS ..... vii

HOOFSTUK 1

VERANTWOORDING: DIE VADERSKAP VAN GOD BY DIE AANGENOME KIND

1.1 ORIËNTERING ..... 1
1.1.1 'n Groeiende belangstelling in die eerste Persoon van die Drie-eenheid ..... 1
1.1.2 Berading van aangenome kinders:
'n Leemte op die gebied van die pastoraat ..... 2
1.2 PROBLEEMSTELLING ..... 2
1.2.1 Stand van navorsing ..... 2
1.3 AFBAKENING VAN STUDIE ..... 3
1.4 NAVORSINGSVRAAG ..... 3
1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE ..... 3
1.5.1 Doelstelling ..... 3
1.5.2 Doelwitte ..... 4
1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ..... 4
1.7 METODOLOGIE ..... 4
1.7.1 'n Gereformeerde vertrekpunt ..... 4
1.7.2 Basis-, Meta- en Praktykteorie ..... 5
1.7.3 'n Belangrike uitgangspunt: Geloof in Jesus Christus ..... 6
1.7.4 Die kwessie van geslag ..... 7
1.7.5 Aanhalings uit Engelse bronne ..... 7
1.7.6 Die uitdrukking "aangenome kinders" ..... 7
1.8 HOOFSTUKINDELING ..... 7

HOOFSTUK 2

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE VADERSKAP VAN GOD

2.1 INLEIDING ..... 9
2.2 MOTIVERING ..... 10
2.3 GOD AS VADER IN DIE OU TESTAMENT ..... 11

2.3.1 'n Oorsig ... 11
2.3.2 Eksegetiese verkenning van tekste wat direk na die Vaderskap van God verwys .. 13
2.3.2.1 Deuteronomium 32:6 ... 13
2.3.2.2 2 Samuel 7:14, 1 Kronieke 17:13, 22:10 en 28:6 ... 17
2.3.2.2.1 2 Samuel 7:14 ... 17
2.3.2.2.2 1 Kronieke 17:13, 22:10 en 28:6 ... 20
2.3.2.3 Psalm 68:6 ... 24
2.3.2.4 Psalm 89:27 ... 27
2.3.2.5 Jesaja 63:16 en 64:8 ... 29
2.3.2.6 Jeremia 3:4 ... 32
2.3.2.7 Jeremia 3:19 ... 34
2.3.2.8 Jeremia 31:9 ... 36
2.3.2.9 Maleagi 1:6 ... 39
2.3.2.10 Maleagi 2:10 ... 42
2.3.3 Gevolgtrekking: Die Vaderskap van God in die Ou Testament ... 44
2.4 GOD AS VADER IN DIE NUWE TESTAMENT ... 47
2.4.1 'n Oorsig ... 47
2.4.2 'n Eksegetiese verkenning van die *Abba*-tekste ... 48
2.4.2.1 Markus 14:36 ... 49
2.4.2.2 Romeine 8:16 ... 53
2.4.2.3 Galasiërs 4:6 ... 57
2.4.3 Gevolgtrekking: Die Vaderskap van God in die Nuwe Testament met besondere verwysing na die *Abba*-tekste ... 59
2.5 DIE VADERSKAP VAN GOD: BASISTEORETIESE BEGINSELS AFGELEI VANUIT DIE SKRIFGEGEWENS ... 61

**HOOFSTUK 3**
**METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT SPESIFIEKE KWESSIES BY AANGENOME KINDERS**

3.1 INLEIDING ... 63
3.2 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT SPESIFIEKE KWESSIES BY AANGENOME KINDERS: 'N LITERATUUROORSIG ... 64
3.2.1 Spesifieke kwessies by aangenome kinders: 'n Voortgaande debat ... 64
3.2.2 Spesifieke kwessies by aangenome kinders: Bespreking van resente artikels ... 65

3.2.2.1 Identiteit .... 65
3.2.2.2 Verwerping en verlies .... 69
3.2.3 Nola Passmore se riglyne vir die berading van aangenome kinders met spesifieke verwysing na identiteit en verwerping/verlies .... 71
3.2.4 Metateoretiese riglyne: identiteit, verwerping en verlies as spesifieke kwessies by aangenome kinders .... 76
3.3 DIE VADERBEELD BY AANGENOME KINDERS .... 78
3.3.1 Die biologiese vader .... 78
3.3.2 Die aanneemvader .... 78
3.3.3 Die aangenome kind se beeld van God kan beïnvloed word deur sy beeld van sy aardse vader .... 79
3.4 SAMEVATTING .... 80

**HOOFSTUK 4**
**'N EMPIRIESE STUDIE TEN OPSIGTE VAN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND MET BETREKKING TOT SY GODSBEELD**

4.1 INLEIDING .... 82
4.2 NAVORSINGSONTWERP .... 82
4.2.1 Die doel van die empiriese ondersoek .... 82
4.2.3 Kwalitatiewe navorsing .... 83
4.2.4 Beskrywende navorsing .... 84
4.3 ONDERSOEKMETODE .... 84
4.3.1 Die pastoraal-semantiese differensiaalanalise (PSDA) .... 84
4.3.2 Semi-gestruktureerde onderhoude .... 88
4.3.3 Die navorsingspopulasie en die navorsingsgroep .... 89
4.3.4 Die prosedure wat met die onderhoude gevolg is .... 89
4.4 DATA-ANALISE .... 90
4.5 BEVINDINGS OP GROND VAN DIE ONDERHOUDE .... 90
4.5.1 Bevindings ten opsigte van die algemene Godsbeskouing .... 91
4.5.1.1 Inleiding .... 91
4.5.1.2 Bevindings .... 91
4.5.1.3 Afleidings .... 92
4.5.2 Bevindings ten opsigte van die beskouing van God as Vader .... 92
4.5.2.1 Inleiding .... 92

4.5.2.2 Bevindings ..... 93
4.5.2.3 Afleidings ..... 95
4.5.3 Bevindings ten opsigte van die verband tussen God se Vaderskap en die medewerkers se aanneming ..... 95
4.5.4 Samevattende gevolgtrekking ..... 95

**HOOFSTUK 5**
**'N VERKENNENDE ONDERSOEK NA ENKELE MODELLE MET DIE OOG OP DIE ONTWIKKELING VAN 'N EIE MODEL IN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND**
5.1 INLEIDING ..... 97
5.2 'N OORSIG OOR ENKELE ANDER MODELLE ..... 97
5.2.1 Die model van W.A. Mack ..... 98
5.2.2 Die model van G.A. Lotter ..... 98
5.2.3 Swinton en Mowat se Kwalitatiewe Model vir Praktiese Teologiese Refleksie ..... 98
5.3 DIE PASTORALE BERADINGSMODEL VAN EYRICH EN HINES ..... 99
5.3.1 Inleiding ..... 99
5.3.2 Die verskillende stappe ..... 100
5.3.2.1 Stap 1: Die bou van 'n vertrouensverhouding ..... 101
5.3.2.2 Stap 2: Die bymekaarmaak van inligting ..... 104
5.3.2.3 Stap 3: Die identifisering van die probleem ..... 105
5.3.2.4 Stap 4: Bepaal die koers ..... 106
5.3.2.5 Stap 5: Die oordenking van die probleem ..... 107
5.3.2.6 Stap 6: Konfrontasie ..... 108
5.3.2.7 Stap 7: Gee hoop ..... 110
5.3.2.8 Stap 8: Roep op tot 'n verbintenis ..... 111
5.3.2.9 Stap 9: Die gee van huiswerk ..... 113
5.3.2.10 Stap 10: Evalueer die huiswerk ..... 114
5.4 GEVOLGTREKKING ..... 115

**HOOFSTUK 6**

**PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND MET BESONDERE VERWYSING NA DIE VADERSKAP VAN GOD**


6.1 INLEIDING ..... 116
6.2 DIE DOEL VAN DIE PASTORALE BEGELEIDING ..... 116
6.2.1 Die vestiging van 'n verbondsbegrip ..... 117
6.2.2 Die bepaling van kennis aangaande God as Vader ..... 118
6.2.3 Die bepaling van die vermoë om God se Vaderskap in verband met aanneming te bring ..... 118
6.2.4 Die vorming van identiteit ..... 118
6.2.5 Die hantering van verwerping en verlies ..... 118
6.3 DIE BERADER SE VERTREKPUNT ..... 119
6.4 DIE BERADER EN DIE AANGENOME KIND ..... 119
6.41 Kennis rakende aangenome kinders ..... 119
6.4.2 Woordeskat ..... 120
6.4.3 Ouderdom van beradene ..... 120
6.4.4 Die biologiese en aanneemvader ..... 121
6.5 DIE BERADINGSPROSES ..... 121
6.5.1 Die bou van 'n vertrouensverhouding ..... 121
6.5.2 Die bymekaarmaak van inligting ..... 123
6.5.3 Die identifisering van die probleem ..... 124
6.5.4 Die bepaling van die koers ..... 125
6.5.5 Die oordenking van die probleem ..... 128
6.5.5.1 Die Vaderskap van God en die vorming van identiteit ..... 129
6.5.5.2 Die Vaderskap van God en die hantering van verwerping en verlies ..... 130
6.5.5.3 Saamgevat: Identiteit, verwerping en verlies in 'n Christologiese perspektief ..... 132
6.5.6 Konfrontasie ..... 132
6.5.7 Die gee van hoop ..... 134
6.5.8 Die oproep tot 'n verbintenis ..... 136
6.5.9 Die gee van huiswerk ..... 137
6.5.10 Die evaluering van die huiswerk ..... 139
6.6 SAMEVATTING ..... 139

HOOFSTUK 7
SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS: DIE BETEKENIS VAN DIE VADERSKAP VAN GOD IN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND ........ 141

BIBLIOGRAFIE ........ 147
OPSOMMING ........ 171
ABSTRACT ........ 172

# BEDANKINGS

Die voltooiing van 'n studie soos hierdie is nooit net die werk van een persoon nie. Baie ander het direk of indirek daaraan meegewerk. Tog sou dit nooit 'n werklikheid geword het as dit nie was vir die genadige bestiering van ons Hemelse Vader nie. En wat 'n wonderlike en genadige Vader is Hy nie! Aan Hom kom toe die lof en die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.

Soos wat die einde van die studie in die gesigsveld gekom het, het ek al hoe meer bewus geword van die feit dat daardie persone wat so vroeg 'n deel van 'n mens se opvoeding uitmaak, dikwels in bedankings oor die hoof gesien word. Ek dink hier aan my laerskoolonderwysers, veral hulle wat ons in Graad 1 en Graad 2 met soveel toewyding geleer lees en skryf het. Wat 'n voorreg was dit nie! Sonder daardie basiese vaardighede sou 'n akademiese kwalifikasie nooit 'n werklikheid geword het nie. Om hierdie rede verdien juffrou Audrey Rohlandt en juffrou Susie Steyn se name om hier met dank vermeld te word.

Aan twee vroue in die Ferdinand Postma biblioteek moet elkeen 'n groot bos blomme gegee word. Hulle is Cora Bezuidenhout en tannie Gerda van Rooyen wat gehelp het met die opspoor van bronne. Hulle vriendelike en flink hulp het die navorsingsgedeelte van die studie soveel makliker gemaak.

Professor Fika Janse van Rensburg het vanuit Boedapest 'n tydjie afgeknyp om raad te gee oor die aanpak van die basisteorie. Hiervoor bedank ek hom opreg. My studieleier, professor George Lotter, verdien 'n besondere woord van dank. Dwarsdeur die studie het hy op verskillende maniere bemoedig. Soms was dit in 'n telefoongesprek en soms deur 'n onverwagse e-posbrief. Die vrymoedigheid waarmee hy oor sy eie probleme gepraat het en die gelowige wyse waarop hy dit benader het, het as aansporing gedien wanneer my moed maar laag was. Sy raad en aanbevelings was onontbeerlik. Ek bedank hom vir die ure wat hy aan die studie gewy het en vir die vriendelikheid waarmee hy my telkens te woord gestaan het, veral hier teen die einde van die studie.

'n Spesiale woord van dank moet ook gerig word aan die vyf medewerkers wat aan die studie deelgeneem het. Dit was nie vir hulle altyd maklik om oor hulle aanneming te praat nie. Soms het die trane stilweg geloop en tog het hulle met die onderhoude deurgedruk en waardevolle

inligting verskaf. Ek hoop dat hulle opofferings deur middel van hierdie studie ander aangenome kinders tot voordeel sal strek.

Aan die Ned. Geref. Gemeente Albertyn dra ek ook my dank oor. By wyse van 'n studiefonds was die hele gemeente betrokke by die studie. Oom Jan Schoeman het selfs 'n bees verkoop om te help met die registrasie! Woorde kan nie sê hoeveel dit vir my beteken het en hoeveel ek dit waardeer nie. Elke lidmaat wat voorbidding vir die studie gedoen het en belanggestel het in die vordering daarvan word ook opreg bedank.

Ek bedank ook graag vir mevrou Corna Nel wat vir die taalversorging van die proefskrif verantwoordelik was.

Die persone wat moontlik die meeste opoffer met so 'n studie, is die mense die naaste aan jou. My vrou Liezel en my dogtertjie Alize sal bevestigend hierop kan antwoord. Kosbare gesinstyd het in die slag gebly. Tog het hulle my die geleentheid gegun om die studie te voltooi en hiervoor sal ek hulle altyd dankbaar bly. Liezel het die proefskrif gefynkam vir spel- en taalfoute. Dit was 'n groot taak waarvoor ek haar ewig dankbaar sal bly.

My ouers, Christo en Marie Hoepfner, verdien 'n besondere woord van dank. Hulle het my nie net aangeneem nie, maar ook grootgemaak as hulle eie. Deur hulle opofferings het ek 'n kans op 'n lewe gekry wat ek moontlik andersins nie sou gehad het nie. Hierdie studie is 'n resultaat van daardie opofferings en word in erkentlikheid aan hulle opgedra.

# HOOFSTUK 1
# VERANTWOORDING: DIE VADERSKAP VAN GOD BY DIE AANGENOME KIND

## 1.1 ORIËNTERING

### 1.1.1 'n Groeiende belangstelling in die eerste Persoon van die Drie-eenheid

'n Oorsigtelike ondersoek van gereformeerde literatuur wys duidelik uit dat belangstelling in die naam "Vader" nie by geleerdes in hierdie tradisie ontbreek het nie (vgl. o.a. Bavinck, 1928:118; Honig, 1938:234; Durand, 1976:71; Calvyn, 1988:1133; Van Genderen & Velema, 1992:140). Daar het selfs 'n paar boeke verskyn wat spesifiek oor die Vaderskap van God handel (vgl. o.a. Adams, 1888; Marchel, 1964).

Dit is egter eers sedert die laat sewentigerjare van die vorige eeu dat publikasies wat oor die *betekenis* van God se Vaderskap handel, in 'n al groter mate die lig gesien het. So skrywe byvoorbeeld Frost (1978:iv) dat Christene 'n beperkte waardering van die Vaderskap van God het "because only one or two personalities of the Trinity have been emphasized in their experience." Daarmee bedoel hy die Persone van die Seun en van die Heilige Gees. Deur sy boek poog hy om 'n korreksie hierop aan te bring. Smail (2001) sluit later hierby aan in sy boek *The forgotten Father.* Ander outeurs (Visser't Hooft, 1982; Nel, 2002) stel ondersoek in na die geldigheid van die begrip "vaderskap" in die huidige tydgleuf.

Verskeie ander outeurs spits hulle op Bybelgedeeltes toe om tot 'n beter verstaan van die begrip "Vaderskap van God" te kom. Lowery (1987) fokus op die Matteusevangelie en Suggit (2003) op Gal. 1:3. Onder redaksie van Adele Reinhartz verskyn in die Semeia-reeks in 1999 'n hele uitgawe wat handel oor die Vaderskap van God in die Johannesevangelie. Verskeie outeurs lewer hierin 'n bydrae. Die bydraes dek vier areas van navorsing: studies aangaande die historiese Jesus, feministiese kritiek, studies in die vroeë Christelike leer en narratiewe kritiese studies (Reinhartz, 1999:2).

'n Dekade gelede maak Pond (1996:11) die belangrike opmerking dat sy pastorale bediening hom daarvan oortuig het dat die Vaderskap van God steeds "a forgotten doctrine" is. 'n Literatuuroorsig oor die afgelope tien jaar toon dat Pond se opmerking steeds geld. Behalwe die studie van Anthonissen en Louw (1994), die artikel van Nola Passmore (2004) en in 'n mindere mate die studie van Freeks (2004) kon geen ander studies gevind word wat die Vaderskap van God direk by 'n pastorale probleem betrek nie.

### 1.1.2 Berading van aangenome kinders: 'n Leemte op die gebied van die pastoraat

Die meeste professionele persone wat met aanneming werk, is volgens Janus (1997:266) maatskaplike werkers. Sy is daarvan oortuig dat min geskryf is om beraders te help wat wens om met aangenome kinders te werk (Janus, 1997:266). Hierdie prentjie is egter aan die verander. In die onlangse verlede het heelwat studies oor die onderwerp die lig gesien (vgl. o.a. Lourens, 2002; Hobday *et al.*, 2002; Betts, 2003; Lacher *et al.*, 2005). Ongelukkig word hierdie tendens nie waargeneem op die gebied van die pastoraat nie. Behalwe vir enkele studies (vgl. o.a. Nydam, 1999; Doyer, 2000; Passmore, 2004) is daar 'n opvallende tekort aan pastorale studies wat hierdie onderwerp dek.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Stand van navorsing

'n Uitgebreide bibliografiese soektog is met die hulp van die Ferdinand Postma Biblioteek, deur die gebruikmaking van die volgende databasisse, gedoen: Ferdikat, EbscoHost, Sabinet, Nexus, proefskrifte en verhandelings. Die resultaat van hierdie soektog het aangedui dat daar klaarblyklik, met die uitsondering van Passmore (2004), nog geen navorsing gedoen is oor die betekenis van die Vaderskap van God by aangenome kinders nie. Alhoewel die begrip "Die Vaderskap van God" die afgelope aantal jare baie belangstelling uitgelok het, is dit ook onmiddellik duidelik dat daar 'n leemte aan literatuur is wat handel oor God se Vaderskap met betrekking tot die pastoraat. Opvallend is dat iemand soos Jay Adams (1979:59) wat sy beradingsmodel op die Skrif grond, slegs verwys na die noodsaaklikheid daarvan dat die naam "Vader" in die pastoraat ten volle ontwikkel moet word, sonder dat hy dit self doen. In ander standaardwerke oor die pastoraat word min of geen aandag aan hierdie onderwerp

gegee nie (vgl. o.a. Crabb, 1988; Collins, 1988; Louw, 1999; Patton, 1993; MacArthur & Mack, 1994; Gerkin, 1997; McMinn, 1996; Heitink, 1999).

Eintlik is twee leemtes op die gebied van die pastoraat geïdentifiseer:

- Daar is min literatuur beskikbaar waarin die betekenis van die Vaderskap van God verder uitgewerk word.
- Daar is 'n tekort aan literatuur wat pastorale beraders begelei in die berading van aangenome kinders.

## 1.3 AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Die studie word soos volg afgebaken:

- Hierdie studie fokus primêr op die Vaderskap van God soos wat God Homself in die Bybel openbaar. Slegs Bybeltekste waarin die Vaderskap van God eksplisiet genoem word, sal aan die orde kom.
- Die studie raak nie betrokke in die debat oor die "geslag" van God nie.
- Dit is primêr 'n studie op die gebied van die pastoraat wat tot gevolg het dat 'n Bybels-praktiese teorie vir die berading van aangenome kinders as doelwit gestel word.
- Die studie fokus slegs op persone wat van geboorte aangeneem is deur ouers van dieselfde kultuuragtergrond.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag wat in die lig van die voorafgaande bespreking ondersoek word, is:

- Watter betekenis het die "Vaderskap van God" in die pastorale begeleiding van die aangenome kind?

## 1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.5.1 Doelstelling

Die doel van die studie vloei uiteraard voort uit die navorsingsprobleem en kan soos volg saamgevat word:

*Die doel van hierdie studie is om 'n model te ontwerp aan die hand van die betekenis van die "Vaderskap van God" wat gebruik kan word in die pastorale begeleiding van die aangenome kind.*

### 1.5.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

5.2.1 om vas te stel wat die Bybel sê oor die begrip "die Vaderskap van God" met spesifieke verwysing na daardie tekste waarin eksplisiet verwys word na God se Vaderskap;

5.2.2 om deur middel van 'n literatuuroorsig vas te stel watter probleme reeds by aangenome kinders geïdentifiseer is;

5.2.3 om vas te stel of die begrip "die Vaderskap van God" 'n bruikbare konsep is in die berading van aangenome kinders;

5.2.4 om deur middel van empiriese navorsing die volgende drie sake vas te stel:

- watter Godsbeeld by aangenome kinders funksioneer
- oor watter kennis die aangenome kind van God die Vader beskik
- of die aangenome kind daartoe in staat is om bogenoemde kennis sinvol in verband met sy aanneming te bring

5.2.5 om bogenoemde resultate te gebruik om 'n beradingsmodel in die berading van die aangenome kind te ontwikkel waarin die "Vaderskap van God" pertinent figureer.

## 1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die betekenis van God se Vaderskap soos wat dit in die Bybel voorkom, suksesvol in 'n beradingsmodel opgeneem kan word en toegepas kan word in die berading van aangenome kinders.

## 1.7 METODOLOGIE

### 1.7.1 'n Gereformeerde vertrekpunt

Die navorsing word gedoen uit 'n gereformeerde vertrekpunt. Dit beteken dat daar 'n sekere siening aangaande die Bybel vooraf ingeneem word, naamlik dat die Bybel die onfeilbare en gesaghebbende Woord van God is, sodat berading wat uit die Skrif gedoen word, op 'n unieke gesagsbasis rus (Adams, 1979: 17 - 18). Om dit anders te

stel: Die Bybel word beskou as die organies-geïnspireerde Skrifopenbaring van God wat groot waarde het om:

- in die waarheid te onderrig
- dwaling te bestry
- verkeerdhede reg te stel
- en 'n regte lewenswyse te kweek (De Klerk & Van Rensburg, 2005; 4 - 5; vgl. 2 Tim. 3:16).

Eksegese word gedoen aan die hand van die grammaties-historiese metode soos wat dit in die gereformeerde tradisie beoefen word (Trimp, 1986:20; Lotter, 1993:11).

### 1.7.2 Basis-, Meta- en Praktykteorie

Hierdie studie maak gebruik van die ontwerp van Zerfass (1976) waar die praktyk aan die basisteorie getoets word. In hierdie proses word instrumente uit die sosiale wetenskappe betrek (metateorie). Zerfass se ontwerp is volledig versoenbaar met 'n diakonologiese benadering (Janse Van Rensburg, 2004:52).

Die basisteorie word ontwikkel deur die bestudering van die metafoor "die Vaderskap van God." 'n Metafoor word beskou as ...

> ... twee woorde of beelde of semantiese velde ... wat op 'n onverwagse en selfs ongepaste manier gekoppel is om 'n vergelyking te vorm met semantiese implikasies ... Die woorde se betekenis bly behoue, maar die kombinasie veroorsaak 'n nuwe betekenis; hierdie "nuwe betekenis" is die boodskap van die metafoor (Malan en Janse van Rensburg, 2008:102).

Die koppeling van "God" en "Vader" word ondersoek en die betekenis daarvan word blootgelê. Langs hierdie weg word basisteoretiese riglyne daargestel.

Metateoretiese perspektiewe word ontwikkel uit 'n toepaslike literatuurstudie in veral die veld van Psigologie, Maatskaplike Werk en Sosiologie (vgl. Bets, 2003; Doyer, 2000;

Hobday *et al.;* Janus, 2001; Krueger & Hanna, 1997; Lacher *et al.,* 2005; Lourens, 2002; Nydam, 1999; Passmore, 2004).

Hierdie studie sal sowel 'n teoretiese as 'n empiriese studie wees. Inligting rakende aangenome kinders se Godsbeeld sal by wyse van empiriese navorsing bekom word. Hierdie ondersoek sal verder in die studie gereflekteer word (vgl. Hoofstuk 4). Aan die einde word 'n praktykteorie ontwerp wat die resultate van die navorsing in 'n model saamsnoer.

### 1.7.3 'n Belangrike uitgangspunt: Geloof in Jesus Christus

In sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* skrywe Calvyn (1984:117) soos volg:

> In hierdie sondeval van die mensdom ervaar niemand God nou as Vader of as oorsprong van sy saligheid of op enige ander gunstige wyse nie, totdat Christus tussenbeide tree om Hom met ons te versoen.

Hierdie uitspraak van Calvyn word as vertrekpunt vir die bepaling van 'n pastorale beradingsmodel ten opsigte van aangenome kinders gebruik. Daar is nie 'n belangriker vraag om enige Bybelse berading mee te begin as die vraag of die persoon wat vir berading kom, in God glo en Jesus Christus as sy Verlosser ken of nie ken nie (vgl. Adams, 1979:309). Powlison (2003:2; 9) merk soos volg op:

> When you include God in the picture, it changes the way you think about "problem," "diagnosis," "strategy," "solution," "helpful," "cure," "insight," and "counselor." When the lights go on, you see God and know God sees you ... Our Father enlightens the eyes of our hearts.

Die Vaderskap van God kan net in en deur Jesus Christus reg verstaan en beleef word. Om aan Jesus Christus te behoort, beteken immers dat "sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien" (Ons Glo, 1999:39). God se betrokke wees in die lewe van die mens kan nie buite Christus verstaan en geïnterpreteer word nie. Adams (1982:119) het die betekenis hiervan op die pastoraat soos volg saamgevat:

> The more you convict a person of the need to do something, and the more you build a desire in him to do it, the more you devastate him if he finds he is *unable* to do it. Undisciplined persons are *unable* to do many things until they repent and become disciplined.

Die basisteoretiese perspektiewe sal ook uitwys dat die Vaderskap van God slegs in verband met Christus reg verstaan kan word (vgl. 2.5).

### 1.7.4 Die kwessie van geslag

Ter wille van die leesbaarheid van die studie is besluit om nie telkens te verwys na hy/sy, sy/haar of homself/haarself nie. Daar is besluit om deurgaans die onslagtelike persoonlike voornaamwoord, derde persoon enkelvoud, te gebruik. Die gebruik van dié oënskynlik manlike vorm sluit dus ook die vroulike vorm in en andersom.

### 1.7.5 Aanhalings uit Engelse bronne

Die reëls vir die Suid-Afrikaanse Engels is nie toegepas op aanhalings uit die Amerikaanse literatuur nie. Die outeur se spelling is gevolglik verbatim weergegee.

### 1.7.6 Die uitdrukking "aangenome kinders"

Om verwarring te voorkom word die uitdrukking "aangenome kind" en die meervoud "aangenome kinders" deurgaans gebruik ten opsigte van alle aangenome persone. Hierdie keuse word gemaak aangesien daar in die algemeen eerder gepraat word van "aangenome kinders" as van "aangenome persone."

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukindeling sien soos volg daaruit:

1. Verantwoording: Die Vaderskap van God by die aangenome kind.
2. Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die Vaderskap van God.
3. Metateoretiese perspektiewe met betrekking tot spesifieke kwessies by aangenome kinders.

4. Metateoretiese perspektiewe: 'n Empiriese studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van die aangenome kind met betrekking tot sy Godsbeeld.
5. 'n Verkennende ondersoek na enkele modelle met die oog op die ontwikkeling van 'n eie model in die pastorale begeleiding van die aangenome kind.
6. Praktykteoretiese perspektiewe vir die pastorale begeleiding van die aangenome kind.
7. Samevattende gevolgtrekkings: Die betekenis van die Vaderskap van God in die pastorale begeleiding van die aangenome kind.

# HOOFSTUK 2
# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE VADERSKAP VAN GOD

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die Vaderskap van God. Venter (1996:25) beskryf hoe 'n probleem in die bedieningspraktyk opgelos kan word. 'n Deel van die oplossing is die ontwerp van 'n basisteorie vanuit die Skrifopenbaring. 'n Basisteorie word gevolglik gevorm uit die teologiese "tradisie" (De Klerk & Dreyer, 2007:211). Die Bybelse gegewens word op die volgende wyse aan die orde gestel:

Wat die Ou Testament betref, word begin met 'n oorsigtelike verkenning van die onderwerp deur 'n toepaslike literatuurstudie. Alhoewel die moeder-metafoor ook ten opsigte van God in die Ou Testament gebruik word, fokus hierdie studie alleen op die vader-metafoor. Die ouer-metafoor ten opsigte van God in die Ou Testament (God as Vader én Moeder) sal ook 'n interessante onderwerp van studie uitmaak, maar ook dit val buite die bestek van hierdie studie.

Na die oorsig, volg 'n eksegetiese verkenning van dié tekste wat direk na die Vaderskap van God verwys. Die 1983 Afrikaanse Vertaling word as dinamies-ekwivalente vertaling gebruik (vgl. De Klerk & Van Rensburg, 2005:49). Waar nodig word ook van ander vertalings gebruik gemaak.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die betekenis van die vader-metafoor vas te stel aan die hand van die grammaties-historiese benadering, asook deur middel van 'n toepaslike literatuurstudie. Die fokus val deurentyd op bepaalde teksverse waarin die vader-metafoor eksplisiet voorkom. Wat die eksegese betref, word gebruik gemaak van De Klerk en Van Rensburg (2005) se metode soos uiteengesit in hulle boek, *Preekgeboorte*. Die metode word egter nie slaafs nagevolg nie en al die stappe kom ook nie aan die

orde nie. Slegs die stappe wat meehelp om die verstaan van die vader-metafoor in die bepaalde teksverse te verhelder, word breedvoerig aangewend. Daarom word daar klem gelê op die plek van die bepaalde vers in die boek en in die Bybel, die gedagte-opbou van die perikoop waarin die vers voorkom, die sosiohistoriese konteks, woordstudie ten opsigte van veral אב en Αββα en die raadpleging van eksegetiese bronne en kommentare. Waar van die ander stappe gebruik gemaak word, word dit duidelik aangedui. Ook alle bronne word duidelik aangedui. Vir die bepaling van die betekenis van אב in die verskillende kontekste is gebruik gemaak van die *New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis* wat uitgegee is onder redaksie van VanGemeren (1997). Aan die einde van elke teksgedeelte word ter wille van helderheid 'n kort samevatting gemaak. Die Ou Testamentiese afdeling sluit af met 'n breedvoerige gevolgtrekking.

Die gegewens van die Nuwe Testament word op dieselfde wyse gehanteer. Vir die betekenis van die woord Αββα word gebruik gemaak van Louw en Nida se *Greek-English Lexicon of the New Testament* (1989).

## 2.2 MOTIVERING

Vanuit sy eie pastorale ervaring is Pond (1996:11) daarvan oortuig dat die Vaderskap van God 'n "forgotten doctrine" is. Die gevolg is 'n "lamentable loss of peace and joy" (Pond, 1996:11). In Hoofstuk 1 is reeds aangedui dat 'n literatuurstudie Pond se aanname bevestig. In die huidige, asook die volgende hoofstukke, wil hierdie studie 'n beskeie bydrae lewer om vanuit die vader-metafoor 'n pastorale model te ontwikkel waarin die Vaderskap van God pertinent funksioneer en wys dat dit veral van toepassing gemaak kan word op aangenome kinders.

Ten opsigte van "metafoor" word die volgende definisie gebruik:

> Beeldspraak - om van iets te praat asof dit iets anders is - 'n beknopte vergelyking wat die ooreenkoms (meestal figuurlik) tussen die twee sake suggereer. Byvoorbeeld: In die uitdrukking *Die Here is my herder* word God se sorg vir gelowiges met dié van 'n skaapwagter vir sy skape vergelyk (Vosloo & Van Rensburg, 1999:1872).

Die bedoeling van die huidige hoofstuk is om aan die hand van sekere tekste vas te stel watter eienskappe van God deur middel van die vader-metafoor oorgedra word. Soos aangedui sal word, kom hierdie metafoor in sowel die Ou as Nuwe Testamente voor.

## 2.3 GOD AS VADER IN DIE OU TESTAMENT

### 2.3.1 'n Oorsig

Verwysings na God as "Vader" tree in die Ou Testament sterk op die agtergrond (Hamerton-Kelly, 1979: 20; Anthonissen & Louw, 1994:407; Stein, 1996:247), alhoewel sommige eiename soos אביאל en אליאב volgens Petersen (1995:196) die rol van God as Vader reflekteer. Jeremias (1966:16; vgl. ook Peterson, 2001:14) wys daarop dat die naam "Vader" 15 keer in die Ou Testament voorkom, terwyl Hamerton-Kelly (1979:20) slegs 11 teksgedeeltes toon waar na God as "Vader" verwys word. Hoe dit ook al sy, die begrip "Vader" word minder as twintig keer in die Ou Testament in direkte verband met God gebring (Anthonissen & Louw, 1994:407). Die rede moet waarskynlik gesoek word in die feit dat konings van heidenvolke dikwels hulle gode as fisieke vaders beskou het (vgl. Westermann, 1969:393; Van Zyl, 1993:710; Smail, 2001:34) en dat enige konnotasie hiermee vermy wou word.

By die meeste volke en godsdienste kom die idee van die vaderskap van God op die een of ander manier na vore en dan wel op so 'n wyse dat gedink word aan 'n afstammings- en verwantskapsverhouding tot die godheid (Marchel, 1946:9; Kraus, 1978:153; Weiser, 1991:113; Van Genderen & Velema, 1992:140; Tasker, 2004:66-67). Marchel (1946:9) noem hierdie verskynsel 'n "oerfenomeen" wat by die volkere in die tyd van die Ou Testament voorgekom het. Van Genderen en Velema (1992:140), asook Jeremias (1966:16), is dit eens dat die agtergrond vir die gebruik van die naam "Vader" in die Ou Testament nie gesoek moet word in die voorstelling van die godheid as vader van mense en gode nie. Daar bestaan nie "'n natuurlijke saamhorigheid van God en zijn volk of van God en de koning" nie, want "God is de Vader van zijn volk Israël" omdat Hy "in soevereine vrijheid Israël gekozen (heeft) om zijn volk te zijn" (Van Genderen & Velema, 1992:140. Vergelyk ook Verhoef, 1972:169). Jeremias (1966:16) merk soos volg op: "Schon das ist bedeutsam, dass Gott im Alten Testament als Schöpfer und Vater nicht der Ahnherr oder Erzeuger ist". Waar in byvoorbeeld Psalm 2:7 verwys word na die koning wat deur die Here gegenereer is, is Jeremias (1966:16; vgl. ook Prinsloo,

1988:42; Weiser, 1991:113) van mening dat nie gedink moet word aan 'n natuurlike verwantskap nie, maar aan "den Akt der Adoption".

Die eksegetiese verkenning sal bevestig dat die verhouding tussen God en Israel totaal anders was as die geval by die ander volkere van die tyd. Die verhouding tussen Israel en hulle Vader word in die Ou Testament immers as 'n unieke verhouding voorgehou. Dit verskil wesenlik van die heidennasies se voorstelling van die verhouding wat daar tussen hulle en hulle gode bestaan. Israel is op grond van aanneming kinders van God. Hierdie aanneming het geskied uit die vrye welbehae van God en nie op grond van enige goeie kwaliteite wat by Israel teenwoordig was nie.

Die betekenis van die Vaderskap van God word onder andere bepaal deur die feit dat Hy ook die Verbondsgod is. Hy is die Vader wat Homself uit genade aan sy kinders verbind. Dit hou in dat Hy aan sy volk sekere beloftes maak, maar ook dat Hy van hulle gehoorsaamheid eis. So kom Anthonissen en Louw (1994:408) tot die gevolgtrekking dat "die Ou Testament God as Vader aan ons voorstel as die Een wat 'n verbond met die wêreld aangaan." Hulle wys daarop dat ander wetenskaplikes, soos Ricoer en Fensham, van mening is dat die "Vader"-simbool 'n integrale deel van die verbond uitmaak. Die Vaderskap van God en die verbond word in die Ou Testament aan mekaar verbind. "Hierdie verbond manifesteer hom daarin dat God 'n tweeledige roeping het: dat Hy 'n Skepping (sic!) in aansyn roep, asook 'n spesiale menslike gemeenskap" aan wie Hy "die belofte deurgee dat Hy in 'n geskiedenis" met hulle op weg is. Dit hou in dat Hy teenoor die spesiale gemeenskap 'n Vader is "wat ten spyte van hulle ondankbaarheid met vergifnis handel en hulle steeds tot verantwoordelikheid oproep" (Anthonissen en Louw, 1994:408). Ook hierdie gedagtes sal uit die eksegese duidelik word.

By wyse van samevatting kan opgemerk word dat breedweg twee gedagtes die geleerdes se aandag besig hou wanneer dit by die Vaderskap van God in die Ou Testament kom. In die eerste plek is daar eenstemmigheid dat, wanneer die verhouding tussen die heidennasies en hulle gode vergelyk word, God op 'n ander manier Israel se "Vader" is. Die "Akt der Adoption" speel 'n belangrike rol in Israel se verhouding tot hulle Vader. In die tweede plek word ook uitgewys dat die Vaderskap van God aan die verbond verbind word en selfs 'n integrale deel van die verbond uitmaak. Hierdie

waarneming bevestig op sy beurt weer die unieke aard van die verhouding tussen God en Israel.

### 2.3.2 Eksegetiese verkenning van tekste wat direk na die Vaderskap van God verwys

Die gedagte van die Vaderskap van God dateer uit die tyd toe Israel nog in Egipte was (Verhoef, 1972:104). Hamerton-Kelly (1979:46) wys egter daarop dat die tekste waar daar op 'n direkte manier na God as "Vader" verwys word, almal uit die tyd van die profete dateer. Met verwysing na Deut. 32:6 maak Marchel (1964:12) die opmerking dat, alhoewel die gedagte van Jahwe as Vader van sy volk oud is, die eksplisiete aanduiding van Jahwe as Vader vir die eerste keer in die deuteronomistiese tyd (700 v.C.) opduik. Die woord "Vader" simboliseer "in the full sense of the term, the saving element in history; it recalls the past as the experience of God, in summons, promise, deliverance, and gift" (Hamerton-Kelly, 1979:46). Die profete het in hulle verwysing na God as "Vader" gepoog om die goeie wat God gedoen het en voortgaan om te doen, op te som. Dit het gebeur met 'n rede. In die eerste plek wou hulle 'n kontras skep tussen God se trou en sorg en die volk se ondankbaarheid. In die tweede plek wou hulle 'n basis skep op grond waarvan Israel om vergifnis kon smeek. "God their Father had saved them from bondage and given them land; how ashamed they must be to turn against a so generous God!" (Hamerton-Kelly, 1979:45; 50 - 51). Hierdie twee gedagtes sal in die bespreking van die verskillende tekste telkens weer na vore kom en 'n aanduiding gee van hulle belangrikheid ten opsigte van die onderwerp ter bespreking.

Die tekste wat vir die doel van hierdie navorsing geïdentifiseer is, is die volgende:
Deut. 32:6; 2 Sam. 7:14; 1 Kron. 17:13; 1 Kron. 22:10; 1 Kron. 28:6; Ps. 68:6; Ps. 89:27; Jes. 63:16; Jes. 64:8; Jer. 3:4; Jer. 3:19; Jer. 31:9; Mal. 1:6 en Mal. 2:10 (Jeremias, 1966:16; vgl. ook Hamerton-Kelly, 1979:20). In hierdie tekste word direk na die Vaderskap van God verwys.

#### 2.3.2.1 Deuteronomium 32:6

Deuteronomium beklee 'n skarnierposisie tussen die eerste vier boeke van die Ou Testament en die boeke wat daarop volg. "Dit vorm die skarnier wat die geskiedenis van God se volk tot voor die intog in die beloofde land en hulle geskiedenis van die intog tot die Babiloniese ballingskap verbind" (Van Rooy, 1999:191). Deut. 32:6 lê ingebed in

die Pentateugslot (Deut. 31 - 34; vgl. Bosman, 1987:47) en word direk verbind aan die sogenaamde lied van Moses (Deut. 31:30 - 32:44; vgl. Van Rooy, 1999:228). Hierdie lied is in digvorm geskryf en moontlik een van die oudste gedeeltes in die Bybel (Van Rooy, 1999:229). Opmerklik is dat die vader-metafoor in sommige van die vroegste Ou Testamentiese literatuur in verband met God gebring word.

Wat die bepaling van die gedagte-opbou van die lied betref, is die insigte van Claassens verhelderend (2005). Sy wys hoe in die bestek van sewe-en-veertig verse verskeie metafore gebruik word om God te beskrywe en maak daaruit die afleiding dat "no one image could capture or exhaust the meaning of God" (Claassens, 2005:35. Vergelyk Sproul, 2006:41-45 vir 'n bespreking oor die onbegryplikheid van God). Dit beteken dat die vader-metafoor in verband met die ander metafore verstaan moet word. Die verskillende metafore word ten nouste aan mekaar verbind ter wille van "rhetorical effect" en het ten doel om die samevattende stelling in vers 39 te beskryf en te verduidelik, naamlik: "Ek maak dood en Ek gee lewe" (Claassens, 2005:35).

Claassens (2005:40) deel die lied op in twee dele. In verse 4 - 18 word 'n reeks metafore gebruik om klem te lê op God wat lewe gee. In die tweede helfte van die lied word die metafore omgekeer om uit te wys dat die Rots ook dreig en oordeel. Sy haal Dennis Olsen aan wat die eerste deel van die lied beskryf as 'n "pastoral introduction of soothing images" (2005:40) en vat die bedoeling van die verskillende metafore in hierdie verse soos volg saam: "These metaphors form a rich tapestry in which the faithful God is contrasted with the faithless people (2005: 36. Vergelyk ook Harrison & Manley, 1988:227). Die metafore wat vir God in hierdie verse gebruik word, wys Claassens uit as rots, ouer, arend en voorsiener. Sy toon dan dat die rots-metafoor (wat vyf keer in hierdie lied ten opsigte van God gebruik word) dui op die standvastigheid, krag, beskerming (Claassens sê dat God 'n "toevlugsoord" is) en stabiliteit wat by God te vinde is. Die metafore van ouer, arend en voorsiener dui onderskeidelik op skepping, beskerming en onderhouding (2005: 36 - 37). "These metaphors work together to give expression to God the rock's faithfulness towards Israel" (2005:37). Al drie die genoemde metafore word gebruik om te bevestig dat God lewe gee.

Binne hierdie konteks moet die vader-metafoor in vers 6 verstaan word. Dit maak deel uit van die eerste deel van die lied waar die klem op God se skepping, beskerming en

onderhouding val. In vers 6 word God as die lewegewende Vader (אב) voorgestel. Die uitdrukking "lewe gee" (קנה) dui op die skepping van Israel as volk. Claassen vind in vers 18 'n "gender-matched parallelism" (2005:37) wat die klem nog sterker lê op God wat lewe gee. God se trou teenoor Israel begin reeds by die geboorte van die nasie. Die metafoor van ouerskap, waarvan die vader-metafoor in vers 6 deel uitmaak, beklemtoon hierdie gedagte ten sterkste.

Wat die sosiohistoriese konteks betref, wys Van Rooy (1999:192) daarop dat die boek Deuteronomium 'n aantal toesprake van Moses bevat waardeur die volk onder andere voorberei word om sonder hom die beloofde land in te trek. In die tyd van koning Josia het die boek 'n belangrike rol gespeel (Van Rooy, 1999:193). Josia het in die sewende eeu voor Christus oor Israel geregeer, voor die inname van Jerusalem deur Nebukadneser. In 'n tyd van godsdienstige agteruitgang het die boek Deuteronomium deel uitgemaak van 'n program van hervorming. In die tyd van die ballingskap het Deuteronomium 'n tweërlei funksie gehad: aan die een kant het dit die lesers herinner waarom hulle hulleself in ballingskap bevind en aan die ander kant het dit die lesers aan God se verbond herinner (Van Rooy, 1999:193. Vergelyk ook Burden, 1993a:241).

Ten opsigte van woordstudie is die bepaling van die betekenis van אב belangrik. In die Ou Testament word hierdie woord gebruik in "a variety of social roles that carries authority or exercised a protective or caring function ... It was natural ... for such fatherly metaphors to be used in relation to God's authority, discipline, care, and provision" (Wright, 1997:221). Die vader-metafoor word in Deuteronomium gebruik ten opsigte van die verwagting dat God 'n Vader *vir die Israeliete is*. "He is to be viewed as trustworthy, to be respected and obeyed" (Wright, 1997:222). Hierdie betekenis kom veral voor in tekste waar God dit teen Israel het dat hulle sy vaderlike sorg ignoreer of deur hulle ongehoorsaamheid vertrap. Hierdie twee dimensies herinner sterk aan die verbond met sy dubbele gerigtheid op verhouding en verantwoordelikheid. "It has been argued, indeed, that, for Deuteronomy at least, father-son relationship and covenant relationship were synonymous" (Wright, 1997:222). Wright (1997:22) wys (met verwysing na Eks. 4:22) ook daarop dat die kindskap van Israel voor die sluiting van die verbond vasgestel is. Dit het tot gevolg dat die vader-seunverhouding tussen God en Israel in sigself 'n element van permanentheid bevat "... which injected hope into a otherwise hopeless situation" (Wright, 1997:222). Uiteindelik sal die Vader nie sy seun heeltemal onterf nie.

Die verskillende eksegetiese bronne lê almal klem op die verband tussen die Vaderskap van God en die *verbond*. Die verbond is 'n "overarching theme" in Deuteronomium (Merrill, 1992:175). So sien byvoorbeeld Calvyn (2005**a**:342; en vgl. ook Harrison & Manley, 1988:227; Henry, 1991:673; Kloppers, 1993:268) in die vader-metafoor van Deut. 32:6 'n herinnering aan die verbond en wys daarop dat dit hier nie om die algemene skepping gaan nie, maar om die voorreg van aanneming waardeur Israel God se nuwe werk word. God is Vader primêr omdat Hy Skepper is (Hamerton-Kelly, 1979: 47). As Skepper is God ook die Here wat aanspraak maak op eerbetoon wat deur gehoorsaamheid bewys word (Jeremias, 1966:16). Die sonde van die volk het onder andere daarin gelê dat hulle geweier het om te erken dat 'n verhouding met God verpligtinge meebring, asook in die weiering om die dade van God in die verlede te erken (Wright, 1998:299). Payne (1985:177) merk op dat die verwysing na God as "Vader" die Israeliete moes herinner aan die "close and loving" verhouding wat daar tussen hulle en God behoort te bestaan. Israel het egter deur sy ongehoorsaamheid hierdie verhouding, wat 'n verbondsverhouding was, verbeur. "The covenant was not an artificial bond which linked two unrelated parties ... it was the outworking of an existing relationship ..." (Payne, 1985:177). Op hierdie manier bring ook Payne die verwysing na die Vaderskap van God in vers 6 in verband met die verbond. Van Rooy (1999:191) wys op sy beurt daarop dat die boek Deuteronomium ooreenkomste toon met onder andere die boek Jeremia waarin die verbond ook 'n belangrike rol speel en waar dieselfde siening van die verbond voorkom. Hierdie opmerking is belangrik as in ag geneem word dat drie van die tekste waarin die vader-metafoor eksplisiet voorkom in die boek Jeremia aangetref word. By Deut. 32:6 verwys die Verwysingsbybel ook na al drie die bogenoemde Jeremia-tekste (Bybel, 1998**b**:240).

Samevattend kan die volgende opgemerk word:

- Dit is belangrik om aan die begin van die studie op te merk dat die vader-metafoor nie die enigste metafoor is wat gebruik word om God mee te beskryf nie. Dit beskryf slegs sekere eienskappe van God en toon op 'n besondere manier hoe die verhouding tussen God en sy volk van die vroegste tye af onder woorde gebring is. Die vader-metafoor sê dus nie alles wat daar van God gesê kan word nie.

- God openbaar Homself as Israel se *Vader.* Dat Hy dit reeds vroeg in Israel se geskiedenis doen, is nie sonder rede nie. Daarmee identifiseer Hy Hom as Israel se Skepper wat Israel sonder verdienste as sy kind aangeneem het. Die feit dat God die Skepper (Vader) van Israel is, wys ook daarop dat Israel se kindskap vasgelê is nog voor die sluiting van die verbond en daarom bevat die verhouding Vader-kind 'n element van *permanentheid* wat troos en bemoediging in onseker tye bring.
- Nou verbind aan die Skepper-Vadergedagte, is die verbondsverhouding. Die Vaderskap van God vorm 'n integrale deel van die verbondsgedagte. Hierdie verhouding word gebruik ter wille van kontras. Aan die een kant beskryf dit God se standvastigheid, krag, beskerming en stabiliteit. Aan die ander kant beklemtoon dit Israel se ontrouheid. Hierdie verhouding is veronderstel om 'n lewende verhouding te wees, bedoelende 'n verhouding waar nie net God sy kant van die verhouding nakom nie, maar Israel met gehoorsaamheid reageer op God se trou en liefde. Dit is 'n intieme verhouding wat net deur Israel se ongehoorsaamheid bedreig kan word.

**2.3.2.2 2 Samuel 7:14, 1 Kronieke 17:13, 22:10 en 28:6**

Hierdie teksverse word onder een hofie bespreek, aangesien hulle inhoudelik min of meer met mekaar ooreenstem. In die eksegese sal die Samuelteks egter afsonderlik bespreek word, aangesien die tekste uit Kronieke uit dieselfde Bybelboek kom en eksegetiese stappe noodwendig oorvleuel. Dan moet ook in gedagte gehou word dat 1 Samuel deel uitmaak van die Deuteronomistiese Geskiedenis terwyl 1 Kronieke aan die Kronistiese Geskiedswerk gekoppel word .

**2.3.2.2.1 2 Samuel 7:14**

Soos reeds genoem, vorm 2 Samuel deel van die Deuteronomistiese Geskiedenis waarin Israel se geskiedenis oorvertel word in die lig van die ballingskap (Bosman, 1987:54). Baldwin (1988:17 - 18) beklemtoon dat daar van vroeg af die neiging bestaan het om die Samuelboeke, wat aanvanklik net een boek in die Hebreeuse Bybel was (Bezuidenhout, 1999:300; Baldwin, 1988:17 - 18), in noue verband met die twee boeke van Konings te bring. Daardeur is die kontinuïteit tussen die vier verskillende boeke beklemtoon. Die kontinuïteit tussen hierdie boeke bestaan volgens Davis (2001:9) egter nie in die geskiedenis van opeenvolgende konings nie, maar in "a covenant God who

makes covenant promises to a covenant king through whom He will preserve His covenant people." Met hierdie opmerking kom Davis los van die gevaar om 2 Samuel bloot as 'n weergawe van Dawid se geskiedenis te lees en wys hy op die belangrikheid wat die verbond in hierdie boeke speel. Wat die nouere konteks betref, maak 2 Sam. 7:14 deel uit van die Natan-profesie in 2 Sam. 7:1 - 17 (Payne, 1988:305; en vgl. ook Davis, 2001:69) en vorm deel van losstaande oorlewerings wat 'n oorgang vorm tussen die gehoorsame Dawid se koningskap aan die een kant en die gevolg van sy ongehoorsaamheid aan die ander kant (Bosman, 1987:54).

Die gedagte-opbou van die teks draai om die behoefte van Dawid om vir die Here 'n huis te bou en God se weiering om hieraan gehoor te gee. In vers 1 - 3 gee Dawid die rede waarom hy vir God 'n huis wil bou. Hyself woon immers in 'n huis en die ark staan steeds maar net in 'n tent. Selfs die profeet Natan meen dat Dawid se begeerte by die Here byval sal vind. In die volgende gedeelte, vers 4 - 11, neem die verhaal 'n onverwagse wending. God weier dat Dawid vir Hom 'n huis sal bou. Die argument draai om die feit dat dit nie Dawid is wat vir God 'n huis sal bou nie, maar God wat reeds vir Dawid 'n huis gebou het. En dan, in die laaste verse (12 - 17) word bekend gemaak wie wel vir die Here 'n huis sal bou. Salomo, Dawid se seun, sal die tempel bou. Die verhouding tussen God en Salomo sal wees soos dié van 'n vader en 'n seun. Dit het tot gevolg dat Salomo in tye van ontrouheid gestraf sal word, maar dat God nooit sy trou aan Salomo sal onttrek nie. Langs hierdie weg sal die koningskap van Dawid vir altyd vas staan. Waar Dawid met ander woorde vir God 'n huis wil bou, word die bordjies verhang en verseker God Dawid van die voortbestaan van sy koningskap. Die vader-metafoor word ingespan om die besondere verhouding tussen God en die koning te beskryf en veral klem te lê op God se trou. Uit die teks word dit duidelik dat God as Vader ontrouheid straf, maar nooit sy eie trou onttrek nie.

Wat die sosiohistoriese konteks betref, wys Bezuidenhout (1999:301 - 302) daarop dat die stamme van Israel tussen 1010 tot 970 v.C. onder groot druk verkeer het omdat hulle in stryd met ander groepe was en moontlik meegeding het ten opsigte van beskikbare hulpbronne. Aan die westekant was die Filistyne besig om hulle mag uit te brei. Oos van die Jordaan was Israel in 'n stryd gewikkel met groepe soos die Ammoniete en Moabiete. Dit was in hierdie tyd dat die volk gevra het na 'n koning, 'n menslike regeerder. Saul het as eerste koning nie daarin geslaag om stabiliteit in Israel te vestig

nie. Dit sou eers Dawid wees wat Israel opbou tot een van die belangrikste moondhede in daardie gebied. Na Dawid se tyd het Israel egter weer verval tot 'n minder belangrike staat.

Wright (1998:222) wys daarop dat die woordjie אב in 2 Sam. 7:14 die houding en aksie van Jahwe as Vader teenoor Israel uitdruk. Meer bepaald handel dit oor Jahwe se besorgdheid, liefde, medelye en geduld aan die een kant en sy dissipline en berisping aan die ander kant. In die verhouding tussen God en die koning as verteenwoordiger van die volk speel hierdie betekenisse 'n dominante rol.

Die verhouding tussen God en Israel kry ook volledig aandag in die eksegetiese bronne. In al vier die teksgedeeltes is daar sprake van 'n *aannemingsformule* (vgl. o.a. Gordon, 1993:76; Japhet, 1993:334; Scheepers, 1996:58 - 59). Verskillende eksegete werk dit verder uit. So wys byvoorbeeld Gutbrod (1973:109; en vgl. ook Goslinga, 1962:143) daarop dat daar tussen die koning en God geen "blutmässige Verbindung" bestaan nie. Die naam "Vader" dui op 'n intieme verhouding wat tussen die koning en God bestaan, asook op die besondere guns wat God aan die koning bewys (Goslinga, 1962:143). In lyn hiermee is Van Rooy (1993:390) van mening dat die Samuelteks dit het oor 'n baie nou verhouding tussen God en Dawid se nageslag. Die belofte van vaderskap dui op die voortbestaan van die koningshuis van Dawid, asook op straf wat op ontrouheid sal volg (vgl. Van Rooy, 1993:390). Die woorde "As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty", is 'n versekering dat God se standvastige liefde nie van Dawid se nageslag weggeneem sal word soos wat dit van Saul weggeneem is nie (Japhet, 1993:334). Hamerton-Kelly (1979:48 - 49) wy 'n breedvoerige bespreking aan 2 Sam. 7:14. Hy is van mening dat al die sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament teruggryp na 2 Sam. 7:14 en die ooreenstemmende gedeeltes in 2 Kronieke. Alhoewel die inhoud van veral 2 Sam. 7:14 gemaklik deurgetrek kan word na die Nuwe Testament, is hy van mening dat dit in die eerste plek verwys na die vader-seunverhouding tussen God en die koning. God is die Vader van die koning en sal die koning straf indien hy verkeerd handel. Hier is nie sprake van 'n mitologiese voorstelling van die vader-seunverhouding nie. God is deur aanneming die koning se Vader. Dit hou in dat die koning die verteenwoordiger van die mense by God is, met die gevolg dat goddelike seën individue te beurt val op grond van die feit dat hulle burgers van die (aardse) koninkryk is. Dieselfde geld ook vir straf en vergifnis. Wanneer straf (of

vergifnis) na hulle kant kom, is dit omdat God hulle Vader is. Hy meen dat hierdie vers herinner aan Spr. 13:24: "Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging."

By wyse van samevatting word die volgende opmerkings gemaak:

- Die verbondsgedagte figureer sterk in hierdie gedeelte. Dit beteken dat God se Vaderskap teen die agtergrond van die verbond verstaan moet word. Hy is die Vader wat sy verbond met die mens in stand hou. Dit doen Hy deur sy ongehoorsame kinders te straf met die doel om hulle weer na Hom terug te bring. Langs hierdie weg openbaar Hy sy standvastige liefde. In tye van onsekerheid en ontwrigting verseker God as Vader die gelowige dat Hy as Verbondsgod sy verbondskinders sal bewaar. Dit doen Hy omdat Hy vir hulle 'n Vader is. As Vader staan sy besorgdheid, liefde, medelye en geduld aan die een kant en sy dissipline en berisping aan die ander kant op die voorgrond. Die gedagte van 'n intieme verhouding kom weer ter sprake.
- Ook die aannemingsgedagte word in hierdie gedeelte op die voorgrond geplaas. Die koning is God se aangenome seun. Hy is uit genade aangeneem. Soos die gedagte-opbou dit uitgewys het, lê die klem hier op wat God gedoen het; die Here het immers eerste vir Dawid 'n huis gebou! Om deur God aangeneem te word, is deur en deur genade.

**2.3.2.2.2 1 Kronieke 17:13, 22:10 en 28:6**

Hierdie drie tekste word saam behandel om herhaling te voorkom, aangesien hulle ten opsigte van inhoud met mekaar verband hou.

1 Kronieke vorm saam met 2 Kronieke, Esra en Nehemia die sogenaamde Kronistiese geskiedswerk wat 'n weergawe is van die geskiedenis van Adam tot en met die tyd van die Kronis (Van Dyk, 1987:75 - 77). In die eerste Kroniekeboek word die geskiedenis van Adam tot Dawid weergegee. Die geskiedenis van Dawid wat in 1 Kron.10 - 29 opgeteken is, vorm die kern van die Kronis se verhaal (Van Dyk, 1987:77). Die drie tekste onder bespreking kom in hierdie gedeelte voor.

Hoofstuk 17:1 - 15 is byna 'n woordelikse weergawe van 2 Sam. 7:1 - 17. Die rede hiervoor lê in die sterk aansluiting van die Kronis by 2 Samuel 7:1 - 24:25 (Le Roux,

1999:440). 1 Kron. 17:13 lê min of meer in die middel van die gedeelte wat oor die geskiedenis van Dawid handel, naamlik 1 Kron. 10 - 29 en is, soos by die ooreenstemmende teks in 2 Sam. 7, deel van die Natan-profesie (1 Kron. 17:1 - 15).

1 Kron. 22:10 maak deel uit van hoofstuk 22 - 29 wat handel oor die stappe wat Dawid voor sy dood geneem het om die voortbestaan van sy ryk te verseker (Japhet; 1993:392; en vgl. ook Jarick, 2002: 140). Dit lê ingebed in 'n perikoop wat by 1 Kron. 22:2 begin en eindig by 1 Kron. 22:19 (vgl. Selman; 2002:210; Le Roux; 1999:461; Japhet;1993:393). Die onmiddellike konteks van hierdie vers verskil van dié van 1 Kron. 17:13. Waar laasgenoemde dit het oor God se openbaring aan Dawid, het die konteks waarbinne 1 Kron. 22:10 voorkom, dit oor die voorbereidings wat Dawid tref sodat sy seun Salomo die Here se huis kan bou. 1 Kron. 22 is met ander woorde die afloop van 1 Kron. 17.

Volgens 1 Kron. 28 is die tyd vir Dawid ryp om sy koningskap in die openbaar aan Salomo oor te dra. Vers 6 maak deel uit van 1 Kron. 28: 2 - 10 waar Dawid die volk en daarna vir Salomo aanspreek tydens die finale voorbereidings vir die bou van die tempel (Selman; 2002:248-249; Japhet; 1993:482).

Die gedagte-opbou van 1 Kron. 17:1 - 15 verloop min of meer dieselfde as dié van 2 Sam. 7:1 - 17. Nadat Dawid bewus geword het van die huis waarin hyself woon, spreek hy die begeerte uit om vir die verbondsark van die Here 'n huis te bou. Weereens vind Natan dit 'n goeie plan. Dieselfde en onverwagse wending vind in die verhaal plaas. Die Here wys Dawid daarop dat Hy reeds vir Dawid 'n huis gebou het en dat Dawid nie die een sal wees wat vir Hom 'n huis sal bou nie. Dit sal Dawid se seun wees wat vir God 'n huis sal bou. Die Here maak die belofte om 'n Vader te wees vir die seun van Dawid en dan tree 'n wesenlike verandering ten opsigte van die Samuelteks in. Die Kronis maak nie melding van die straf wat saam met ontrouheid gaan nie. Dit is meteens duidelik dat die trou van die Here teenoor Dawid (Hy sal vir Dawid 'n koningshuis vestig) en teenoor sy seun ( Hy sal vir hom 'n Vader wees) in hierdie gedeelte deur die Kronis op die voorgrond gestel word.

Die gedagte-opbou van 1 Kron. 22:2 - 19 verloop min of meer soos volg: Vers 2 - 4 vertel hoe Dawid mense organiseer vir die bou van die tempel. In vers 5 gee Dawid die rede waarom hy namens Salomo die reëlings tref: "My seun Salomo is nog jonk en sag

(onervare – Bybel, 2004b) en die huis wat vir die Here gebou gaan word, moet indrukwekkend groots wees, 'n roem en 'n sieraad vir alle lande." Dan wend Dawid hom tot Salomo. Hy verduidelik hoe dit gekom het dat die Here Salomo gekies het om die tempel te bou. Aan Dawid se hande kleef te veel bloed. Salomo sal 'n man van vrede wees. Dit is in hierdie mikrokonteks waar die tema van rus, vrede en kalmte na vore kom dat Salomo hoor dat God vir hom 'n Vader sal wees. Dit moes vir Salomo, wat nog as te sag en onervare beskou is om vir die Here 'n tempel te bou, 'n vertroostende wete gewees het! Hierna spreek Dawid 'n aantal seënwense en vermaninge oor Salomo uit en wys hom op die reëlings wat hy solank getref het vir die bou van die tempel. Die perikoop eindig waar Dawid die gesaghebbers van Israel beveel om met Salomo saam te werk.

Die gedagte-opbou van 1 Kron. 28:2 - 10 begin met Dawid se toespraak voor die vername manne van Israel. Aan hulle word ook nou verduidelik hoekom Dawid nie die Here se huis sal bou nie, selfs al het hy reeds voorbereidings vir die bou van die tempel getref. Om die keuse van Salomo as sy opvolger te verdedig, gryp Dawid terug na sy eie geskiedenis. God het hom as koning gekies. Hy is bo sy hele familie uitgekies. Maar daar was 'n Goddelike volgorde: Eers is die stam Juda uitgekies. Uit die Judastam is Dawid se familie gekies en uit al sy vader se seuns het God hom as koning gekies om sy lewe lank koning te wees. Net so het die Here uit al die seuns wat Hy aan Dawid gegee het vir Salomo as koning uitverkies. Die uitwysing van Salomo as koning is met ander woorde in lyn met die manier waarop sy pa, Dawid, koning geword het. Salomo se koningskap is van God en moet dienooreenkomstig aanvaar en gerespekteer word. Om die Goddelike oorsprong by sy hoorders in te skerp, wys Dawid daarop dat God ook vir Salomo 'n Vader sal wees. Die spesiale verhouding tussen God en die koning van Israel word hierdeur op die voorgrond gestel. Hierna roep Dawid sowel die volk as Salomo op om die Here te dien en sy gebooie te gehoorsaam. In vers 10 word dit duidelik dat Dawid deur sy uitgebreide verduideliking oor hoe 'n koning in Israel aangewys word, nie net die vername manne wou oortuig van Salomo se Goddelike verkiesing nie; ook Sálomo moes dit duidelik verstaan.

Die bepaling van die sosiohistoriese konteks is moeilik (vgl. Selman, 2002:69 - 71; Le Roux, 1999:439; Japhet, 1993:23 - 28; Van Dyk, 1987:87 - 90). Le Roux (1999:439) vermoed dat die boek tydens die regering van Aleksander die Grote en die onmiddellike

jare daarna ontstaan het. Dit beteken dat die onmiddellike konteks dié van vergrieksing of hellenisering was. Die kulturele oorheersing van die Judese samelewing deur hellenisering het tot gevolg gehad dat die Jode onseker was oor hulle identiteit (Le Roux, 1999:439). Die bedoeling van die Kronis is om die vloedgolf van hellenisering te stuit (Le Roux, 1999:440).

Wat die woordstudie van אב betref, kan gelet word op 2.3.2.2.1 hierbo. 'n Paar ander woorde verdien egter ook aandag, naamlik die woorde *rus*, *vrede* en *kalmte* in 1 Kron. 22:9.

- *Rus* kom van die Hebreeuse woord נוח wat onder meer gebruik word om aan te dui dat mense 'n land gevind het om in te rus. Die idees van veiligheid en sekuriteit word ten nouste hieraan verbind, maar "the only place where human beings can land in absolute confidence and safety is in the promises of God, but that requires an abandoning of self-reliance, which is perennially distasteful to fallen humans" (Oswalt, 1997:57).
- *Vrede* kom van die Hebreeuse woord שלם wat in die Ou Testament gebruik word in verband met prominente teologiese gedagtes (Nel, 1997**a**:130). Een van hierdie prominente gedagtes is die afwesigheid van twis en oorlog tussen twee partye (Nel, 1997**a**:131).
- *Kalmte* is 'n vertaling van die Hebreeuse woord שקט wat gebruik word om vreedsame bestaan sonder enige opskuddings aan te dui (Nel, 1997**b**:234.) Dit word dikwels as kombinasie saam met שלם gebruik (Nel, 1997:**b**234).

Al drie die bogenoemde woorde staan in direkte verband met twee sake. In die eerste plek word hulle ten nouste verbind aan die Vaderskap van God. Rus, vrede en kalmte is seëninge van die Vader. In die tweede plek word hulle ingespan om die idee van 'n geborge, vreedsame en rustige lewe aan te dui. Waar God Homself as Vader openbaar en waar Hy as Vader erken en gehoorsaam word (vgl. gedagte-opbou van 1 Kron. 28:2 - 20), bring Hy hierdie seëninge met Hom mee.

Wat eksegetiese bronne betref, kan verwys word na Naudé (1993:523 - 536 en vgl. ook Payne, 1988:305) wat in sy bestudering van die Kronieketekste tot die gevolgtrekking kom dat dit in die verhouding tussen die koning en God gaan om die *intiemste verhouding* wat, volgens die Bybel, tussen God en mens kan bestaan. In lyn hiermee is

Scheepers (1996:59) daarvan oortuig dat die aannemingsformule as metafoor gebruik word om uitdrukking te gee aan Jahwe se spesiale liefde vir Salomo. Die reeds genoemde standpunt van Hamerton-Kelly, naamlik dat die koning die verteenwoordiger van die mens by God is, sluit hierby aan en bied 'n hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die tekste. Dit open die moontlikheid om dit wat van God as Vader gesê word, nie net van toepassing op die koning te maak nie, maar ook op elke gelowige. Uit die eksegese hierbo het duidelik geword dat die aannemingsformule in al die genoemde verse na vore kom. God is die Vader van gelowiges op grond van aanneming. Dit beteken onder andere dat daar 'n intieme, noue band tussen God en sy kinders bestaan.

Uit die eksegetiese verkenning van die drie tekste uit Kronieke, kan by wyse van samevatting die volgende opmerkings gemaak word:

- Uit die verskillende tekste kom die volgende gedagtes onderskeidelik na vore: Die trou van die Vader-God (1 Kron. 17:1 - 15), die rus, vrede en kalmte wat 'n verhouding met die Vader-God inhou (1 Kron. 22:2 - 19) en die feit dat hierdie Vader-God uitverkies en gehoorsaamheid eis (1 Kron. 28:2 - 10). Die eerste gedagte spreek vanself. Wat die woorde *rus*, *vrede* en *kalmte* betref, het die woordstudie uitgewys dat dit slegs in 'n verhouding met die Vader is dat hierdie woorde hulle volle betekenis kry. En om in 'n verhouding met Hom te staan, is genade, want Hy kies uit wie Hy wil.
- In tye van onsekerheid vra die gelowige dikwels: "Wie is ek?" Word die moontlike ontstaansagtergrond van hierdie boek in gedagte gehou, asook die feit dat al die *Vader*-tekste in die hart van die skrywer se betoog staan, word dit duidelik dat die Vaderskap van God in tye van identiteitsworsteling sekerheid en standvastigheid kan gee. Om te weet aan *Wie* jy behoort en hoe dit gekom het dat jy aan *Hom* behoort, bring rus, vrede en kalmte. Die aannemingsformule word gebruik om hierdie intiemste verhouding te benadruk.

#### 2.3.2.3 Psalm 68:6

Die meeste kommentare wat geraadpleeg is volg die tradisionele indeling van die Psalmboek in vyf boeke, naamlik Ps. 1 - 41, Ps. 42 - 72, Ps. 73 - 89; Ps. 90 - 106 en Ps. 107 - 150 (vgl. Lamparter, 1977:19; Kraus, 1978:8; M'Caw & Motyer, 1988:447; Da Silva, Human e.a., 1999:600-601; Weiser; 1991:21). Ps. 68 maak deel uit van die tweede boek en meer spesifiek van die klein Dawidversameling (Burger, 1987:11)

waarin onder andere die natuur en karakter van God geopenbaar word (MacArthur, 1992: 38 - 39). Hierdie Psalm kan as 'n loflied geklassifiseer word (Burger, 1987:23). Die Psalms eggo baie van die gebeure wat in ander Bybelboeke opgeteken staan en sluit in sekere opsigte aan by bekende Ou Testamentiese tradisies soos die skeppingstradisie en die aartsvaderstradisie (vgl. Da Silva, Human e.a.; 1999:603).

Ps. 68:6 maak deel uit van die loflied wat by vers 2 begin en by vers 15 eindig en waar die volk die Here vir die oorwinning loof (Da Silva, Human e.a.; 1999:651). Die opskrif skryf die Psalm aan Dawid toe. Die gedagte-opbou van hierdie verse verloop min of meer soos volg: In vers 2 en 3 word beskryf hoedat die goddeloses nie voor God kan standhou wanneer Hy verskyn nie. In teenstelling met hulle juig die regverdiges met blydskap voor die Here (vers 4). In vers 5 - 7 word die gelowiges opgeroep om 'n lied tot eer van God se Naam te sing. Ses redes ter motivering word gegee: God is 'n vader vir weeskinders, 'n beskermer van die reg van die weduwee, 'n toevlug vir eensames, 'n bevryder van hulle wat in die gevangenis is en 'n wreker van die opstandiges (vgl. Da Silva, Human e.a.; 1999: 651). In vers 8 - 15 span Dawid die woestyntradisie in om te wys op God se versorging van sy volk.

Die sosiohistoriese konteks van Psalm 68, soos die res van die Psalms, is moeilik te bepaal (vgl. Da Silva, Human e.a.; 1999: 605). Omdat hierdie Psalm deel van die geskiedenispsalms uitmaak, kan aangeneem word dat dit gebruik is tydens die viering van oorwinningsfeeste (Burden, 1993b:812).

Twee woorde verdien aandag. Die woordjie אב verwys onder andere na die vader as hoof van die huishouding. In hierdie opsig is die kinders van daardie huishouding wettig sy eiendom (Wright, 1997:220). Die gedagte van 'n vader aan wie wettig behoort word, word met ander woorde sterk deur die woordjie אב benadruk. Die gedagte van aanneming kom ook hier na vore. In Ps. 68:6 word אב ten nouste verbind aan יתרם. Hierdie woord kan met weeskind of met vaderlose vertaal word (Hamilton, 1997:570). In die Ou Testament dui dit in die meeste van die gevalle op iemand wat sonder 'n vader is (Hamilton, 1997:570). Die kombinasie van hierdie twee woorde is treffend. Die vaderlose, die mees weerlose, vind in God 'n Vader aan Wie hy kan behoort.

Vanuit die eksegetiese bronne kan 'n paar samevattende opmerkings gemaak word. Van Zyl (1993:695) sien in hierdie Psalm 'n *loflied* wat aan God gebring word vir 'n oorwinning wat behaal is. Weiser (1991:482) meen dat die Psalm met die *Verbondsfees* van Jahwe verbind kan word. Jeremias (1966:16) wys uit dat dit in vers 6 gaan om die barmhartige Vader. Hy is sorgend en liefdevol (Van Genderen, 1992:141) betrokke by hulle wat aan Hom behoort. In lyn hiermee merk Calvyn (2005b:10) soos volg op: "The incomprehensible glory of God does not induce him to remove himself to a distance from us, or prevent him from stooping to us in our lowest depths of wretchedness." Hy is "intimately aware of human needs" (M'Caw & Motyer, 1988:492). Lamparter (1977:325) wys daarop dat God tegelyk verskriklik en genadig is. Sy vyande sal Hom as verskriklik beleef terwyl Hy 'n Helper en 'n Redder is vir die ellendiges. God se *genade* is die hoofeienskap van sy karakter (Weiser, 1991:484 - 485) en Hy help diegene wat na Hom vra (Freeks, 2004:13).

Opsommend die volgende:

- God se Vaderskap is deel van Wie Hy is, deel van sy natuur en karakter.
- As Vader gee God aan die vaderlose beskerming maar ook identiteit. Wie aan Hom behoort, is immers sy kind. Wie kind is, is dit uit genade.
- Aangesien God juis ook die Vader van die vaderlose is, beteken dit dat Hy noukeurig betrokke is by mense in die ergste vorm van nood. Hy is nie 'n veraf God wat nie weet van die nood van die mens nie. Hy het eerstehandse kennis daarvan. Hy ken die omstandighede van die brose en verstotene.
- Wie in sy nood na Hom kom, vind 'n Vader. Wie Hom teenstaan, vind verskrikking.
- Wie in sy nood na Hom kom, vind oorwinning oor sy nood.
- Dit alles beteken dat God ook as Vader geloof wil word. Wie aan Hom behoort en wie weet dat Hy sy Vader is, kan nie anders as om 'n loflied te sing nie. Dankbaarheid hoort dus by hulle wat aan die Vader behoort.
- In hierdie Psalm is moontlik ook ondertone hoorbaar van die verbondsverhouding wat daar tussen God en Israel bestaan sodat die getrouheid van God aan die een kant en die aanneming van Israel tot kinders aan die ander kant beklemtoon word.
- God die Vader se kinders is wettig sy eiendom. Selfs die vaderlose vind in God 'n Vader. Hulle is gekoop en die prys is betaal (vgl. 1 Kor. 6:20).

**2.3.2.4 Psalm 89:27**

Hier word volstaan met die indeling van Lamparter (1977:19), Kraus (1978:8) M'Caw & Motyer (1988:447), Da Silva, Human e.a. (1999:600 - 601) en Weiser (1991:21). Daarvolgens maak Psalm 89 deel uit van derde Psalmboek en is deel van 'n groep liedere wat met 'n lofprysing afsluit (Da Silva, Human e.a., 1999:600). Volgens MacArthur (1992: 38 - 39) openbaar ook hierdie Psalm die karakter van God.

Die Psalm kan in drie dele verdeel word, naamlik vers 2 - 19, 20 - 38 en 39 - 52 (Kraus, 1978:89; Burden, 1993b:833; vgl. ook Lamparter, 1977:105 - 109, Weiser, 1991: 590 - 591). Vers 2 - 19 handel oor God se liefde en verbondstrou teenoor Dawid. Die tweede deel van die Psalm, naamlik vers 20 - 38 het die verbond met Dawid as tema en die laaste deel, vers 39 - 52 beskryf die ontrou van die Dawidiese koningskap (Burden, 1993b:833; vgl. ook soortgelyke tema-indelings by Lamparter, 1977:105 - 109 en Kraus, 1978:89).

Vers 27 maak dus deel uit van die tweede deel van die Psalm wat die verbond as tema het.

Die bogenoemde indeling help met die gedagte-opbou van die Psalm. Drie groot gedagte-inhoude kom na vore, naamlik God wat bepaalde beloftes aan Dawid maak, 'n samevatting van die beloftes en die jammerklag oor die Here wat sy verbond nie in ag neem nie, as gevolg van die ontrou van die koning te midde van God se beloftes (vgl. Weiser, 1991:590 - 591). Vers 27 staan min of meer in die middel van die Psalm, binne die raamwerk van beloftes wat God aan die koning maak. Dit is binne hierdie raamwerk van beloftes dat die koning God as Vader kan aanroep. Die beloftes (22 - 30) staan in verband met toeseggings (vers 20 - 21), waarskuwings (31 - 33) en gerusstellings (34 - 38). God belowe ondersteuning en krag (22), beskerming teen vyande (23 - 24), trou, liefde en oorwinning (25), uitbreiding van koningskap (26), die voorreg om Hom Vader, my God en rots te noem (27). God belowe aan die koning mag (28), ewigdurende verbondstrou (29) en 'n versekerde nageslag (30).

Wat die sosiohistoriese agtergrond van die Psalm betref, merk M'Caw & Motyer (1988:506) soos volg op:

> The psalm stems from some dark days in the experience of one of the Davidic kings, or else, as some hold, it belongs to the annual liturgical drama in which the king's utter dependence upon the Lord was portrayed in his first being humbled to the dust and then receiving an eleven-hour deliverance by divine intervention.

Hierdie Psalm is bedoel om óf die koning in moeilike tye te bemoedig deur hom te wys op die God wat onder andere ook sy Vader is óf om gedurig die koning daaraan te herinner dat hy te alle tye op die Here, wat ook sy Vader is, moet vertrou.

Wright (1997:222) wys daarop dat אב in Ps. 89:27 gebruik word om God as Vader van die Dawidiese koning en gevolglik as Vader van die nasie voor te stel. Dit beteken dat die belofte in vers 26 ook vir die gelowige geld. Die gelowige mag God as Vader aanroep. In direkte verband met אב word die woordjie צור gebruik. Dit kan met rots of berg vertaal word en word aangaande God gebruik om sy beskerming en redding uit te druk (Hill, 1997:793).

In eksegetiese verkennings van hierdie Psalm word sterk klem gelê op die verhouding tussen God en die koning. Die *verbondsgedagte* word na vore geroep en aandag word gevra vir die daarmee samehangende gedagte van *aanneming*. So wys Van Zyl (1993:709) daarop dat die verbondstrou van God teenoor Dawid, die verbond met Dawid en die ontrou van die Dawidiese koningskap aan die orde gestel word. Vers 27 wys op die besonder noue band tussen die Heilige van Israel en die koning, wat onder andere daaruit bestaan dat God vir Dawid en sy nageslag as sy seuns aangeneem het (Van Zyl, 1993:710). Daarom kon Dawid God "Vader" noem. In sy bespreking van die teologie van die Psalms wys Kraus (1986:31) daarop dat die vader-seunverhouding duidelik die fokus van vers 27 is. Hamerton-Kelly (1979:49) verstaan hierdie vers, in aansluiting by 2 Sam. 7:14, 1 Kron. 17:13, 22:10 en 28:6 as 'n belofte van God se kant om Dawid se nageslag op die troon te hou. Hierdie vers het met ander woorde 'n duidelike *messiaanse* reikwydte. Die koms van die Messias in die Nuwe Testament was 'n teken van die finale vervulling van God se voorneme in die geskiedenis (Hamerton-Kelly, 1979:49). M'Caw & Motyer (1988:506) bekyk die Psalm vanuit 'n ander hoek en bied 'n insiggewende perspektief. Hulle stel die vraag: "What is to be done when the promises

of God are denied by the facts of experience?" Hierop word geantwoord: "Turn the promises into prayers and plead them before God." Die Vaderskap van God word, aldus genoemde skrywers, die *pleitgrond* waarop die gelowige in moeilike tye met vrymoedigheid God aan sy beloftes van trou en beskerming kan en mag herinner.

Wat leer die Psalm ons aangaande die Vaderskap van God?

- Die verbondsgedagte en die gedagte van aanneming kom hier na vore. Gelowiges identifiseer God as't ware as "Vader" en word God se eersgeborenes genoem. Hulle mág God Vader noem. Daar bestaan 'n noue band tussen God en sy volk.
- In benoude tye kan die gelowige hoop put uit die feit dat God sy Vader is wat versorgend en beskermend werk. Hierdie beskermde werk van God die Vader word beklemtoon deur ook na Hom as "rots" te verwys.
- Die Vaderskap van God dien ook as 'n konstante herinnering aan die feit dat God vertrou kan word, juis omdat Hy "Vader" is. Wanneer dit lyk asof die lewenswerklikheid 'n streep deur God se beloftes trek, kan gelowiges in gebed hierdie beloftes aan hulle Vader voorhou. As Vader kom God sy beloftes na en neem sy kinders in sy beskerming.

**2.3.2.5 Jesaja 63:16 en 64:8**

Hierdie verse word saam behandel aangesien daar by geleerdes eenstemmigheid is dat hulle deel uitmaak van dieselfde perikoop, naamlik Jes. 63:7 – 64:12 (Vgl. Westermann, 1969:390; Kidner, 1988:625; Motyer, 1999:386; Prinsloo, 1999:833).

Prinsloo (1999:770) wys daarop dat die meeste geleerdes Jesaja in drie groot dele verdeel, naamlik hoofstuk 1 - 39, hoofstuk 40 - 55 en hoofstuk 56 - 66. Hiervolgens val Jes. 63:16 en 64:8 in die derde deel, ook genoem Trito-Jesaja (Westermann, 1969:293; Prinsloo, 1999:770). In hierdie gedeelte val die fokus op die omstandighede in Jerusalem na die ballingskap. Twee teenoorgestelde situasies word teenoor mekaar staan gemaak. Aan die een kant die huidige korrupsie (56:9 - 59:15a) en verwoesting (63:7 - 64:12) en aan die ander kant die herstelde land wanneer God tot sy redding sal kom (60 – 62) en dit "a crown of beauty" sal maak (vgl. Kidner, 1988:619). Die onmiddellike konteks van Jes. 63:7 – 64:12 is Jesaja se boetedoening namens die volk waarin hy die liefde van God vir sy volk in herinnering roep (Helberg, 1993:885).

Uit 'n ontleding van die gedagte-opbou van Jes. 63:7 – 64:12 word duidelik dat twee sake op die voorgrond gestel word. Dit kan aangedui word met die woorde "onthou" (Jes. 63:7-14) en "vra" (Jes. 63:15 – 64:12). Dit is belangrik om op te let dat Jes. 63:16 en Jes. 64:8 albei in die "vra"-gedeelte pas. Dit handel met ander woorde nie oor 'n oproep om te onthou dat God Vader is nie, maar oor 'n verlange in 'n hopelose situasie dat Hy weer Vader sal wees. Die gedagte-opbou van Jes. 63:15 – 64:12 verloop min of meer soos volg: In 63: 15 - 16 word gevra na God se liefde. Die klag dat God ver weg is en die belydenis dat God ook Vader is, word in een asem genoem. Moontlik word daarop gesinspeel dat God as Vader nie sy kinders vergeet nie. Die volgende gedeelte (63:17 - 64:7) bestaan uit die verlange dat die Here weer betrokke sal raak in die lewe van die volk. Hierdie verlange word omraam deur die belydenis van sonde en Godverlatenheid. Op die klag van Godverlatenheid volg die belydenis van God se Vaderskap en van die feit dat die volk die maaksel van sy hande is. Weereens word moontlik gesinspeel op die gedagte dat God as Vader wat geskep het nie die werke van sy hande vergeet nie. Die laaste gedeelte van die perikoop bestaan uit twee gedagtes: 'n smeekgebed dat God sy volk nie sal vergeet nie (64:9) en 'n poging om God se guns te wen deur Hom te wys op die vervalle toestand van Jerusalem (64:10 - 12). Binne die konteks van geestelike verval en 'n gevoel van Godverlatenheid word onder andere teruggeval op die Vaderskap van God.

Die sosiohistoriese konteks van Jes. 55 - 66 moet gesoek word in die Jerusalem ná die ballingskap. Die terugkerende ballinge is gekonfronteer met verwoesting, armoede en die vyandigheid van die mense wat gedurende die ballingskap hulleself in Jerusalem gaan vestig het (Prinsloo, 1999:772). Daar heers ook 'n moedeloosheid onder die mense omdat dit lyk asof die heilsbeloftes van Deuterojesaja nie in vervulling gegaan het nie (Prinsloo, 1987:110). In hierdie situasie word die volk gewys op God wat as Vader hulp verleen maar ook as Regter toornig word oor die sonde van sy volk (Prinsloo, 1987:110).

Die woordstudie lewer geen nuwe insigte op nie.

Daar is 'n paar interessante sake wat in die eksegetiese bronne na vore kom. Die gedagte van *aanneming* word by Calvyn (2005c:370) beklemtoon. Hy wys daarop dat die naam "Vader" die volk herinner aan hulle aanneming en hulle bemoedig om

"favourable hopes" te koester. Die verband wat in Jes. 63:16 tussen God as Vader én Skepper gelê word, laat kom Hamerton-Kelly (1979:48; vgl. ook Helberg, 1993:886) tot die gevolgtrekking dat die Vaderskap van God die basis of grond vorm op grond waarvan Israel om vergifnis kan pleit. Israel nader tot God op grond van hulle ervaring van Hom in die geskiedenis. Hulle het Hom as Skepper ervaar wat hulle lewe in elke opsig bepaal, en ook as Verlosser wie se versorging in die geskiedenis selfs dié van hulle eie vaders, Abraham en Israel oortref. Hierdie gedagtes kom ook voor by Westermann (1969:393 - 394). Hy wys op die feit dat die manier waarop God 'n Vader vir Israel is, radikaal verskil van die manier waarop Abraham en Jakob vaders vir Israel is.

> God is a living and present father. He knows. He acknowledges. He sees. What makes him Israel's father is the fact that men may call upon him, and that he can turn in *grace towards his people* (Westermann, 1969:393).

Ook Jeremias (1966:16) sluit by die *Skepper-gedagte* aan en is van oordeel dat die verwysing na God as Vader 'n bewys is dat Hy as Skepper geëer is. Kidner (1988:623) gaan 'n stappie verder en sien in die verwysing na die Vader as Maker 'n vorm van "submissive trust". Prinsloo (1987:110) weer is van mening dat daar ook klem gelê word op die feit dat die Vader alles weet en alles beheer en daarom kan die volk Hom in krisistye vertrou en selfs as "Vader" aanspreek. Kidner (1988:623) sien hierin iets van die Vader se standvastigheid. Daarop kan die gelowige hom beroep. Word Jes. 63:16 en 64:8 met mekaar vergelyk, word dit duidelik dat in eersgenoemde die klem val op God wat 'n Vader is en in laasgenoemde op Israel wat sy kinders is (Westermann, 1969:397).

Opsommend kan die volgende gesê word:

- Wie vra na God se liefde, moet weer sien dat Hy 'n Vader vir sy kinders is. Hulle is sy kinders op grond van aanneming. God het hulle as't ware as sy kinders geskep. Daarom die klem op God as Skepper. Wie aan God die Vader behoort, behoort ook aan God die Skepper. As Skepper weet Hy alles en beheer Hy alles. Hy is ook Skepper van sy volk en van elke gelowige afsonderlik. Dit beteken dat die gelowige in tye van moedeloosheid en godverlatenheid homself

aan hierdie Vader-Skepper-God kan oorgee en verwag dat God die uitkoms sal gee. Hy kan "favourable hopes" ten opsigte van God koester. Sy lewe is immers in die hande van Hom wat sy skepping onderhou.

- Die Vaderskap van God bied die basis vir vergifnis. Die vervreemde kan weer tot God nader en homself in nederige vertroue ("submissive trust") aan God onderwerp. Die Vaderskap van God word dus 'n uitnodiging aan kinders wat afgedwaal het om terug te keer en hulleself oor te gee aan die versorgende Vader.
- God is die lewende en teenwoordige Vader vir sy kinders. Hy is hulle Vader, omdat in tye van nood na Hom gegaan kan word met die wete dat Hy die noodlydende in genade sal aansien. God se betrokkenheid by en omgee vir sy kinders word deur sy Vaderskap beklemtoon. God se Vaderskap word selfs meer werklik beleef as dié van Israel se voorvaders.

#### 2.3.2.6 Jeremia 3:4

'n Keuse word gemaak om twee perikope, naamlik Jer. 2:1 - 3:5 en Jer. 3:6 - 4:4 afsonderlik te behandel, aangesien albei 'n unieke en eiesoortige aksent op die Vaderskap van God werp, wat dreig om verlore te gaan indien die tekste onder een hofie bespreek word. Jer. 3:19 sal gevolglik onder die volgende punt aan die orde gestel word.

Die boek Jeremia maak deel uit van die profeteboeke (vgl. Botha, 1999:838). Jer. 3:4 word redelik algemeen aanvaar as deel van die groter Jer. 2:1 - 3:5 (Laetsch, 1965:34; Cawley & Millard, 1988:629; Van Selms, 1989:63, Botha, 1999: 842; Fretheim, 2002:59) wat handel oor Israel se ongelowigheid (Cawley & Millard, 1988:629; Fretheim, 2002:59). Wessels (1987:115) teken die groter prentjie en wys daarop dat Jer. 2:4 deel uitmaak van Jer. 2 - 25:14 wat handel oor Jeremia se oordeel oor sy eie volk.

Wat die gedagte-opbou van Jer. 2:1 - 3:5 betref, word die volgende hoofgedagtes onderskei. In hoofstuk 2:1 - 3 dink God terug aan Israel se verlede en hoe getrou Israel aan die Here was. Fretheim (2002:61) se beskrywing van die inhoud van hierdie verse as 'n "Divine Memory" is gepas. In die volgende gedeelte (Jer. 2: 4 - 19) word beskryf hoe sonde 'n volk oorneem. Israel word veral daarvan beskuldig dat hulle dié God wat hulle uit Egipte verlos het en hulle deur die woestyn na 'n vrugbare land laat trek het, vir

afgode verruil het (Jer. 2: 4 - 7). Ook die priesters, die regeerders en die profete word aangekla en dra skuld vir die afgodery (vgl. Jer. 2:8). Dat Israel God vir ander gode verruil het, is 'n ongehoorde ding. Selfs nasies wat afgode aanbid, doen nie so iets nie (Jer. 2: 10 - 12). Israel het God verruil vir nuttelose afgode (Jer. 2:13). Israel se sonde sal nie ongestraf bly nie (Jer. 2:14 - 19). In die laaste verse van hoofstuk 2 word die sonde van Israel uitgespel (Jer. 2:20 - 37). Dit word beskryf as verwerping van God (Jer. 2: 20 - 22), as 'n onkeerbare drang om agter ander gode aan te loop (Jer. 2: 23 - 25), as dwaasheid (Jer. 2: 26 - 28), as ondankbaarheid (Jer. 2: 29 - 32) en as ongeërgdheid (Jer. 2: 33 - 37). Die eerste vyf verse van hoofstuk 3 beskryf die gevolg van Israel se sonde. Deur gebruik te maak van die beeld van 'n egskeiding word duidelik uitgespel dat daar vir Israel geen terugkeer na die Here moontlik is nie. Israel het van haar eerste man (God) geskei en met 'n ander man (Baäl) getrou. Israel noem God steeds "my vader", maar bedoel dit nie. Die kinderlike gehoorsaamheid aan God ontbreek.

'n Ondersoek na die sosiohistoriese konteks bring aan die lig dat Jeremia se optrede die regerings van die laaste vyf konings van Juda en een goewerneur oorspan (Botha, 1999:838; Fretheim, 2002:3). Onder koning Josia was daar 'n godsdienstige herlewing, maar 'n groot deel van die tyd waarin Jeremia opgetree het, word gekenmerk deur verval, oorlog, beleëring en ballingskap (Botha, 1993a:1067). Fretheim (2002:3) wys daarop dat dit 'n tyd van spanning en ontbering vir sowel die konings as hulle onderdane was. Jerusalem het geval en baie van die Israeliete is in ballingskap na Babilonië weggevoer. Jeremia het koning Sedekia probeer oorreed om te buig onder die juk van die Babiloniërs, maar Sedekia het geweier. Die gevolg was 'n nederlaag teen die Babiloniërs. Nog Israeliete word weggestuur na Babilonië (Fretheim, 2002:3). Jeremia het in die land agtergebly en as profeet opgetree, maar 'n deel van die volk het geweier om sy boodskap ernstig op te neem en het hom gedwing om saam met hulle na Egipte te trek (Fretheim, 2002:4).

Wat die woordstudie betref, is dit genoeg om ten opsigte van אב in Jer. 3:4 op te merk dat die konteks een is "where God complains that his fatherly care or authority is being abused or ignored by rebellious, faithless, disobedient sons" (Wright, 1997:222). In noue verband met אב word die woordjie אלוף gebruik waardeur God as "Vriend"

uitgebeeld word. Die woordjie dra die betekenis van 'n "close friend" (Merrill, 1997:415), 'n "vertroude Vriend" (Bybel, 1953).

'n Paar eksegetiese opmerkings is van belang. Daar bestaan 'n duidelike en opvallende verskil tussen die verklarings van vroeëre en latere kommentators ten opsigte van hierdie vers. Calvyn (2005d:160; vgl. ook Henry, 1991:329) sien in hierdie vers 'n *uitnodiging* van God se kant tot bekering. Jeremias (1966:17) wys egter daarop dat die meeste God-Vaderuitsprake by die profete in die vorm van 'n *verwyt* voorkom. Israel word verwyt oor die feit dat hulle aan die een kant kinders van God is en aan die ander kant goddeloos lewe. Hulle het geleef onder die indruk dat hulle uit hulle ellendige situasie kon kom deur God met "de mooiste namen" aan te roep (Van Selms, 1989:62; vgl. ook Laetsch, 1965:48; Cawley & Millard, 1988:630). Waar die vroeëre eksegete in hierdie vers raakgesien het dat God die mens tot bekering wil lei, verstaan latere eksegete dat dit hier eerder handel oor die mens wat God probeer gerusstel met mooi woorde wat nie uit die hart kom nie.

Wat leer hierdie gedeelte ons aangaande die Vaderskap van God? Die volgende dien as riglyne:

- God se Vaderskap kan deur 'n ongelowige en ongehoorsame optrede misbruik word. God se Vaderskap beteken nie dat Hy genoeë neem met 'n ongehoorsame lewe nie. Wie Hom as Vader aanroep, moet dit doen vanuit 'n opregte hart. Woord en daad moet by mekaar pas.
- Die interessante is dat God as "Vader" en as "Vriend" in byna dieselfde asem genoem word. Hierdeur word moontlik die noue en intieme verhouding tussen God as Vader en sy volk beklemtoon. Dit is juis hierdie intimiteit wat deur gelowiges geloën word wanneer hulle God as Vader (en as "Vriend") aanroep terwyl hulle voortgaan om ongehoorsaam te lewe.

#### 2.3.2.7 Jeremia 3:19

Jer. 3:19 staan in noue verband met Jer. 3:4. "God has determined that for the sake of the relationship with Israel, the divorce law must be broken". Met hierdie woorde span Fretheim (2002:74) 'n brug tussen Jer. 2:1 – 3:5 en die volgende perikoop, naamlik Jer. 3:6 – 4:4 (vgl. Laetsch, 1965:49; Botha, 1999: 844; Fretheim, 2002:79).

Die gedagte-opbou van Jer. 3:6 - 4:4 verloop min of meer soos volg: In Jer. 3: 6 - 11 word Israel en Juda met mekaar vergelyk. Die Here hou dit teen Juda dat sy nie afgeskrik is deur sy (die Here) se verstoting van Israel nie. Juda het voorgegee om na God terug te keer, maar dit was nie met oorgawe nie. Daarom is die trouelose Israel minder skuldig in die oë van die Here as Juda. Juda se valsheid en haar weiering om uit die voorbeeld van Israel te leer, word die agtergrond waarteen die Here Israel oproep tot bekering en waarteen Hy sekere beloftes aan haar maak (Jer. 3: 12 - 18). Belangrike aksente in hierdie gedeelte sluit in die noue band tussen God se bereidheid om Israel te vergewe (Jer. 3:12) en die oproep tot berou en bekering (Jer. 3:13). Dit is opmerklik dat die vergifnis van God die oproep tot skulderkenning voorafgaan. Daardeur word die liefde en genade van God ten opsigte van Israel op die voorgrond gestel. Die volgende beloftes word aan Israel gemaak: die belofte van aanneming tot eiendom (3:14), die belofte van 'n leier na God se hart wat met insig leiding sal neem (3:15), die belofte van die vermeerdering van die volk (3:16), die belofte van die prominensie van Jerusalem as woonplek van God (3:16 - 17), die belofte van eenwording tussen Israel en Juda (3:18a) en daarmee saam die belofte van land aan die voormalige twee stamme (3:18b). In Jer. 3:19 – 22a word die sonde van Israel en die genade van God weer in herinnering geroep. In hierdie verse kom die Vaderskap van God ter sprake. God wou so graag 'n Vader vir sy volk wees en hulle as erfgename behandel, maar hulle het van Hom weggedwaal. Tog nooi die Here sy volk uit om weer na Hom terug te keer. In Jer. 3: 22b – 25 laat sak Israel as't ware sy kop in skaamte omdat hy ingesien het dat sy afgodery hom niks gebaat het nie. In Jer. 4:1 - 4 spel die Here die nuwe begin met sy volk duidelik uit. Algehele toewyding aan Hom is wat Hy verwag.

Vir die sosiohistoriese konteks kan gelet word op 2.3.2.6 hierbo.

Ten opsigte van die woordstudie is dit belangrik om daarop te let dat אב saam met בן voorkom. Die gedagte van God as Vader van Israel staan onmiddellik op die voorgrond. Moontlik word die gedagte van aanneming ook deur die koppeling van hierdie twee woorde na vore geroep (vgl. Caragounis, 1997:672).

In die eksegetiese bronne word onder meer aandag geskenk aan die *verkiesing van Israel* as seun van God. Vir Deist (1993:899) suggereer die vraag "o Hoe gaan Ek jou met seuns gelykstel ... ," die verkiesing van Israel. Ook die *verbond en aanneming* word

tot fokuspunt gemaak. In dié verband wys Van Selms (1989:80) daarop dat God, wat Israel aangeneem het, van hulle verwag om die woorde "My Vader! En jy sal van my nie afvallig word nie," uit te spreek en in die praktyk te bring. Ook by Calvyn (2005**d**:190) kry mens die idee dat hy dit oor die verbond het, veral wanneer hy die laaste deel van hierdie vers in sy eie woorde soos volg weergee: "Be always obedient to me, and I will prove that I shall not be called in vain a Father by you." Israel het 'n toekoms solank as wat hy God "Vader" noem en nie van Hom wegdraai nie (Calvin, 2005**d**:189). Henry (1991:333 - 334) sluit sterk aan by die gedagte van aanneming. Hy sien in hierdie vers die belofte van die Gees van aanneming en maak dit van toepassing op die Abba Vader-uitroep in Gal. 4:6.

By wyse van samevatting word die volgende punte uitgesonder:

- God verlang daarna om Israel se Vader te wees. Die gedagte-opbou wys uit dat God se Vaderskap by 'n tweede rondte bespreking van die sonde van Israel en die genade van God ingetrek word. Daarmee word beklemtoon dat dit van altyd af die verlange van God was om as Israel se Vader geëer te word. Daarom ook dat die ondertone van die verbond en die aanneming van Israel as kinders deur sommige geleerders hier waargeneem word.
- Hierdie verlange van God kan ook gesien word as rede waarom Hy bereid is om met Israel nuut te begin. Daarom handel Hy teen sy eie wet en neem Israel as bruid terug. Die genade en liefde van God staan hier op die voorgrond. Dit word onmiddellik duidelik wanneer Jer. 3:6 - 4:4 vergelyk word met Jer. 2:1 - 3:5. Waar die verwysing na God as Vader in Jer. 3:4 die klem laat val op die verwaandheid en ongeërgheid waarmee die mense God as Vader durf aanroep, word die ongelooflike liefde en genade van God in Jer. 3:19 se verwysing na God as Vader beklemtoon. Selfs al skend die gelowige die intieme verhouding tussen Hom en God en selfs al gaan die mens ongeërgd om met die Vaderskap van God, is God bereid om die Vader-seunverhouding te herstel - net omdat Hy daarna verlang om Israel se Vader te wees. Israel verdien hierdie daad van God nie. Juis daarom is dit 'n genadedaad.

#### 2.3.2.8 Jeremia 31:9

Geleerdes verwys na Jer. 30 - 33 as die boek van vertroosting (Fretheim, 2002:413; vgl. ook Botha, 1993**a**:1107; Botha, 1999:873). Van Selms (1984:85) wys daarop dat die

"troostschrijven" spesifiek in Jer. 30:5 - 22 en 31:1 - 22 voorkom. Daarmee plaas hy die teks onder bespreking binne 'n onmiddellike konteks van troos. Ook kom die tema van hoop ten spyte van verwoesting sterk in Jer. 30 - 33 na vore (Cawley & Millard, 1988:644; Fretheim, 2002:413).

Daar bestaan eenstemmigheid dat Jer. 31 oor die herstel van Israel en die oprigting van 'n nuwe verbond tussen God en sy kerk handel (vgl. Laetsch, 1965: 244 - 259; Cawley & Millard, 1988:644; Botha, 1993a: 1108 - 1111; Botha, 1999: 875 - 877; Fretheim, 2002: 427 - 451). In hierdie konteks maak Jer. 31:9 deel uit van Jer. 31:7 - 14 wat handel oor rou wat oorgaan in vreugde. Die gedagte-opbou kan soos volg uiteengesit word: In vers 7 is dit die Here self wat Israel oproep om van blydskap te sing in afwagting op die uitkoms wat op hande is. Verse 8 en 9 gee die besonderhede van die uitkoms waaroor gesing moet word: God gaan 'n oorblyfsel van Israel uit Babilon terugbring, onder wie ook blindes en kreupeles, swanger vroue en vrouens in kraam, om vir Hom 'n groot gemeente te vergader. Hierdie weerlose mense sal met 'n geween en 'n gesmeek terugkeer, maar God sal hulle pad gelyk maak omdat Hy vir hulle 'n Vader is en hulle sy eersgeborene. Die Vaderskap van God word hier in verband gebring met herstel en troos. Dit is opvallend dat veral die swakkes en uitgewekenes verseker word van God se Vaderskap. Die gedagte van Israel as God se eersgeborene vestig onmiddellik die aandag op die onlosmaaklike band wat daar tussen die Vader en sy kinders bestaan. God gryp in die lewe van sy aanneemkind in omdat Hy Vader is. Sy Vaderskap beteken dat Hy getrou bly ten spyte van Israel se ontrou. Hierdie absolute getrouheid van God is iets wat die wêreld moet hoor. Daarom kry die nasies in vers 10 die opdrag om oor die wêreld te vertel dat God sy kinders nie net verstrooi nie, maar ook weer bevry (vers 11) en bymekaar maak en sal oppas soos 'n wagter sy skape oppas (10). In vers 12 - 14 word beskryf hoe die Here die geween van die volk in vreugde sal verander. Die klem val deurgaans op die verandering wat God bring. Dit is Hy wat weer hoop gee. Dit is Hy wat sy volk weer bymekaar maak. Dit is Hy wat trane afvee en vreugde in harte bring. Dit doen Hy alles omdat Hy Israel se Vader is. Hy is en bly getrou en gebind aan sy aangenome kind. Selfs al dwaal laasgenoemde ver af deur 'n ongehoorsame lewe en word hy oorgegee aan 'n ander volk, sal sy Vader hom nooit verlaat nie. Wat die leiers nie vir hom kon wees nie, naamlik 'n herder wat hom oppas, sal sy Vader vir hom wees.

Vir die sosiohistoriese konteks kan gelet word op 2.3.2.6 hierbo.

Wat die woordstudie betref, word gelet op בכר. Hierdie woordjie word in Jer. 31:9 sterk verbind aan die Vaderskap van God en plaas 'n besondere klem daarop. God is Israel se Vader wat hom gekies het as sy eersgeborene selfs al was hy die jongste en geringste onder die nasies (vgl. Arnold, 1997:659). Deur God se genade wat onder andere in sy verkiesing van Israel sigbaar geword het, is Israel in 'n posisie gestel wat vir hom eer en voordeel inhou (vgl. Arnold, 1997:659): "God's grace and sovereign rule over people and nations was demonstrated by his freedom to choose those who were not the firstborn by nature and treat them as firstborn." Deurdat die Vaderskap van God en Israel as God se eersgebore as't ware in een asem in Jer. 31:9 genoem word, word die besondere verhouding tussen God en Israel beklemtoon. God is Israel se Vader en Israel is deur genade God se eersgeborene. En as eersgeborene mag Israel ook weet dat hy aan God behoort en sy eiendom is (vgl. Arnold, 1997:659).

Uit eksegetiese bronne word dit duidelik dat die *verbondsgedagte* die eksegete besig gehou het. So herinner hierdie vers Calvyn (2005e:74) daaraan dat die verbond nie opgehef kan word nie en dat God vir altyd die Vader van die kerk is. Ook Van Selms (1984:72) lees 'n verbondsmotief in hierdie vers. Volgens hom skemer die aannemingsformule in die verwysing na God as Vader sterk deur en plaas dit die vers in die kader van die verbond. Vanuit 'n ander hoek merk Jeremias (1966:17) op dat die Vaderskap van God verbind word aan 'n daad in die verlede. Hierdie daad is die bevryding uit Egipte wat 'n ingrypende verandering in die "Vaderbegrip" teweeg gebring het.

> Die Gewissheit der Vaterschaft Gottes und der Sohnschaft Israels wird nicht mehr mythologisch begründet, sondern mit der konkreten Erfahrung einer einzigartigen Heilstat Gottes in der Geschichte (Jeremias, 1966:17).

Meer onlangs het Fretheim (2002:431) daarop gewys dat alhoewel "explicit parental metaphors for God" skaars is in Jeremia, dit nie in Jer. 31:9 misgekyk kan word nie. In 'n tyd toe Israel gewonder het oor wie se kind hy is, kom die antwoord duidelik dat hy die eersgebore van God is. Oënskynlik val die klem van die vader-metafoor in Jer. 31:9 vir Fretheim op God se herbevestiging van Israel se kindskap. Dit word sigbaar in God se betrokke raak in Israel se nood. Fretheim (2002:431) verwoord dit soos volg: "... God

as parent enters into the suffering of the children ... and claims them for life and freedom."

Na alles wat hierbo gesê is, is die volgende opmerkings van pas:

- Die Vaderskap van God hou troos en hoop in; dit maak nie saak hoe die omstandighede lyk nie. Dit hou veral hoop in vir almal wat op die een of ander manier verstote en uitgeskuif voel. Daarom word hier sterk klem gelê op die verandering wat God bring en wat verband hou met troos, hoop en bemoediging.
- God is 'n Vader vir sy volk (kerk, gelowiges) omdat Hy hulle uit genade as sy kinders aangeneem het. Die verbondsgedagte lê moontlik onderliggend aan hierdie verse sodat beklemtoon word dat die verbintenis tussen God en sy volk vanweë God se trou nie opgehef kan word nie. Wie God as Vader erken, kyk daarmee dan ook terug na 'n "einzigartigen" daad van God in die verlede. Israel kon uit God se omgang met hulle vanuit die geskiedenis, veral wat die verlossing uit Egipte betref, hoop skep.

**2.3.2.9 Maleagi 1:6**

Die boek Maleagi maak deel uit van die klein profete (Verhoef, 1987:153). Waar Sagaria eindig met verwysings na die toekoms, vestig Maleagi die aandag van die leser op die teenswoordige en die probleme van die na-eksiliese gemeente (Le Roux, 1987:329). As voorganger van Esra en Nehemia spreek Maleagi, soos eersgenoemdes, die probleme van sy tyd aan (vgl. Snyman, 1999:1099). Ten spyte van 'n geskiedenis van interpretasie van die Hebreeuse woord מלאכי, word redelik algemeen aanvaar dat Maleagi die skrywer van die boek is. (Vergelyk Stuart, 1998:1245 - 1247 vir 'n goeie oorsig hiervan; vgl. ook Verhoef, 1987:154 - 156).

Mal. 1:6 maak deel uit van Mal. 1:6 - 2:9 waar Juda se disrespek vir God beskryf word. In perikoop 1:6 - 14 vra die Here in die besonder aan die priesters waar die eer is wat Hom toekom. Die gedagte-opbou verloop soos volg: In vers 6 gebruik Maleagi die verhouding tussen 'n pa en 'n seun, asook die verhouding tussen 'n eienaar en 'n slaaf, om te vra na die eer wat die volk aan God verskuldig is. Dit is opmerklik dat die eerste verhouding, naamlik dié van vader en seun, uitgesonder word. Die volk erken God nie as 'n Vader nie en die skuld hiervoor moet by die priesters gesoek word. Die priesters behandel God met minagting, maar ontken dit. In vers 7 tot 8 gee die Here bewyse om

die priesters se minagting te staaf. Die priesters sal nooit so sonder respek teenoor die goewerneur optree nie! Met laasgenoemde stelling word die minagting wat die priesters vir die Here het op 'n treffende wyse tuis gebring. Maar ten spyte van hierdie minagting waag die priesters dit steeds om vir die volk by God in te tree (vers 9). Die Here is met hierdie gedrag van die priesters nie tevrede nie en stel nie belang in hulle offers nie (vers 10). Die ironie is dat ander nasies rein offers bring (vers 11) terwyl God se eie volk Hom nie gehoorsaam nie (vers 12). In vers 13 word die sonde van die priesters herhaal en in vers 14 kondig die Here 'n vloek aan oor elkeen wat sy wet oortree, want Hy is die Grootkoning vir wie die nasies ontsag het.

Uit die gedagte-opbou is dit duidelik dat wie God erken en bely as Vader, Hom as Vader op die regte manier moet dien. In die konteks van Maleagi beteken diens aan God gehoorsaamheid en toewyding.

Oor die sosiohistoriese konteks maak Stuart (1998:1253 - 1255) breedvoerige aantekeninge. As voorganger van Esra en Nehemia dien die prediking van Maleagi as voorbereiding vir eersgenoemdes se oproep tot hervorming ten opsigte van geloof en praktyk (Stuart, 1998:1253). Wat was die omstandighede waarbinne hierdie oproep sou weerklink? In die woorde van Verhoef (1987:160) kan die middel van die vyfde eeu ten opsigte van Juda se geskiedenis beskryf word as "a dark age." Die mure van Jerusalem is deur die oorlog tussen die Egiptenare en die Persiërs verder verwoes en die tempel het in puin gelê (Verhoef, 1987:161; vgl. ook Stuart, 1998:1253). Op landbougebied verhinder droogte, peste en plae ekonomiese herstel (Stuart, 1998:1253). Die ekonomie is verder verswak deur die verskillende belastings wat Juda, as een van die kleiner provinsies van die Persiese Ryk, aan sy maghebber verskuldig was (Stuart, 1998:1253 - 1254; vgl. Verhoef, 1987:160). Op geestelike gebied is twee tendense sigbaar. In die eerste plek het gelowiges, as gevolg van 'n verkeerde Messiasverwagting, in 'n groot mate vertroue in God verloor (Stuart, 1998:1245; vgl. ook Adamson, 1988:804). In die tweede plek het die oortreding van die wet en ander verbondsgebruike 'n korrupte priesterorde aan die lig gebring (Stuart, 1998:1254; Verhoef, 1987:161). Die volk het die priesters nie meer gerespekteer nie; gevolglik het die priesters, ter wille van oorlewing, alle offerandes aanvaar, ongeag of dit aan die wetsvoorskrifte voldoen het of nie: "Thus, both clergy and laity were cooperating in a violation of the law of Moses" (Stuart, 1998:1254). Die enigste ligpunt in hierdie tyd was dat formele afgodery moontlik tot 'n

einde gekom het (Stuart, 1998:1255). Saamgevat kan die situasie waarteen Maleagi optree, soos volg beskryf word:

> The worship of Malachi's time was not heartfelt ... and the people's offerings were inadequate. Lack of tithing meant lack of true obedience to God. Freedom from idolatry was not accompanied by vibrant orthodoxy ... The people to whom Malachi preached were saying, in effect, 'God doesn't seem tot care anymore. And if he doesn't care, why should we?' (Stuart, 1998:1255).

Die boek Maleagi moet derhalwe gelees word teen die agtergrond van "geloofstwyfel, godsdienstige traak-my-nie-agtigheid en morele verval" (Oberholzer, 1993:1157).

In Mal. 1:6 dui אב daarop dat God van sy volk, sy kinders, verwag om Hom te vertrou, te respekteer en te gehoorsaam (Wright, 1997:222). Die koppeling van אב met Juda se ongehoorsaamheid, bring weer die idee van die verbondsverhouding sterk na vore (Wright, 1997:222).

Gelet op Mal. 1:6 wys Calvyn (2005f:483) in sy kommentaar daarop dat God op 'n besondere wyse die Vader van sy kinders is. "Their adoption then made them God's children above all other nations; for when they differed nothing from the rest of the world, God adopted them." Calvyn beklemtoon dus die gedagte dat Israel uit *genade* as God se kinders aangeneem is (vgl. ook Botha, 1993b:1348). Dit behoort daarom nie vir Israel moeilik te wees om met oorgawe eer aan God te bewys nie (Calvin, 2005f:484). Snyman (1995:16) lê klem op die veronderstelde *liefdesverhouding* tussen God en sy volk: "Die beeld van vader en kind beteken tog in die eerste plek 'n verhouding van liefde." Verhoef (1972:103 - 104) wil die liefdesverhouding tussen God en sy volk nie ignoreer nie, maar redeneer dat die verhouding tussen God en Israel in die konteks van Maleagi eerder klem op God se *gesag* en Israel se verskuldigde eerbetoning en vrees plaas. In 'n latere kommentaar op Maleagi skryf hy (1987:160): "A nation that is prepared to serve God with sacrifices that they will not dare to offer to their heathen governor ... is a nation that has lost its perspective on God as their Father and Lord ..." Die *verbondsgedagte* word nie net deur die woordstudie op hierdie vers betrek nie, maar

ook deur onder andere Van Genderen (Van Genderen & Velema, 1992:141). Hy lei uit die verwysing na God as Vader in Mal. 1:6 af dat God seggenskap het oor hulle wat aan Hom behoort: "Het brengt verplichtinge met zich mee om zijn volk te zijn." Ook Verhoef (1987:212), in voetspoor van Muntingh, wys daarop dat die vader-seunverhouding tussen God en Israel gesien moet word as 'n verbondsverhouding (vgl. ook Wolf, 1996:504).

Ter wille van samevatting kan op die volgende gewys word:

- Die vader-metafoor word in Mal. 1:6 gebruik om gelowiges opnuut bewus te maak van die besondere verhouding tussen hulle en God aan die een kant en aan die ander kant die verpligting wat hierdie verhouding op hulle lê. Dit is inderdaad genade om God "Vader" te kan noem.
- Om God "Vader" te noem, is terselfdertyd ook 'n uitdrukking van vertroue. In tye van onsekerheid is die versoeking groot om vertroue in God te verloor, maar God kan altyd vertrou word. As Verbondsgod het Hy Homself onlosmaaklik daartoe verbind om die gelowige se Vader te wees. Alhoewel die kerkleiers se minagting van God sterk veroordeel word, word die gelowiges se optrede nie verontskuldig nie. Slegte omstandighede, selfs die slegte voorbeeld van kerkleiers, mag nooit 'n rede wees om God nie meer as Vader te dien nie.
- Kerkleiers (beraders?!) moet in gedagte hou dat hulle optrede daartoe kan lei dat die volk (gemeente) uitsig op God as Vader kan verloor.

**2.3.2.10 Maleagi 2:10**

Mal. 2:10 maak deel uit van Mal. 2:10 - 16 wat handel oor die volk se ontrou teenoor die Here en hulle Joodse eggenote. Die gedagte-opbou verloop soos volg: In vers 10 word die algemene klag aangekondig: Die volk tree nie op soos 'n volk waarvan al die lede hulle ontstaan aan een Vader te danke het nie. Hulle is naamlik ontrou aan mekaar en ontwy daardeur die verbond. Uit vers 11 - 12 blyk dat die volk se ontrou teenoor die Here, en die ontwyding van die verbond, daaruit bestaan dat hulle met heidense vroue trou wat ander gode aanbid. Vers 13 - 16 handel oor die ontrou van die lede van die volk teenoor mekaar. Hulle huil omdat die Here nie hulle offers wil aanneem nie (vers 13), maar dit is omdat hulle ontrou aan hulle vroue geraak het dat hulle offers nie aangeneem word nie (vers 14). Hierdie ontrou is teen die bedoeling van die Here, want Hy maak man en vrou een met die bedoeling om 'n nageslag in die wêreld te bring (vers

15). Daarom haat Hy egskeiding en is dit vir Hom niks anders as geweld nie (vers 16). Twee keer (vers 15 en 16) word die volk opgeroep om nie ontrou te wees nie.

Vir die sosiohistoriese konteks kan gelet word op 2.3.2.9 hierbo.

Vir 'n woordstudie van אב kan ook op 2.3.2.9 hierbo gelet word. Opmerklik is dat אב hier in verband met God die Skepper gebring word. Die gedagte dat die volk sy ontstaan aan God te danke het, word hierdeur beklemtoon.

Wat die eksegetiese bronne betref, kan in aansluiting by die woordstudie daarop gewys word dat die gedagte van God as *Skepper en Vader* van sy volk, aandag ontvang (Jeremias, 1966:16). As volk het Israel immers sy bestaan aan God te danke (Snyman, 1995:31; vgl. ook Petersen, 1995:196 wat wys op Deut. 32:6 waar dieselfde gedagte voorkom). Stuart (1998:1329) wys daarop dat Maleagi klem lê op die feit dat God Israel se "enigste" Vader is. Dit het tot gevolg dat die volk slegs aan die Here rekenskap moet gee. Daar kan geen sprake van verdeelde trou wees nie. Stuart (1998:1329) wys ook op die belangrike rol wat 'n vader in die aangaan van 'n dogter se huwelik gespeel het, naamlik dié van 'n onderhandelaar. Wanneer die Here as "Vader" aan die volk voorgehou word, word hulle, aldus Stuart, daaraan herinner dat Hy in beheer is in hulle keuse van 'n huwelik. Hy het gekies met wie hulle mag en nie mag trou nie. "Disobedience to what he had chosen for them would be untenable – and eminently punishable" (Stuart, 1998:1329). Uit dit alles word die Here se eksklusiewe eienaarskap oor Israel beklemtoon (Stuart, 1998:1329). Hulle is 'n spesiale deel van God se skepping (vgl. Stuart se bespreking van die woordjie ברא, 1998:1329). Ook die *verbondsverhouding* kry, soos te wagte, aandag. So wys Le Roux (1987:331) daarop dat die verbondsverhouding tussen God en Israel nie net 'n vertikale verhouding is nie, maar op horisontale vlak ook die verbondsgemeente saambind. Die ontrou van een beïnvloed die hele gemeenskap en is in stryd met die belydenis van God as Vader (Oberholzer, 1993:1160). Oor die vertikale en horisontale dimensie van die verbondsverhouding het Mason (1997:928) die volgende te sê:

> ... the quality of life in a community, for Malachi, depends on the faithfulness of its members to each other, and this in turn

depends on recognition of God's faithfulness to all his people

...

Die volgende afleidings kan gemaak word oor die Vaderskap van God in hierdie gedeelte:

- Die Vaderskap van God in Mal. 2:10 wys weereens daarop dat daar 'n besondere verhouding tussen Hom en sy volk bestaan. God het sy volk geskep en het seggenskap oor hulle. Met die voorbeeld van 'n huwelik word dit duidelik gemaak dat God Self Israel se bruidegom vir haar gekies het. En hierdie bruidegom is Hyself. Hulle reageer in disrespek teenoor Hom wanneer hulle sy keuse verontagsaam. Dislojaliteit is strafwaardig.
- Die verbond word bygetrek om die gelowige se verantwoordelikheid teenoor sy Skepper-Vader te beklemtoon.
- 'n Nuwe dimensie van die Vaderskap van God word ook in hierdie laaste verwysing na God as Vader in die Ou Testament na vore gebring. Dit kan soos volg saamgevat word: Die Vaderskap van God is 'n samebindende faktor en gelowiges moet waak teen alles wat hierdie eenheid kan verbreek.

### 2.3.3 Gevolgtrekking: Die Vaderskap van God in die Ou Testament

Dit het uit die bestudering van die Ou Testamentiese tekste duidelik geblyk dat daar, ten spyte van die reserwe wat geplaas word op die Vaderskap van God, tog duidelike perspektiewe na vore kom. Gelet op alles wat in die vorige paragrawe gesê is, kan 'n aantal gevolgtrekkings gemaak word. 'n Laaste eksegetiese stap, naamlik die bepaling van die verlossingsfeite en die oproepe op grond daarvan (De Klerk &Van Rensburg, 2005:91), word in 'n mate bygewerk. Op hierdie manier staan dít wat oor God as Vader in die Ou Testament gesê word, nie los van die lig wat die Nuwe Testament daarop werp nie.

2.3.3.1 Die Vaderskap van God is maar **een van die vele metafore** wat gebruik word om God mee te beskryf. Dit beskryf slegs maar 'n sekere aspek van God se karakter.

2.3.3.2 Die Vaderskap van God in die Ou Testament word **direk gekoppel aan die verbond en die gedagte van aanneming**. Hierdie twee sake kan baie moeilik van mekaar losgemaak word, selfs al het God Israel lank voor die sluiting van die verbond as sy kinders aangeneem. Sowel die verbond as die gedagte van

aanneming wys daarop dat God graag met sy kinders in 'n verhouding wil staan. Hierdie behoefte van God word telkens die dryfkrag agter sy herhaalde oproepe tot bekering. Die volgende kan nou gesê word van God as Vader, soos wat dit uit die verbonds- en die aannemingsperspektief na vore kom:

2.3.3.2.1 God is die Vader van die gelowige op grond van *aanneming*.

- Dit geskied deur geloof in Jesus Christus (Gal. 4:4 - 5).
- Hierdie aanneming van die gelowige tot kind van God is deur en deur 'n daad van genade.
- Wie deur die Vader as kind aangeneem is, bekom ook 'n nuwe identiteit. Die gelowige is God die Vader se aangenome kind. Die identiteit van 'n gelowige kan nie anders beskryf word as dat Hy kind van die Vader is nie, maar dan kind van die Vader *omdat* die Vader Hom uitverkies het om sy kind te wees.
- Hierdie spesiale en intieme verhouding is ook deur die Vader geïnisieer, begin, van die grond gekry voordat dit en sonder dat dit by die gelowige opgekom het om in verhouding met Hom te tree.

2.3.3.2.2 Die gelowige is ook kind van die Vader *saam met ander gelowiges*. God se Vaderskap bind gelowiges nie net aan Hom nie, maar ook aan mekaar.

2.3.3.2.3 Op grond van aanneming is die gelowige ook *wettig* God die Vader se kind.

2.3.3.2.4 As Vader het God 'n *behoefte* aan gemeenskap met sy kinders. Hy verlang daarna om sy kinders se Vader te wees, of liewer, as hul Vader erken te word.

2.3.3.2.5 As Vader is God *betrokke* in die lewe van die gelowige.

- Daarom word na Hom ook as die Skepper verwys. Hy het die gelowige 'n nuwe skepsel gemaak (vgl. Gal. 6:15 in Bybel, 2004**b**) en laat vaar nie die werke van sy hande nie (Ps. 138:8; vgl. ook Fil. 1:6 en Joh. 10:28).
- Hierdie verhouding is gevolglik permanent van aard en kan slegs deur die gelowige se ongehoorsaamheid skade berokken word.
- Dat God as Vader betrokke is by sy kinders, beteken dat Hy nie 'n veraf God is wat nie van hulle behoeftes weet nie, maar dat Hy deeglik daarvan bewus is, ja eerstehandse kennis daarvan het.

2.3.3.2.6 As Vader *voorsien* Hy in die behoeftes van sy kinders.

- Dit is 'n belofte en aan hierdie belofte kan sy kinders Hom herinner, selfs al lyk dit asof die lewenswerklikheid 'n streep daardeur trek.
- Wie in 'n lewende, dit is gehoorsame en toegewyde, verhouding tot Hom staan, sal ondervind dat daar by Hom rus, vrede en kalmte te vinde is (vgl. Fil. 4:6 - 9).
- Ook wanneer na God as "rots" verwys word, word klem gelê op die feit dat Hy voorsien. As "rots" bied Hy immers sorg, standvastigheid en skuilplek.
- Omdat God Vader is, kan die gelowiges die hoop koester (vgl. "favorable hopes") dat God wel sal voorsien in hulle behoeftes.
- Dit is opmerklik dat die gelowiges wat voel dat die gemeenskap hulle verstoot, spesifiek ook hoor dat God hulle Vader is. Waar ander hulle nie meer raaksien nie, is God steeds bewus van hulle behoeftes.
- God is die Vader van *alle* gelowiges, ongeag hulle sosiale posisie of hulle omstandighede. Alle gelowiges kan Hom vertrou vir troos en bemoediging.

2.3.3.2.7 As Vader eis Hy *gehoorsaamheid en lofprysing.*

- Wanneer God die gelowige straf, is dit omdat Hy hom liefhet en die verhouding wil herstel.
- Straf is 'n teken van sy liefde.
- Ongehoorsaamheid is disrespek; dit is om die keuse wat God vír die gelowige gemaak het, te vertrap.
- God eis gehoorsaamheid, maar sy Vaderskap is ook die pleitgrond vir 'n terugkeer waar afgedwaal is. Die afgedwaalde gelowige kan in nederige vertroue na Hom terugkeer, juis omdat Hy 'n liefdevolle Vader is wat sy kind weer met ope arms terug sal ontvang. Wie terugkeer, moet dit doen met 'n opregte hart (vgl. Luk. 15: 11 - 32).
- Die intimiteit van die Vader-kindverhouding word geloën wanneer Hy as Vader aangeroep word terwyl in ongehoorsaamheid volhard word.

- Geen gelowige kan met sy sonde 'n streep deur God se genade trek nie. Hy is altyd weer bereid om te vergewe en oor te begin.
- Vir sy genade en liefde wil Hy geprys en gedank word. En dit kan die gelowige die beste doen deur 'n lewe van gehoorsaamheid, selfs in slegte omstandighede. Om God te gehoorsaam, ook in slegte omstandighede, is om te wys dat op Hom vertrou word.
- Niks regverdig 'n ongehoorsame lewe nie, selfs nie kerkleiers wat verkeerde voorbeelde stel nie.

2.3.3.2.8 God *bewys* sy Vaderskap op 'n besondere manier.

- Die verlossing uit Egipte is 'n eiesoortige daad van God in die verlede waaruit Israel kon hoop skep.
- As Vader sorg God.
- As Vader verlos God.
- Die Nuwe Testamentiese gelowige kyk na Jesus Christus die gekruisigde om raak te sien dat God sorg en verlos. Die gekruisigde Christus word die oriënteringspunt vanwaar die gelowige sy oë op die Vader vestig en met hoop die toekoms in leef. Deur Christus is die gelowige verlos en as kind van God aangeneem. Sodoende kom hy in die dampkring van God se sorg.

2.3.3.3 **Kerkleiers het** die **verantwoordelikheid** om deur hulle optrede die gelowiges te wys op die Vaderskap van God. Ongeërgdheid en ongehoorsaamheid van die kant van die kerkleiers kan tot gevolg hê dat die gelowiges se uitsig op God as Vader verflou.

## 2.4 GOD AS VADER IN DIE NUWE TESTAMENT

### 2.4.1 'n Oorsig

Anders as in die geval van die Ou Testament is die Vaderskap van God 'n sentrale begrip in die Nuwe Testament (Anthonissen & Louw, 1994:408) waar dit "'n grondtema (is) dat God deur die verdienste van Christus sy Seun ... die Vader van sy gelowige kinders is ..." (Bybel, 1998**b**:1768). Dit is daarom ook nie vreemd dat verskeie outeurs hulle met die Vaderskap van God, soos wat dit in die Nuwe Testament tot openbaring kom, besig gehou het nie. So byvoorbeeld bring die konstante fokus van die Johannes-evangelie op God, as die Vader van Jesus, vir Newman (2005:22) tot die volgende

insiggewende gevolgtrekking: "Jesus showed us more about what kind of Father we can know than about any other attribute of God." Ook Smail (2001:38) wil die Vaderskap van God verstaan deur na Jesus te kyk:

> The Father of whom the gospels speak cannot be defined in terms of any general concept of fatherhood, but always solely in terms of Jesus and his saving work.

Sommige outeurs wys daarop dat die karakteristieke woord wat Jesus gebruik om God aan te spreek, die Aramese woordjie *Abba* is (Hamerton-Kelly, 1979:72; Anthonissen & Louw, 1994:408). Wat hierdie woordjie so merkwaardig maak, is die feit dat dit nie uit die sfeer van die godsdiens kom nie. Gevolglik het die Jode God nooit as *Abba* aangespreek nie (vgl. Marchel, 1964:28 - 29; Hamerton-Kelly, 1979:72. Sien daarteenoor Moo, 1996:503). *Abba* "het uitdrukking gegee aan 'n nabyheid met God wat vir elke Jood skokkend was" (Anthonissen & Louw, 1994:408, vgl. ook Fink, 1991:3 en Searle, 2003:308). Dit sal boeiend interessant, maar ook vir die doel van hierdie studie van groot betekenis wees om die *Abba*-tekste in die Nuwe Testament van nader te bekyk.

Ook Jesus se volgelinge sou God as Vader aanspreek. In albei weergawes van die Onse Vader-gebed (Matt. 6:9 - 13 en Luk. 11:2 - 4) het Jesus sy dissipels geleer om God só aan te spreek (vgl. ook Fink, 1991:3 en Searle, 2003:307). Anthonissen en Louw (1994:408) is waarskynlik reg wanneer hulle opmerk dat God se Vaderskap alle volgelinge van Jesus tot een hegte gemeenskap en familie saamsnoer.

Uit die Nuwe Testamentiese geskrifte is dit duidelik dat die eerste Christene van die begin af na God as Vader verwys het (vgl. Widdicombe, 2000:519). Dit word bevestig deur onlangse studies soos dié van Suggit (2003), Tolmie (2004) en Malan (2005).

### 2.4.2 'n Eksegetiese verkenning van die *Abba*-tekste

Daar word 'n bewustelike keuse gemaak om die studie ten opsigte van die Vaderskap van God in die Nuwe Testament te beperk tot die drie *Abba*-tekste, naamlik Mark. 14:36, Rom. 8:15 en Gal. 4:6. Die voor die handliggende rede hiervoor is die hoë frekwensie van tekste in die Nuwe Testament wat na God as Vader verwys. So dui byvoorbeeld

Jeremias (1966:33) aan dat Jesus 170 keer na God as Vader verwys. En Martens (1996:300) wys daarop dat Johannes in sy weergawe van die evangelie 108 keer van God as Vader praat teenoor Matteus se 40 keer. 'n Nouere afbakening moet dus gemaak word. Verskillende moontlike afbakenings kan gemaak word, bv. die Vaderskap van God in die evangelies, die Vaderskap van God in die sinoptiese evangelies, die Vaderskap van God in die Johannes-evangelie, die Vaderskap van God in die briewe van Paulus, ens. As rede vir die genoemde keuse kan aangevoer word dat dit die voordeel inhou dat op sowel Jesus as die gelowiges se verhouding tot die Vader lig gewerp word. Die eksegetiese studie sal aandui dat daar 'n belangrike verband bestaan tussen Jesus se verhouding met die Vader én die gelowige se verhouding met die Vader. Hierdie verband word verryk deur die reeds behandelde Ou Testamentiese tekste. Ook dít sal aangetoon word.

**2.4.2.1 Markus 14:36**

Edwards (2002:2) wys daarop dat die eerste helfte van die negentiende eeu gekenmerk word deur 'n radikale skuif in opinie ten opsigte van die Markus-evangelie. Waar Markus se weergawe van die evangelie vir jare gelees is as 'n verkorte weergawe van die Matteus-evangelie (Vorster, 1985:106), is daar 'n al groter wordende aantal hedendaagse geleerdes wat Markus as die oudste van die sinoptiese evangelies bestempel (Lane, 1979:3; Vorster 1985:106; Swift, 1988:851; Du Rand, 1993:1446; Cole, 1995:30 - 33; Tolmie, 1999a:1188; Edwards, 2002:2 - 3; vgl. ook die ouer kommentaar van Ryle, 2000:1 - 2 waar 'n hoë waardering van die Markus-evangelie reeds voorkom). Markus, as die eerste evangelie wat op skrif gestel is (Du Rand, 1993:1446), is ook die evangelie waar Jesus sy Vader as *Abba* aanspreek. Matteus het waarskynlik as gevolg van 'n teologiese motief (vgl. Combrink, 1991:4 - 6) gekies om eerder die naam *Vader* te gebruik in die parallelteks (Matt. 26:39). 'n Keuse wat hy in elk geval onder leiding van die Gees gemaak het, net soos Markus se keuse ten gunste van *Abba*. Die vraag is nou: Waarom is Markus gelei om die woord *Abba* in die mond van Jesus te lê? Anders gevra: Wat word van God as Vader geopenbaar wanneer Jesus Hom as *Abba* aanspreek? In die paragrawe wat volg, word gepoog om op hierdie vraag 'n antwoord te gee.

Markus 14:36 maak deel uit van die Getsemane-verhaal (Mark. 14:32 - 41). Die gedagte-opbou verloop min of meer in die volgende fases (vgl. Doriani 2001:166 - 188

vir die verskillende fases van 'n narratief): **Agtergrond**: Jesus en sy dissipels kom by Getsemane aan. Hy beveel sy dissipels, behalwe vir Petrus, Jakobus en Johannes, om te bly terwyl Hy gaan bid (14:32 - 33a). **Karakterontplooiing**: Jesus word ontsteld en beangs, Hy deel sy gevoel met die drie dissipels wat saam met Hom was en beveel hulle om daar te bly en te waak terwyl Hy gaan bid. Daarna het Jesus tot sy Vader gaan bid, Hom aangespreek as *Abba* en Hom gesmeek om die lydensbeker by Hom verby te laat gaan. Tog het Hy sy Vader gevra dat sy wil (die Vader s'n) sal geskied (14:33b - 36). **Stygende konflik**: Jesus vind die drie dissipels aan die slaap. Hy berispe in die besonder vir Petrus (wat Hy as Simon aanspreek) en roep al drie op om te bly waak en te bly bid sodat hulle nie in versoeking kom nie. Dan gaan bid Hy weer soos voorheen. Met sy terugkoms by die dissipels vind Hy hulle weer aan die slaap. Hulle kon aan geen verskoning dink om Hom aan te bied nie (14:37 - 40). **Klimaks**: Nadat Jesus vir 'n derde keer gaan bid het, vind Hy sy dissipels weer aan die slaap (14:41a). **Beslissing**: Jesus laat sy dissipels slaap. Hy besef dat sy tyd aangebreek het om in die hande van sondaars oorgegee te word en dat Hy hierdie pad alleen sal moet loop (14:41). **Afloop**: Die oorgang na die volgende verhalende gedeelte word geskep wanneer Jesus sy dissipels daarop wys dat die man wat Hom gaan verraai naby is (14:42).

Uit die gedagte-opbou word dit meteens duidelik dat Jesus sy Vader as *Abba* aanspreek in 'n krisisuur van sy lewe. Wanneer doodsangs Hom oorval en Hy benoud word en wanneer Hy alleen tot sy Vader bid, oomblikke voor sy inhegtenisname, noem Hy sy Vader *Abba*.

*Aββα* is 'n Griekse transliterasie van 'n Aramese woord wat 'vader' beteken (Louw en Nida, 1989:140) en wat redelik algemeen deur klein kindertjies gebruik is om hulle vaders mee aan te spreek (Stein, 1996:247). Newman (2005:15 - 29) redeneer dat *Abba* gemaklik met *Daddy (Pappa* in Afrikaans) vertaal kan word. Stein (1996:247; vgl. ook Louw en Nida, 1989:140) het egter reeds daarop gewys dat *Abba* nie net deur klein kindertjies gebruik is om hulle vaders aan te spreek nie, maar dat dit ook 'n term was wat deur ouer kinders en volwassenes gebruik is. "As a result it is best to understand *Abba* as the equivalent of 'Father' rather than 'Daddy'" (Stein, 1996:247; vgl. ook Ryken, 2005:165 wat verkies om te vertaal met "Dear Dad" of "Dearest Dad"). Verskeie geleerdes wys op die intimiteit tussen God die Vader en God die Seun wat deur die woord *Abba* uitgedruk word (vgl. Dunn, 1988:453 - 454; Fink, 1991, 3; Moo, 1996:503;

Okholm, 1996:623). Smail (2001:31 - 39) voeg egter nog 'n belangrike perspektief hieraan toe. Ook hy meen dat *Abba* nie sonder meer met *Daddy* vertaal kan word nie. "*Father in the Bible is not the indulgent daddy of the twentieth century, but the one who has authoritative and absolute rights to the obedience of his children*" (Smail, 2001:32). En dan, gesien teen die agtergrond van die historiese en religieuse konteks, fokus Smail (2001:31 - 39) op die gehoorsaamheid van Jesus aan sy Vader. Hy kom tot die volgende slotsom:

> ... Abba is the intimate word of a family circle where the obedient reverence was at the heart of the relationship, whereas Daddy is the familiar word of a family circle from which all thoughts of reverence and obedience have largely disappeared (2001:39).

Wanneer Jesus sy Vader as *Abba* aanspreek, beklemtoon Hy daardeur nie net die besondere en intieme verhouding wat tussen hulle bestaan nie ('n vader-seun-verhouding), maar ook sy bereidheid om sy Vader ten volle te gehoorsaam. Die uitspraak *Abba* word met ander woorde direk verbind aan Jesus se woorde: "Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil."

Dat Jesus sy Vader as *Abba* aanspreek in 'n situasie van angs, is van besondere belang as in gedagte gehou word dat Markus waarskynlik vir gelowiges skrywe wat hulleself in die een of ander bedreigende situasie bevind het (vgl. Tolmie, 1999a:1189; sien ook Cole, 1995:72 - 74 en Edwards, 2002:10). Wanneer Jesus sy Vader as *Abba* aanspreek, word die gelowiges gelei om na God op 'n nuwe manier te kyk. Wat hierdie nuwe manier is, het duidelik geword uit die woordstudie van *Abba.* Ook (veral?) in tye van nood het Jesus besef dat God steeds sy Vader is en dat dit byna vanselfsprekend is dat Hy met sy Vader sal praat oor sy nood.

In die lig van bogenoemde is dit nie vreemd dat eksegete op hierdie twee aspekte, naamlik *intimiteit en gehoorsaamheid,* fokus nie. So wys Swartz (1996:508) byvoorbeeld op die besondere verhouding tussen Jesus en sy Vader wat van Godsweë bekragtig word. Hierdie verhouding bly bestaan ten spyte van die geweldige benoudheid en angs wat Jesus moes verduur (vgl. Botha, 1993:76). Edwards

(2002:433) omskryf hierdie intimiteit met woorde soos vertroue, liefde (*affection*), waagmoed en eenvoud. Dit is alles eienskappe wat nie kenmerkend van die Jode se gebede was nie. "Seldom, if ever, did rabbis presume such intimacy with God" (Edwards, 2001:433 - 434; vgl. ook Lane, 1979:517 - 518). Hy wys verder op Jesus se gehoorsaamheid wat deur *Abba* tot uitdrukking kom, maar voeg hierby ook Jesus se vertroue in sy Vader (Edwards, 2001:434). Ook Lane (1979:518) sien in *Abba* "an expression of obedient surrender and unconditional faith in the father."

Die vraag aan die begin van die eksegetiese verkenning was: Wat word van God as Vader geopenbaar wanneer Jesus Hom as *Abba* aanspreek? Uit die voorafgaande kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die Vader laat sy Seun in 'n besondere verhouding met Hom staan. Die gedagte van kindskap staan sterk op die voorgrond.
- God laat Hom aanspreek met 'n bekende, alledaagse term sodat die intimiteit tussen Hom en Jesus duidelik na vore kan kom.
- Jesus gaan na sy Vader in 'n tyd van onuitspreeklike angs en benoudheid. In sy toevlug tot sy Vader openbaar Hy die mees intieme verhouding wat daar tussen hulle bestaan. Selfs in sy oomblikke van angs ken Jesus sy Vader as *Abba*, as die Een op Wie Hy kan vertrou.
- Maar vertroue vra ook gehoorsaamheid. Om God as *Abba* te ken en aan te spreek, beteken nie 'n familiariteit waar van gesag en eerbied vir en gehoorsaamheid aan God geen sprake meer is nie. Daarom vra die gelowige nog altyd dat nie sý wil nie, maar die wil van God moet geskied. In die woordjie *Abba* word twee gedagtes bymekaar gehou: Vertroue en gehoorsaamheid. Is hier nie miskien ondertone van die verbond met sy toesegging en eis teenwoordig nie?

Die titel "seun van God" wat in die Ou Testament veral gebruik is ten opsigte van die konings, dui in die evangelies primêr op Jesus (vgl. Scott, 1996:412). As Seun van God staan Jesus in Mark. 14:36 nie alleen plaasvervangend in vir die seuns van God in die Ou Testament wat nie daarin kon slaag om God ten volle te vertrou en te gehoorsaam nie, maar ook plaasvervangend vir elke "seun" of kind van God. Dit is deur geloof in hierdie Jesus dat mense kinders van God word. Die onmiddellike vraag is of mense as God se aangenome kinders Hom ook as *Abba* mag aanspreek. Ook: is die verhouding

waarin Jesus tot sy *Abba* staan, soos hierbo saamgevat, van betekenis vir die verhouding tussen gelowiges en God? Op hierdie vrae gee die volgende twee teksgedeeltes 'n antwoord.

**2.4.2.2 Romeine 8:16**

Alhoewel Dunn (1988:446), Davidson en Martin (1988:1031) en Murray (1990:292) Rom. 8:15 laat deel uitmaak van Rom. 8:12 - 17, kan dit goedskiks ook deel uitmaak van die korter Rom. 8:14 - 17 (Van Rensburg, 1993**a**:1749; Moo, 1996:496; Vergeer, 1999:1474).

Die gedagte-opbou is eenvoudig. In vers 14 begin Paulus met die stelling dat almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, kinders van God is. Vanaf vers 15 tot 17 noem Paulus drie voordele van kindskap. In die eerste plek beteken kindskap dat die gelowige nie meer 'n slaaf is wat in vrees lewe nie. In die tweede plek beteken dit dat die Gees die gelowige die vrymoedigheid gee om God as *Abba* aan te spreek. In vers 16 onderbreek Paulus homself om die gedagte van kindskap weer 'n keer te beklemtoon. Die Gees maak die gelowige van sy kindskap bewus. Dan volg in vers 17 die derde voordeel van kindskap: Die gelowige is saam met Christus erfgenaam. Die gelowige se erfenis is tweeledig: 'n deel daarvan, naamlik lyding, ontvang hy reeds in hierdie lewe en die ander deel, naamlik die heerlikheid, ontvang hy later. Calvyn (2005**g**:295; vgl. ook Murray, 1990:295) vat die gedagte-opbou van Rom. 8:14 - 17 kernagtig soos volg saam:

> ... all those are sons of God who are led by God's Spirit; all the sons of God are heirs of eternal life: then all who are led by God's Spirit ought to feel assured of eternal life.

Of soos Moo (1996:499) dit kort en kragtig saamvat: "Spirit-sonship-heir."

Maar wie was hierdie Christene wat moes hoor dat hulle God as *Abba* mag aanspreek? Daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat die gemeente in Rome haar ontstaan te danke het aan Jode wat op Pinksterdag tot bekering gekom het en terug is na Rome (Murray, 1990:xvii; Moo, 1996). In die tyd van keiser Claudius is die Jode egter uit Rome verban en het die kerk meestal bestaan uit gelowiges vanuit die heidendom, wat algaande hulle bande met hulle Joodse oorsprong verbreek het (Moo, 1996:4 - 5). Gevolglik is daar

van die sinagoges as plek van samekoms wegbeweeg en is in huiskerke byeengekom (vgl. Van Rensburg, 1993a:1723; Moo, 1996:5; Dunn, 1988:lii). Teen die tyd dat Paulus sy brief aan die Romeine skrywe, het van die Joodse gelowiges reeds teruggekeer (vgl. Priscilla en Akwila in Rom. 16:3 en Moo, 1996:5). Met redelike sekerheid kan beweer word dat die ontvangers van Paulus se brief gelowiges vanuit die Jodedom én vanuit die heidendom was, waarvan laasgenoemde waarskynlik 'n groter persentasie uitgemaak het (Pelser, 1984:45; Dunn, 1988:liii; Van Rensburg, 1993a:1723; Moo, 1996:13; Vergeer, 1999:1452). Alhoewel Paulus met die skrywe van die Romeinebrief 'n moontlike spanning tussen die vroeëre Joodse en heidengelowiges in die oog gehad het (Dunn, 1988:lvii; Moo, 1996:20), is Moo (1996:20) waarskynlik reg wanneer hy opmerk: "Paul's focus is on the gospel and it's meaning rather than on the Romans and their needs." Saamgevat kan gesê word dat die gemeente in Rome uit verskillende groepe (huiskerke) bestaan het. Die vervolging van die Jode onder Claudius het moontlik in 'n meerdere of mindere mate die gelowiges vanuit die heidendom ook geraak (vgl. Moo, 1996:5).

Vir die betekenis van *αββα* kan gelet word op wat hierbo onder 2.4.2.1 gesê is. Van belang is dat die woordjie *αββα* nou ook deur die gelowiges gebruik word. Die rol wat die Gees hierin speel, is van die allergrootste belang. Omdat die Gees die gelowige van sy kindskap bewus maak en oortuig, het hy die vrymoedigheid om God *Αββα* te noem. Kindskap beteken met ander woorde 'n identifisering met Jesus Christus deur Wie die gelowige aan God behoort (vgl. 1 Kor. 3:23; vgl. ook Suggit, 2003:100). Tussen die gelowige en God bestaan daar (in Christus) 'n intieme verhouding wat onmiddellik ook die gedagtes van vertroue en gehoorsaamheid na vore roep. Dit is interessant dat die derde gevolg van kindskap, soos wat dit in die gedagte-opbou uitgewys is, naamlik om erfgenaam te wees van Jesus se lyding en heerlikheid, aansluit by die gedagtes van vertroue en gehoorsaamheid. Is dit dan nie so dat die gelowige in tye van lyding (let Jesus in Getsemane!) God moet vertrou en ten spyte van lyding, gehoorsaam moet lewe met die wete dat 'n heerlike toekoms op hom wag nie (let Jesus se opstanding en hemelvaart)?

Uit die verskillende kommentare wat geraadpleeg is, is dit veral Calvyn (2005**g**:298 - 299) wat die verhouding tussen *Joodse en nie-Joodse* Christene ophaal. Vir hom dui die uitroep *Abba* daarop dat daar 'n einde gekom het aan die verskil tussen Jood en

Griek, aangesien elkeen God as Vader aanroep. In 'n voetnota by Calvyn se kommentaar wys die redakteur H. Beveridge (Calvyn, 2005**g**:298) op 'n interessante waarneming van Selden ten opsigte van die *Abba*-uitroep. Beveridge verwoord dit soos volg: "Under the law the people of God were servants, but under the gospel they are made children; and hence the privilege of calling God *Abba*." Die gedagte van *kindskap en die rol wat die Gees* daarin speel, kom by al die ander geraadpleegde bronne na vore. So wys Dunn (1988:451) daarop dat die woorde "seuns van God" (let Rom. 8:14 in die Griekse teks, Nestle-Aland, 1988) nie 'n vreemde uitdrukking vir Paulus se hoorders was nie. Zeus as "vader van almal" was 'n bekende begrip. Verder was die Jode bekend met die gedagte van Israel as seun van God, asook met die gedagte dat enkelinge as seuns van God getipeer is. Paulus gebruik hierdie bekende begrip, aldus Dunn, bewustelik maar herdefinieer dit in terme van die Gees van God. Hy skryf:

> The divine sonship of individuals is determined by the Spirit of God ... for Paul it is the Spirit which is the primary reference point in defining Christians' sonship, not faithfulness to the law as understood by his Jewish contemporaries (Dunn, 1988:451).

Die Gees lei nie die gelowige terug na vrees vir straf as gevolg van die oortreding van die wet nie, maar verseker hom van kindskap (vgl. Calvyn, 2005**g**:295 - 297; Dunn, 1988:460). Wanneer die Gees die bestaan van die mens domineer, is die gevolg 'n gelowige wat 'n seun van God is. "The one necessarily includes the other" (Moo, 1996:499; vgl. ook Dunn, 1988:451 vir soortgelyke gedagtes). Om deur die Gees gelei te word, is 'n teken waaraan kinders van God uitgeken word. Die Gees is egter nie net instrumenteel "in *making* us God's children ..." nie; "... he also makes us *aware* that we are God's children" (Moo, 1996:503). In sy kommentaar op Romeine wys John Murray (1990:296) daarop dat die Gees in die gelowige die kinderlike liefde en vertroue skep wat hom in staat stel om uit te roep: "*Abba*, Vader." Wanneer Dunn (1988:454) die woordjie *Abba* onder bespreking bring, maak hy 'n paar insiggewende opmerkings. In die eerste plek wys hy daarop dat *abba* in die intieme sirkel van die familie gebruik is. In die tweede plek herinner hy daaraan dat dit dieselfde woord was wat Jesus gebruik het om sy Vader aan te spreek. Wanneer gelowiges hierdie woord gebruik wanneer hulle God aanspreek, kan hulle daarvan verseker wees dat hulle deel in die kindskap van

Jesus, maar ook in sy *erflating*. In die laaste plek is Dunn daarvan oortuig dat die *Abba*-uitspraak, verstaan teen die agtergrond van Jesus se gebruik daarvan, 'n "distinctive badge", 'n *onderskeidende kenmerk* van die gelowiges was. Van Rensburg (1993a:1740) wys op die liefdevolle versorging van die almagtige God wat ingesluit lê in die betekenis van kindskap. Gelowiges is God se aangenome kinders (Van Rensburg, 1993a:1740; vgl. ook Davidson en Martin, 1988:1031). Vergeer (1999:1474) bring ook die gedagte van God se almag ter sprake en wys soos Van Rensburg op die voordeel wat dit vir die gelowige inhou:

> Kinders ... leef in 'n verhouding van persoonlike liefde en blydskap teenoor hulle hemelse Vader. Hulle spring elke dag met geloofsvertroue in hulle Vader se arms en roep *Vader* (oorspronklike aksentuerings weggelaat).

Hierby kan Calvyn (2005g:295) se opmerking gevoeg word, naamlik dat gelowiges wat hulle deur die Gees laat lei, verseker is van die ewige lewe. Genoemde drie geleerdes koppel die gedagte van troos en bemoediging met ander woorde aan die *Abba*-uitroep.

Samevattend kan die volgende opmerkings gemaak word:

- Uit Rom. 8:15 is dit duidelik dat die aanspreekvorm van God die Vader as *Abba* nie net op Jesus betrekking het nie, maar ook op die gelowige.
- Die gelowige spreek God as *Abba* aan op grond van die feit dat hy as kind van God aangeneem is. Anders gesê: Die gelowige spreek God as *Abba* aan omdat hy aan Christus behoort en hom as't ware met Christus identifiseer. Maar hierby kom die werk van die Gees wat hom van sy kindskap bewus maak en oortuig. Daarom kan en mag hy soos Jesus vir God as *Abba* aanspreek. Een van die voorregte van 'n kind van God is dat hy God met vrymoedigheid *Abba* mag noem. God, die Vader het die gelowige in hierdie verhouding geplaas deur hom as sy kind aan te neem.
- Gedagtes van troos en bemoediging hou verband met die *Abba*-uitspraak. Die almagtige God is die gelowige se *Abba* wat hom in liefde versorg en op wie hy in alle omstandighede kan vertrou. Die woordjie *Abba* herinner die gelowige ook daaraan dat Hy aan hierdie God behoort en dat daar daarom ook vir hom 'n versekerde toekoms wag.

- Die gelowige noem God egter *Abba* saam met alle ander gelowiges. Dit is 'n uitspraak wat hoort binne 'n bepaalde ruimte, naamlik dié van die kerk van Jesus Christus. Dit hef alle onderskeid op wat tussen gelowiges mag bestaan, maar is terselfdertyd 'n onderskeidende kenmerk net van gelowiges. Net hulle wat kinders van God is, kan God met oortuiging *Abba* noem.

**2.4.2.3 Galasiërs 4:6**

Paulus se brief aan die Galasiërs is moontlik die eerste van sy briewe wat op skrif gestel is (Longenecker, 1990:xli) en maak deel uit van sy sogenaamde groter sendingbriewe (Longenecker, 1990:xli), ook genoem hoofbriewe (Tolmie, 1999b:1548) wat ná Romeine en die twee Korintiërbriewe in die Bybel opgeneem is.

Gal. 4:6 maak deel uit van die tweede hoofdeel van die Galasiërbrief waarin Paulus op 'n teologiese manier die vryspraak uit die geloof verdedig (Lategan, 1986:16; Van Rensburg, 1993b:1805; Ryken, 2005:26). In nouere konteks is die vers deel van Gal. 4:1 - 7. (Vergelyk Betz, 1988:202; Lategan, 1986:77; Longenecker, 1990:160; Ryken, 2005:156). In hierdie gedeelte argumenteer Paulus vir 'n vyfde keer dat 'n mens slegs deur geloof vrygespreek word. Die gedagte-opbou verloop soos volg: Soos wat 'n erfgenaam, wat minderjarig is, vir sy erfporsie moet wag tot op die dag wat sy pa bepaal het (vers 1 - 2), moes die mensdom, ten einde losgekoop te word en as kinders van God aangeneem te word, wag vir die dag wat God bepaal het dat sy Seun uit 'n vrou gebore sou word (vers 3 - 5). Die argument is dat voor die koms van Jesus die mens aan allerlei godsdienstige reëls uitgelewer was ten einde sy verlossing te probeer verdien. Nou, na die koms van God se Seun, is dit nie meer nodig om die verlossing te probeer verdien nie, want deur Jesus is die gelowige losgekoop en as kind van God aangeneem. Dit hou die wonderlike voorreg in dat die gelowige die Gees ontvang het wat in hom uitroep: *"Abba"* (vers 6). In vers 7 som Paulus sy argument op: Gelowiges is nie meer slawe nie, maar kinders en daarom ook erfgename.

Wie was hierdie Galasiërs aan wie Paulus so breedvoerig oor die verlossing deur die geloof skryf? Daar kan nie met sekerheid gesê word na watter gebied in Galasië verwys word nie. (Vergelyk Betz, 1988:3 en Tolmie, 1999b:1548; sien Lategan, 1988:100 en Mikolaski, 1988:1089 - 1190 vir die keuse tussen die provinsie- of landstreekhipotese.) Hulle was nie-Jode wat tot bekering gekom het tydens een van Paulus se sendingreise

(vgl. Lategan, 1986:14). Wat uit Paulus se brief aan die gemeentes in Galasië duidelik na vore kom, is dat aan hierdie gelowiges 'n "ander evangelie" (vgl. Gal. 1:6) voorgehou is as die evangelie wat Paulus verkondig het. Oor die identiteit van hulle wat hierdie ander evangelie verkondig het, die sogenaamde Judaïseerders (Ryken, 2005:9; vgl. ook Van Rensburg, 1993**b**, 1805) is veel geskryf en geteoretiseer (Longenecker, 1990:lxxxix). Alhoewel Paulus sy teëstanders in die brief nooit direk aanspreek nie (Betz, 1988:5), bestaan daar eenstemmigheid dat hulle Christene van Joodse afkoms was (Betz, 1988:8 - 9; Lategan, 1988:102; Longenecker, 1990:xcv; Tolmie, 1999**b**:1547; Ryken, 2005:16). Die Judaïseerders het verkondig dat, ten einde werklik te deel in die seën van Abraham, moes die gelowiges hulle laat besny en onderwerp het aan die Ou Testamentiese wet (Longenecker, 1990:xcv; Silva, 1996:281). Die argumente van die Judaïseerders moes oortuigend gewees het, want die gelowiges het daartoe afvallig geword (vgl. Longenecker, 1990:8). Die Judaïseerders het geargumenteer dat hulle aansluit by Paulus se boodskap en dit net 'n treetjie verder neem (vgl. Longenecker 1990:8). Desnieteenstaande hulle aanspraak is hulle boodskap deur Paulus ontmasker as 'n evangelie wat in stryd is met die evangelie wat hy aan hulle verkondig het.

Vir die betekenis van *αββα* kan gelet word op wat reeds hierbo onder 2.4.2.1 en 2.4.2.2 gesê is.

Wat die eksegetiese bronne betref, is dit opvallend dat redelik wyd aandag geskenk word aan die uitdrukking "*Gees van sy Seun*" wat in vers 6 voorkom. Paulus se bedoeling daarmee is waarskynlik om uitdrukking te gee aan die integrale natuur van kindskap en die ontvangs van die Gees (Longenecker, 1990:174; vgl. ook Betz, 1988:210; Lategan, 1986:81). Calvyn (2005**h**:120) vat hierdie gedagte goed saam: "We are the sons of God, because we have received the same Spirit as his only Son." Kindskap word volgens Lategan (1986:81) van "bo" geskenk en van "onder" deur die Gees bevestig wanneer Hy die gelowiges laat uitroep: "Abba". Ryken (2005:165) beskryf die verband tussen kindskap en die Gees soos volg: "First, he sent his Son to make us children (Gal. 4:4); then he sent his Spirit to let us know that we really are his children (Gal. 4:6)." Sowel Lategan (1986:81) as Ryken (2005:165) wys daarop dat die Vader, die Seun en die Gees in veral Gal. 4:4 - 6 aan mekaar verbind word.

> God the Father, just because he is the Father, is the one who adopt us. He did this by first sending his Son to redeem us from bondage, so that we are no longer slaves but sons. Then the Father sent his Spirit to convince us that we are indeed the sons and daughters of God (Ryken, 2005:165).

Die onbetwisbare voorreg van die kinders van God is dat hulle ook *erfgename* is. Longenecker (1990:177) bring die twee hoofgedagtes van hierdie perikoop, naamlik kindskap en erfgenaamskap, treffend soos volg onder woorde:

> God's purpose in redemption has always been to bring his people to a full realization of their personal relationship with him as sons and to a full possession of their promised inheritance.

Uit die bespreking hierbo kan die volgende gedagtes nou uitgelig word:

- God, die Vader maak mense sy kinders deur hulle sonder verdienste in Jesus aan te neem.
- Gelowiges staan daarom in 'n nuwe, intieme verhouding tot Hom.
- Die Gees van Christus oortuig die gelowige van sy kindskap en laat hom tot God roep: "Abba."
- Wie God deur die werking van die Gees só kan aanspreek, hoef nie te twyfel oor sy redding uit genade nie.

### 2.4.3 Gevolgtrekking: Die Vaderskap van God in die Nuwe Testament met besondere verwysing na die *Abba*-tekste

Uit die lig van bogenoemde eksegetiese verkenning van die *Abba*-tekste in die Nuwe Testament, kan by wyse van vergelyking die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

**2.4.3.1** Die aanspreekvorm *Abba* word vir die eerste keer by Jesus aangetref, maar dit is uit Romeine en Galasiërs duidelik dat die **vroeë Christene** God die Vader ook op hierdie wyse aangespreek het.

**2.4.3.2** *Abba* is 'n **intieme aanspreekvorm** wat eie is aan hulle wat kinders van God is. God die Vader laat Hom op hierdie wyse aanspreek deur hulle wat aan Hom behoort.

**2.4.3.3** Die **Heilige Gees** speel 'n belangrike rol in die gelowige se erkenning van God as *Abba.* Hy oortuig naamlik die gelowige van sy kindskap, van die feit dat hy deur Christus aangeneem is as kind van God. Hierdie oortuigingswerk van die Gees bring die gelowige so ver om God *Abba* te noem.

**2.4.3.4** Dit is 'n **uitstaande kenmerk** van 'n gelowige dat hy God *Abba* mag noem.

**2.4.3.5** God word in al drie tekste *Abba* genoem in omstandighede van **onsekerheid en spanning**.

- Jesus noem sy Vader *Abba* op die vooraand van sy kruisiging. Die Bybel beskryf dat Hy tot die dood toe benoud was.
- Die gelowiges in Rome noem God *Abba* teen die agtergrond van die vervolging van die Jode en die invloed wat dit op die Christelike gemeente aldaar gehad het.
- In die gemeentes in Galasië word God as *Abba* aangespreek te midde van leerstellige onsekerhede, of anders gesê, te midde van onsekerheid rondom kindskap van God.

**2.4.3.6** Uit veral die Pauliniese tekste word troos en bemoediging sterk gekoppel aan die **erfenis** wat op die gelowige wag. In tye van onsekerheid en spanning kan 'n gelowige weet dat hy aan *Abba* behoort en daarom 'n seker toekoms tegemoet gaan.

**2.4.3.7** In die geval van Jesus is daar 'n moontlike sinspeling op die ***verbond*** met sy eis en belofte.

- Om God as *Abba* aan te spreek, beteken nie disrespek nie. Daarom word 'n keuse gemaak om *Abba* nie in Afrikaans met "Pappa" te vertaal nie, maar eerder met "Vader" of gewoon onvertaald te laat.
- 'n Saak kan daarvoor uitgemaak word om die woord *Abba* deel van die geloofswoordeskat van die gelowige te maak, met beklemtoning van die unieke betekenis van die woord. Dit sou beteken dat wie God op hierdie wyse aanspreek, daaraan herinner sal word dat Hy vertrou kan en mag word, maar dat dit terselfdertyd ook gehoorsaamheid eis. Hy bly die God van die

verbond wat steeds "jou God" wil wees, maar ook wil dat "jy sy kind" sal wees.

**2.4.3.8** Die Pauliniese tekste lê ook klem daarop dat die woordjie *Abba* deur gelowiges vanuit verskillende agtergronde op die lippe geneem word. In 'n sin druk *Abba* ook die *eenheid* wat daar tussen gelowiges in Christus bestaan, treffend uit.

## 2.5 DIE VADERSKAP VAN GOD: BASISTEORETIESE BEGINSELS AFGELEI VANUIT DIE SKRIFGEGEWENS

Die volgende basisteoretiese beginsels kan op grond van die Ou en Nuwe Testamentiese gegewens, voorafgaande, geïdentifiseer word:

2.5.1 Die verhouding tussen God die Vader en sy kinders moet in die lig van die **verbond** met sy belofte en eis verstaan word.

**2.5.1.1** *God die Vader wil graag in 'n verhouding met sy kinders staan.*

- Hierdie behoefte is die dryfkrag agter sy herhaalde oproepe tot bekering en lofprysing.
- Ongehoorsaamheid aan God werk negatief in op die intimiteit van die verhouding tussen die Vader en sy kinders.

**2.5.1.2** *God die Vader is betrokke by sy kinders.*

- Hy maak van die gelowige 'n nuwe skepsel en belowe om in sy behoeftes te voorsien, veral in tye van onsekerheid en spanning.
- Hy is nie 'n veraf God nie en as Skepper laat Hy nie die werke van sy hande vaar nie.
- Sterk klem word op die permanentheid van hierdie verhouding gelê.
- Deur gebed kan gelowiges wat verlate voel, God se beloftes aan Hom voorhou.

**2.5.1.3** *God die Vader bewys sy liefde in Jesus Christus.*

- Die gekruisigde Christus is die oriënteringspunt vanwaar die gelowige sy oë op die Vader vestig vir 'n hoopvolle toekoms.

**2.5.1.4** *God die Vader gee aan die gelowige 'n nuwe identiteit.*

- God is die Vader van die gelowige op grond van aanneming.
- Die gelowige is wettig God se kind.

- Die Heilige Gees oortuig die gelowige van sy kindskap (die gelowige is 'n uitverkore kind van God!) en bring hom so ver om God met vrymoedigheid deur die intieme woord *Abba* aan te spreek.
- Dit is 'n voorreg wat die gelowige het om God as *Abba* aan te spreek.

**2.5.1.5** *God die Vader bind gelowiges deur Christus aan mekaar.*

- Gelowiges het 'n nuwe familie wat bestaan uit broers en susters in die geloof.
- Die gelowige noem God *Abba* saam met talle ander.
- Gelowiges moet getrou aan mekaar wees.

2.5.2 **Kerkleiers** het die verantwoordelikheid om deur hulle optrede die gelowiges te wys op die Vaderskap van God. Ongeërgdheid en ongehoorsaamheid aan die kant van die kerkleiers kan tot gevolg hê dat gelowiges se uitsig op God as Vader verflou.

2.5.3 Dit behoort sterk oorweeg te word om die woordjie *Abba* deel te maak van elke gelowige se **woordeskat**.

# HOOFSTUK 3

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT SPESIFIEKE KWESSIES BY AANGENOME KINDERS

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die spesifieke kwessies wat by aangenome kinders voorkom, nagevors en uiteengesit. Onder "metateorie" verstaan Heyns en Pieterse (1998:37) 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheid ondersoek. Kennis van ander wetenskappe word gevolglik ingespan om 'n meer getroue beeld van die werklikheid te verkry (De Klerk & Dreyer, 2006:215). Veral die Sielkunde en die Sosiologie word oorsigtelik betrek as metateoretiese ondersoekveld, met spesiale fokus op daardie kwessies wat veral by aangenome kinders voorkom.

In 'n eerste rondte word die verskillende probleme of kwessies wat in gedagte gehou moet word by die berading van die aangenome kind, oorsigtelik bespreek. Dit word gedoen deur 'n toepaslike oorsig van veral resente navorsingsartikels van ongeveer die afgelope tien jaar. Hierna word die riglyne wat Nola Passmore (2004) bied vir die berading van aangenome kinders bespreek. Hierdie hoofstuk sluit af met 'n samevatting van metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die spesifieke kwessies by aangenome kinders.

Alhoewel hierdie studie nie beoog om 'n volledige oorsig te gee oor die huidige stand van navorsing ten opsigte van die vader-en-aangenome-persoon-verhouding nie, is dit tog ter wille van volledigheid noodsaaklik om in hierdie verband enkele belangrike afleidings uit resente navorsing te maak. As laaste punt word daarom by wyse van oorsig gelet op die invloed wat die biologiese en aanneemvader in die ontwikkeling van die aangenome kind uitoefen.

## 3.2 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE SPESIFIEKE KWESSIES BY AANGENOME KINDERS: 'N LITERATUUROORSIG

### 3.2.1 Spesifieke kwessies by aangenome kinders: 'n Voortgaande debat

Die literatuur oor aanneming kan rofweg verdeel word in twee groepe (vgl. Baratte, 2005:36). Aan die een kant is daar navorsers wat geen merkwaardige verskil waarneem tussen aangenome en nie-aangenome kinders met betrekking tot gedragsverskynsels nie (Peters, 1999; Brand & Brinich, 1999). En aan die ander kant is daar navorsers wat meen om wel 'n noemenswaardige verskil aan te dui (Wierzbicki, 1993; Howe, 1997; Miller *et al.*, 2000**a**; Miller *et al.*, 2000**b**; Smith, 2001:495; Smith & Brodzinsky, 2002:213). Met verwysing na die sogenaamde "adopted child syndrome" waarsku Janus (1997:270) dat navorsing rakende aanneming met versigtigheid benader moet word, aangesien dit belaai is met metodologiese probleme en die vooroordele van navorsers. Smith (2001:496; vgl. ook Brand & Brinich, 1999:1227) wy 'n hele artikel aan die term "adopted child syndrome" en kom tot die gevolgtrekking dat daar geen wetenskaplike bewys van so 'n sindroom bestaan nie. Aangenome kinders is wel oorverteenwoordig in psigologiese terapie (Howe, 1997:401; Miller *et al.*, 2000**a**:1459; Miller *et al.*, 2000**b**:1510; Smith & Brodzinsky, 2002:213) en wel om die volgende redes (Brand & Brinich, 1999:1227; vgl. ook Peters, 1999:316 en Miller *et al.*, 2000**a**:1471):

- Sommige aanneemouers mag moontlik "op die uitkyk wees vir probleme" as gevolg van die stigma wat binne sekere kulture aan aanneming gekoppel word.
- Probleme wat deur aangenome kinders ervaar word, kan 'n aanneemfamilie makliker uiteenskeur as wanneer dieselfde probleme in 'n familie waarin daar nie aangenome kinders is nie, ervaar word, aangesien sulke probleme as 'n bedreiging vir die identiteit van die gesin beskou kan word.
- Aangesien baie aanneemouers gereelde kontak met maatskaplike werkers voor en na die aanneming gehad het, verstaan hulle die potensiële voordele wat psigologiese terapie kan inhou.
- Sommige navorsing dui aan dat aanneemouers 'n groter inkomste verdien as nie-aanneemouers en gevolglik makliker terapie vir hulle kinders kan bekostig.

Die verskillende navorsingsbevindinge ten opsigte van gedragskwessies by aangenome kinders word goed saamgevat deur Smith en Brodzinsky (2002:213): "... while the

majority of adopted children are well-adjusted, adoptees as a group are at somewhat greater risk for maladjustment than their non-adopted peers."

Alhoewel genetiese oorerwing, natuurlike temperament en omgewingsinvloede 'n groot rol speel in die gedrag van aangenome kinders (vgl. Howe, 1997:402), is dit duidelik dat sekere kwessies wel op 'n besondere manier deur hulle beleef word. Al gee aanneming *per se* nie tot emosionele en gedragsprobleme aanleiding nie (Brand & Brinich, 1999:1228), kan aanneming wel "extra baggage" wees in die geestelike, godsdienstige en opvoedkundige ontwikkeling van die persoon (Baratte; 2005:40; vgl. Fraser, 2005:65). Die kwessies wat die meeste deur navorsers uitgelig en bespreek word, word vervolgens aan die orde gestel.

### 3.2.2 Spesifieke kwessies by aangenome kinders: Bespreking van resente artikels

Verskeie navorsers bespreek verskeie kwessies wat by die aangenome kind voorkom. So bespreek byvoorbeeld Lourens (2002:16 - 22) 'n aantal kwessies onder die volgende hoofde: aanpassing, ervaar van skeiding en verlies, vertroue, gevoel van onsekerheid, gevoel van behoort, gedrags- en emosionele probleme, selfbeeld en waardigheid, om ander daarvan te vertel, verwerping, identiteitsvorming en binding/gehegtheid. Gelet op die huidige stand van navorsing in die geheel, is dit egter duidelik dat alle kwessies tot twee hoofkwessies gereduseer kan word, naamlik:

- Identiteit
- Verwerping en verlies

Die ander kwessies, soos onder andere deur Lourens uitgewys, sal as deel van dié twee hoofkwessies bespreek word. Identiteit en verwerping/verlies word vervolgens beskryf en bespreek.

#### 3.2.2.1 Identiteit

Die kwessie rakende aangenome kinders wat die meeste deur navorsers gehanteer word, is identiteit (vgl. Janus, 1997:271; Peters, 1999:308; Miller *et al.*, 2000**b**:1509 wat praat van "*adoptive identity*"). "Adoption launches the child on a lifelong quest to form an authentic sense of self" (Baratte, 2005:35). Krueger en Hanna (1997:201; vgl. ook Janus 1997:271) wys daarop dat die soeke na hulle biologiese wortels dwarsdeur die

geskiedenis as een van die tipiese karaktertrekke by aangenome kinders uitgewys is. Hulle is soekend in 'n poging om sin te maak uit 'n geheimsinnige verlede wat belaai is met angs, onduidelikheid en onsekerheid. "Aangenome kinders worstel soms met die kwessie van oorsprong" (Lourens, 2002:19). "Somehow something is missing which denies them a sense of authenticity, of being *fully* in reality, as if parts of themselves are unknown or caught up in mystery" (Nydam, 1999:65). Daarom is daar by aangenome kinders die onbewustelike poging om 'n eksistensiële leemte, "a deep empty place" (Saltzman, 1998:17), "a hole in one's very soul" (Fraser, 2005:69) te probeer vul. Die aangenome kind kan hierdie leemte probeer vul deur óf negatief teenoor ander, veral teenoor die aanneemouers, op te tree (uittarting, woede, aggressie, lae selfwaarde) óf deur die ongesonde strewe na oorprestering en perfeksionisme (akademies, sport, musiek, ens.) (Fraser: 2005, 69 - 70). Dit is daarom belangrik dat enige berader die aangenome kind se soeke na identiteit sal ondersteun en dit sal plaas binne die raamwerk van eksistensiële ontwikkeling. "Through a search – successful or unsuccessful – an adoptee can place his or her existence and origins in proper context as a normal aspect of personal growth" (Krueger & Hanna, 1997:201; vgl. ook Fraser, 2005:74).

Die gemiddelde ouderdom van aangenome kinders wat na hulle biologiese ouers soek, is 29 jaar (Janus, 1997:272). Alhoewel nie alle aangenome kinders na hulle biologiese ouers sal soek nie (die meeste soekers is vroulik, vgl. Krueger & Hanna, 1997:197; Janus, 1997:272), voel die meeste aangenome kinders dat kennis van hulle biologiese ouers hulle wel met identiteitsvorming kan help (vgl. Krueger & Hanna, 1997:196 - 197 wat verwys na die sielkundige Erik Erikson wie se ontwikkeling en identiteit beïnvloed is "by not knowing his biological father"). Kennis van biologiese ouers mag ook help om aanneming in 'n positiewe lig te sien en kan allerhande fantasering en dagdromery ten opsigte van biologiese ouers tot 'n einde bring (vgl. Nydam, 1999:66 - 67). So kom Russell Saltzman (1998:17), nadat hy sy biologiese agtergrond vasgestel het, tot die volgende konklusie: "Now I know beyond question, I was not abandoned to adoption. I was rescued by it."

Hier moet ook opgemerk word dat skuldgevoelens, lojaliteit teenoor die aanneemouers (vgl. Janus. 1997:271) en 'n vrees vir "a second rejection" (Saltzman, 1998:17) dikwels die aangenome kind daarvan weerhou om na sy biologiese ouers te soek. "It is often

this very feeling of guilt that stops adoptees from searching for their birthparents while their adoptive parents are living" (Janus. 1997:271).

Smith en Brodzinsky (2002:221) wys daarop dat die verlies van die biologiese ouers aanleiding kan gee tot 'n lae selfwaarde.

In 'n resente artikel bespreek Nola L. Passmore (2004:165 - 175), 'n dosent in Sielkunde aan die Universiteit van Southern Queensland, die verhouding tussen God die Vader en aangenome kinders, met spesifieke verwysing na die kwessies van identiteit en verlies. Die waarde van die artikel lê daarin dat Passmore vanuit die Sielkunde as hulpwetenskap hierdie twee kwessies, wat met "several unique dimensions" (2004:165) by aangenome kinders manifesteer, uitwys en direk in verband bring met die Vaderskap van God. Wat identiteit betref, wys Passmore (2004:166) op die volgende:

> While the establishment of a satisfactory identity can be a difficult task for many adolescents, adoptees face unique issues or challenges that may make some adopted adolescents and adults more vulnerable to identity confusion and a lowered sense of self worth.

Spesifieke kwessies en uitdagings wat aangenome kinders ervaar het te doen met 'n diskontinuïteit tussen hulle genealogiese erfenis en hulle opvoeding. "Adoptees typically do not look like the other members of their families, nor do they share the same genetic or social histories" (2004:166). Daarom dat vrae soos "Waar kom ek vandaan?" en "Soos wie lyk ek?" nie maklik beantwoord word nie (vgl. ook Baratte, 2005:35). "Without the anchor point of a personal history prior to the adoption, it may be difficult for some of these adoptees to further differentiate from their adoptive families and develop their own identities" (Passmore 2004:166).

Wanneer 'n aangenome kind die ouers van 'n eie, biologiese kind word, kan dit 'n besondere emosionele ervaring wees waar gevoelens van identiteit en herkoms 'n groot rol speel. Dit kom treffend na vore in die volgende gedeelte uit die dagboek van 'n aangenome dogter (Calvert, 2006:313):

*October 1978*

My baby was due on 1st October and finally I give birth on the 22nd. The baby is bruised and battered from the forceps so is in special care. The porter wheels me down to see her. The nurse puts her in my arms. I gaze into her face and don't notice the bruising. For the very first time in my life I have a companion – my very own flesh and blood and, amazingly, she looks like me!

Lourens (2002:18) wys daarop dat aangenome kinders kan dink dat hulle anders is as kinders wat by hulle biologiese ouers grootword. 'n Rede hiervoor is dat aanneemouers hulle kinders dikwels probeer troos en bemoedig deur daarop te wys dat hulle spesiaal is en uitgekies is. Hierdie manier van troos moet versigtig hanteer word, aangesien die kind kan voel dat hy "gekies" is net omdat hy vroeër weggegee is (vgl. ook Krueger & Hanna, 1997:196). Beraders moet die verskille wat die aangenome kind waarneem, erken en openlik daaromtrent wees. Dit kan help om die proses van aanvaarding makliker te maak.

Die tienerfase is moontlik die fase waarin aangenome kinders die sterkste fokus op die verskille tussen hulle en hulle aanneemouers (vgl. Baratte, 2005:36). Hulle weet gewoonlik min van hulle biologiese ouers en wat hulle wel weet, is dikwels in kontras met wat hulle graag wou hê hulle biologiese ouers moes wees. Die term "identiteitsdiffuusheid" sluit "gevoelens soos fragmentasie, vervreemding en erfgenaamloosheid" in wat daartoe lei dat tieners hulleself "*of* onttrek, *of* rebels en opstandig reageer *of* 'n sterk behoefte toon om 'weg te gaan en die wêreld te sien' in die hoop om hul identiteit te vind" (Lourens, 2002:23). Die selfbeeld en waardigheid van adolessente aangenome kinders kom onder druk as gevolg van die feit dat hulle weggegee is en die gevolglike gebrek aan informasie. Hulle kan hulleself blameer vir die feit dat hulle aangeneem is en voel dat hulle iets verkeerds gedoen het (Lourens, 2002:21).

Selfs al is dit moeilik om afleidings te maak ten opsigte van die selfrespek van aangenome kinders as 'n groep, moet aanvaar word dat, terwyl ...

> ... searches and reunions may answer many of the questions surrounding the adopted person's pre-adoption identity, many adoptees still struggle with the missing pieces – the unknown and/or unmet birth relatives, information that is blocked or not forthcoming, and conflicting data that do not seem to fit other information the adoptee has already been given (Passmore, 2004:166 - 167).

Die soeke na identiteit kan by aangenome kinders lewenslank duur, tensy daar 'n oplossing aangebied word wat nie deur genoemde faktore beïnvloed word nie. Hierdie navorsing poog om 'n oplossing hiervoor in 'n volgende hoofstuk te bied.

**3.2.2.2 Verwerping en verlies**

Ten nouste verbind aan die kwessie van identiteit is die kwessies van verwerping en verlies. Aangenome kinders ervaar verwerping en daarmee saam verlies (vgl. Janus, 1997:270; Peters, 1999:308; Miller *et al.*, 2000**b**:1509; Smith, 2002:214). Smith en Brodzinsky (2002:213) wys daarop dat aanneming inherent geassosieer word met verskeie "loss-related experiences", soos die verlies aan biologiese ouers en 'n uitgebreide biologiese familie. Fraser (2005:69) is selfs daarvan oortuig dat verlies die primêre kwessie rakende aanneming is waaruit al die ander kwessies voortvloei, terwyl Janus (1997:267) daarop wys dat gevoelens van verlies een van die hoofredes is waarom aangenome kinders berading soek.

Ten spyte van Janus (1997:270) se opmerking dat die meeste outeurs erken dat aangenome kinders verlies ervaar, meen Passmore (2004:167) dat die ervaring van verlies deur navorsing dikwels onderskat of selfs misken word.

Navorsing toon dat die kwessie van verwerping teruggevoer kan word na die prenatale fase. Die worsteling van die biologiese ma of sy haar kindjie moet opgee vir aanneming of nie, kan reeds die eerste ervaring van verwerping wees (Lourens, 2002:22). Die primêre verlies in aanneming het te doen met "*not having been kept by one's original parents ... bonding doesn't begin at birth, but is a continuum of physiological, psychological and spiritual events which begin in utero and continue throughout the postnatal period*" (Passmore, 2004:167). Wanneer hierdie proses onderbreek word deur die skeiding van die kind en sy biologiese ma, word die ervaring van verwerping en

verlies onuitwisbaar op die onderbewuste van die kind ingeprent. Dit lei tot die sogenaamde "primal wound" (Passmore, 2004:167; vgl. ook Verrier, 1993; Lourens, 2002:19; Fraser 2005, 65.) en die ervaring van 'n "primal pain" (Baratte, 2005:35).

Tussen die ouderdom van 3 - 7 jaar word aangenome kinders bewus van hulle andersheid (Lourens, 2002:18), maar die latente stadium (7 - 11 jaar) word beskou as 'n kritiese periode waarin die aangenome kind intellektueel en emosioneel ten volle bewus raak van wat dit beteken om aangeneem te wees (Baratte, 2005:36). Die kind begin verstaan dat sy aanneming die gevolg is van 'n biologiese ma wat hom weggegee het.

Die motief waarom die biologiese ma die kind vir aanneming opgee, speel geen wesenlik rol wanneer dit kom by die ervaring van verwerping nie. Selfs al word die kind vir aanneming opgegee as gevolg van goeie redes (byvoorbeeld om 'n beter toekoms aan die kind te voorsien), voel die aangenome kind steeds die verwerping aan. In die woorde van 'n aangenome kind: "... being wanted by my adoptive parents doesn't compare to being unwanted by my birthmother" (Passmore, 2004:167). Die navorsing van Leon (vgl. Passmore, 2004:167) verskil van bogenoemde en wys daarop dat die vroegste ervarings van verlies by die aangenome kind te make het met sy aanneemma. Wanneer die kind besef dat sy aanneemma hom nie "gedra" het nie, mag hy die gevoel van 'n fisiese verbintenis vermis. Die gevoel van verlies groei met ander woorde uit die verbondenheid wat tussen die aanneemma en die aangenome kind ontwikkel het en nie uit teenwoordige gevoelens van verlies aan die biologiese ouers nie. Passmore (2004:167 - 168) se eie navorsing dui aan dat albei die bogenoemde "verlies"-scenario's lewensvatbaar is. In plaas daarvan om te debatteer watter "verlies"-scenario meer betekenisvol is, moet albei verstaan word as oorsake van 'n gevoel van verwerping en verlies by aangenome kinders.

Kwessies van vertroue en verraad word dikwels in verband met verlies gebring. Waar dit vir biologiese kinders 'n eerste sosiale prestasie is om hulle ma uit sig te verloor sonder om angstig te raak, is die primêre vertrouensverhouding by aangenome kinders reeds verbreek. By sommige aangenome kinders manifesteer 'n gevolglike wantroue in intieme verhoudings, aangesien hulle vrees dat die verhoudings in elk geval nie sal slaag nie. Vrees vir verwerping kan ook daartoe aanleiding gee dat die aangenome kind

hom onttrek van verhoudings of verhoudings kan uittoets en tot op 'n punt druk waar dit in elk geval skipbreuk ly (Passmore, 2004:168).

Een van die moeilikste take waarmee aangenome kinders te doen kry, is om 'n effektiewe band te vorm met hulle aanneemouers. Dit is "'n uiters komplekse area en 'n groot oorsaak van ontwrigting" (Lourens, 2002:23). Vrees vir verwerping kan hierdie verhouding negatief beïnvloed. Alhoewel gesinne met aangenome kinders 'n weerspieëling van God se liefde kan wees (Andersen1993:38), kan vrees vir verwerping die prentjie ernstig versteur. Sommige aangenome kinders vrees dat hulle deur hulle aanneemouers verwerp kan word en selfs weer aan hulle biologiese ouers teruggegee kan word; daarom probeer hulle deur oorprestasie om verwerping te vermy (Lourens, 2002:21 - 22). Aan die ander kant kan aangenome kinders hulle aanneemouers wegstoot in 'n poging om laasgenoemde se liefde te toets.

Lourens (2002:17) onderskei twee fases van rou by aangenome kinders, naamlik vroeë rou (fase een) en akute rou (fase twee). Vroeë rou word gekenmerk deur "skok en afgestompheid, alarm en ontkenning." Akute rou word gekenmerk deur "verlange en hunkering, soeke en onderhandeling, sterk gevoelens soos woede, aggressie en skaamte, wanhoop en herorganisering." Dit is belangrik dat die kind die geleentheid sal kry om te rou oor die verlede, anders kan ander onopgeloste kwessies ontstaan.

### 3.2.3 Nola Passmore se riglyne vir die berading van aangenome kinders met spesifieke verwysing na identiteit en verwerping/verlies

Passmore (2004) bied interessante en goed nagevorste perspektiewe op die berading van aangenome kinders. Van laasgenoemde getuig die uitgebreide en resente bronnelys aan die einde van haar artikel. Sy span die resultate van onlangse navorsing in om identiteit en verlies uit te wys as twee belangrike kwessies wat op unieke maniere by aangenome kinders manifesteer. Vanuit hierdie en haar eie navorsing en met spesifieke verwysing na die "Abba"-tekste in die Nuwe Testament, gee sy praktiese riglyne vir die berading van aangenome kinders. Aangesien sy 'n dosent in die Sielkunde is wat veral belangstel in die integrasie van die Sielkunde en die Christendom (Passmore, 2004:175), is besluit om haar perspektiewe eerder onder die metateorie as onder die basisteorie te bespreek.

Passmore riglyne kan saamgevat word onder vier aspekte, naamlik: normalisering, rou, vergifnis en herbou. Alhoewel haar bespreking van die "Abba"-tekste oorsigtelik is, sluit dit ten nouste aan by die meer in diepte navorsing wat in Hoofstuk 2 van hierdie proefskrif oor dieselfde tema gedoen is. Genoemde navorsing behoort die riglyne wat Passmore in haar artikel gee, verder uit te brei en te verdiep. Die bedoeling is dan ook om dit in 'n latere hoofstuk as deel van 'n eie beradingsmodel te doen.

Passmore (2004, 169 - 170) wil met 'n Bybelse perspektief die kwessies van identiteit en verlies hanteer en gee breë riglyne in dié verband. Alhoewel die begrip "aanneming" dikwels gedagtes van onvrugbaarheid en onegtheid by die hedendaagse samelewing oproep, was dit anders in Bybelse tye waar 'n aangenome kind bewustelik deur sy aangenome vader gekies is om onder andere sy naam verder te dra en sy besittings te erf. Die Bybel openbaar ook 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van die begrip "aanneming." Passmore (2004, 169) plaas besondere klem op die Aramese woord "Abba" wat drie keer in die Nuwe Testament voorkom en onder andere deur Jesus Christus gebruik word wanneer Hy tot sy Vader in die tuin van Getsemane bid. Sy (2004:169) maak gebruik van die insigte van die bekende Nuwe Testamentikus, F.F. Bruce, om te toon dat die woordjie "Abba" normaalweg gebruik is om tot God te bid, omrede dit dieselfde woord is wat kinders gebruik wanneer hulle hulle natuurlike vaders aanspreek. In die res van die Nuwe Testament word die woord "Abba" in verband gebring met gelowiges wat as kinders van God aangeneem is. "As believers, we have the Spirit of God in us that cries out "Abba Father." We can have the same intimacy with God that Jesus has. This is an amazing concept for most believers" (Passmore, 2004:169). Dit is hierdie konsep van intimiteit met God die Vader wat vir Passmore die spil word waarom sy die berading van aangenome kinders vanuit die Vaderskap van God-perspektief wil laat draai. Dit is 'n konsep wat moontlik vir die aangenome kind meer opvallend en verstommend is, aangesien "relinquished by his or her birthparents, the adoptee who enters into God's family can be assured that he or she has all the rights and privileges of being a natural-born child of God" (Passmore, 2004:169). As "natuurlik-gebore" kinders van God kan die gelowige aangenome kind seker wees van sy identiteit én van sy doel, aangesien laasgenoemde deel uitmaak van 'n persoon se identiteit. Die Vaderskap van God kan aangenome kinders ook help om nie te voel dat hulle 'n "fout" was nie. Passmore (2004:169) verwys hier veral na Ps. 139:13 - 16 en lei daaruit af dat die aangenome kind kan weet dat hy nie 'n "fout" was nie, maar dat sy

konsepsie 'n skeppingsdaad van die Meester was. En tog hoef die aangenome kind nie te voel dat God se plan met hom by sy konsepsie begin en stop nie. Bekende Bybelfigure soos Moses en Samuel is immers nie deur hulle biologiese ouers grootgemaak nie en het tog groot dinge vir God gedoen. Ook Jesus Christus "knows what it is like to be raised by a father who was not biological related to Him" (Passmore, 2004:170).

Die Vaderskap van God-konsep kan ook met sukses gebruik word om gevoelens van verlies en rou te verwerk. Die feit dat hulle deur hulle aanneemouers aangeneem en aanvaar is, neem nie die feit weg dat aangenome kinders se biologiese ouers hulle nie wou gehad het nie. Vanuit 'n Bybelse perspektief, en met spesifieke verwysing na Jesus Christus, kan aangenome kinders moed skep in die wete dat, selfs al word hulle deur die wêreld verwerp, God hulle nooit sal verwerp nie (Rom. 8:38 - 39). In die woorde van Passmore (2004:170):

> Our Lord is the father of the fatherless (Ps. 68:5), and the Father of all comfort, who comforts us in every trouble (2 Cor. 1:3 - 4) and identifies with every emotion we experience (cf. Heb. 4:15). He is the one constant of Whom we can be certain. If we put our faith in Him, we have the assurance that He will never leave us and that nothing can separate us from His love (Rom. 8:38 - 39). That truth can be a great comfort to the adoptee.

In die berading van aangenome kinders moet die berader as 'n eerste stap waak teen twee uiterstes, naamlik oor-patologisering en onder-patologisering (2004:170 - 171). Onder eersgenoemde word verstaan die geneigdheid om alle probleme by aangenome kinders op die een of ander manier te koppel aan die aanneming self. Met laasgenoemde word bedoel die geneigdheid om nie 'n potensiële verband raak te sien tussen die persoon se aanneming en sy huidige probleme nie. Die volgende riglyne word aangebied om die berader te help om tussen hierdie twee uiterste pole deur te stuur (Passmore, 2004:171 - 173):

a. **Normalisering**

Normalisering is om twee redes belangrik. Eerstens kan die geheimhouding wat aanneming omring, aangenome kinders hulle emosies, gevoelens en optrede as a-tipies laat ervaar. Kontak met 'n ondersteuningsroep kan hulle help om hulle gedagtes en gevoelens te aanvaar en te besef dat hulle in werklikheid normaal is. Hier is die opmerking van Janus (1997:272) ten opsigte van berading in groepe van pas:

> Group counseling with adolescent adoptees is a particularly potent modality because it mitigates the sense of difference and alienation that they may feel and allows them to identify with others who share their experiences.

In die tweede plek moet in gedagte gehou word dat aanneming dikwels gesien word as 'n tweede beste manier van gesinsvorming. Gesinne word deur aanneming gevorm waar die aanneemouers nie kinders van hulle eie kon hê nie en waar die aangenome kind se ouers hom nie wou gehad het nie. Hierby kom ook die stigma van onbekende biologiese oorsprong en geboorte-omstandighede. Die Christenberader sal moet waak teen houdings wat die aangenome kind verder marginaliseer en sal eerder moet fokus op die onskatbare waarde wat die persoon as kind van die Allerhoogste besit. Hieraan kan toegevoeg word dat die berader ook sal moet let op sy woordeskat sodat hy sensitief kan wees vir terminologie wat aanneming in 'n negatiewe lig kan plaas, soos om byvoorbeeld van *regte ouers* in plaas van *biologiese ouers* te praat (Janus, 1997:272). Die uitdrukking *biologiese ouers* dra by tot 'n "hang-up with blood" (Smith, 2001:495; vgl. ook Baratte, 2005:37) waar die biologiese familie as die enigste "ware" familie gesien word (vgl. Post, 1997:150).

b. **Rou**

Sommige van die verliese wat die aangenome kind ervaar, is voor die hand liggend, soos die verlies aan biologiese ouers. Ander, soos die verlies aan herkoms, word nie maklik onderskei nie. Beraders moet hierdie verliese erken en nie die gevolge daarvan minimaliseer nie. Regte Skrifhantering en Skriftoepassing is hier belangrik sodat die persone kans kry om hulle gevoel van

rou te verwerk en mettertyd te ontdek "that God was not the direct cause of their pain or agony. Rather, God was closely present with them during the whole event of their terrible loss" (vgl. Abi-Hashem by Passmore, 2004:171).

Alhoewel dit belangrik is dat die finaliteit of permanensie van die verlies erken en verwerk moet word, moet in gedagte gehou word dat aanneming 'n geval van onduidelike verlies ("ambiguous loss") kan wees. Die skeiding van biologiese ouers het nie noodwendig dieselfde finaliteit as verlies nie, aangesien daar 'n moontlikheid van 'n hereniging bestaan. Tog word gewaarsku dat hereniging nie 'n "cure-all" is nie, onder andere omdat dit nie in alle gevalle moontlik is nie. Rituele handelinge soos die skrywe van 'n lied, brief of gedig aan elkeen van die biologiese ouers kan egter met vrug ingespan word in die hantering van gevoelens van rou en verlies. Soos by alle ervaringe van rou, sal die tyd en uitdrukking daarvan van persoon tot persoon verskil. Aangenome kinders wat sukkel met gevoelens van verwerping en met 'n lae selfbeeld, sal moontlik langer neem om rou te verwerk. Aan die ander kant moet gewaak word teen oor-patalogisering waar min of geen gevoelens van rou waargeneem word nie, aangesien die afwesigheid van rou in werklikheid "a healthy reaction to loss" kan wees (vgl. O'Neill by Passmore, 2004:172).

c. **Vergifnis**

Die tema van vergifnis "is bound to come up" wanneer berading van aangenome kinders gedoen word, aangesien ambivalente gevoelens ten opsigte van die aanneemouers, die biologiese ouers, ander biologiese familie en selfs derde partye soos die aanneemagentskappe teenwoordig kan wees (Passmore, 2004:172). Die moontlikheid bestaan gedurig dat gevoelens van verwerping, teleurstelling en bitterheid op die voorgrond kan tree, selfs al oorheers positiewe gevoelens. Die aangenome kind moet nie gedruk word om te vergewe alvorens hy nie reg is daarvoor nie, maar vergifnis moet as deel van die genesingsproses gesien word (vgl. Adams, 1973:67 - 70 vir 'n teenargument). Selfs al voel die aangenome kind dat daar teen hom verkeerd opgetree is, moet hy verantwoordelikheid neem vir sy gevoelens, gedagtes en optrede. Om God se vergifnis te aanvaar, is dit nodig dat die eie negatiewe emosies bely word (vgl. McClung by Passmore, 2004:173).

**d. Herbou**

Die aangenome kind moet verder as rou en vergifnis (die genesingsproses) gaan en aandag skenk aan die herbou van sy lewe. In plaas daarvan om vas te val in 'n slagoffermentaliteit, moet die aangenome kind besluit om aan te beweeg. Christenberaders kan hier 'n groot en belangrike rol speel deur te help om hoop te vestig deur die aangenome kind te help om sy posisie in Christus te verstaan. Die waarde van hoop en die aanbieding daarvan kan nie genoeg in die beradingsproses beklemtoon word nie (vgl. Nydam by Passmore, 2004:173). Met verwysing na 2 Kor. 1:3 - 4 wys Passmore (2004:173) daarop dat die aangenome kind wat genesing van sy eie lewe ervaar het, sinvol betrokke kan raak in die lewe van ander.

### 3.2.4 Metateoretiese riglyne: identiteit, verwerping en verlies as spesifieke kwessies by aangenome kinders

Dit het nou tyd geword om tot metateoretiese riglyne te kom vanuit die perspektiewe soos hierbo uiteengesit.

- Die berader moet homself daarvan vergewis dat daar geen wetenskaplike gronde bestaan vir die sogenaamde "adopted child syndrome" nie. Aangenome kinders worstel met dieselfde probleme as persone wat in hulle biologiese gesinne grootgeword het. Daar bestaan spesifieke redes waarom aangenome kinders onderverteenwoordig is in psigoterapie wat nie direk met hulle aanneem-status in verband gebring kan word nie. Om dit eenvoudig te stel: 'n aangenome kind wat vir berading opdaag, se probleme hoef nie noodwendig gekoppel te wees aan die feit dat hy aangeneem is nie. Om hierdie rede moet kennis geneem word van wat Passmore as oor- en onder-patologisering beskryf.
- Tog sal beraders moet kennis neem dat aangenome kinders as 'n groep 'n effens groter geneigdheid as hulle portuurgroep tot wanaanpassing het. Die "extra baggage" van aanneming kan 'n invloed uitoefen op die geestelike, godsdienstige en opvoedkundige ontwikkeling van die aangenome kind.
- Sekere kwessies manifesteer op 'n unieke wyse by aangenome kinders. Die twee hoofkwessies wat deur die navorsing uitgewys is, is dié van identiteit en verwerping met gepaardgaande gevoelens van verlies. Daar moet in gedagte

gehou word dat ander kwessies uit een van hierdie twee of uit albei kan voortvloei.

- Aangenome kinders is soekend na hulle **identiteit**. Hulle voel asof hulle nêrens behoort nie en smag daarna om iewers te behoort. Beraders moet die aangenome kind se gevoelens rondom identiteit ernstig opneem.
- Die onsekerheid oor identiteit skep 'n leë gevoel, 'n "leë plek" wat die aangenome kind óf deur negatiewe optredes óf deur oorprestering probeer vul.
- Dit sal beraders loon om die aangenome kind daarop te wys dat sy soeke na identiteit nie abnormaal is nie.
- Om identiteit te vestig, is 'n ankerpunt ("anchor point") in die verlede nodig.
- Beraders moet kennis neem van die feit dat die tienerfase die fase is waarop aangenome kinders die sterkste op hulle aanneming fokus. Probleme soos rebelsheid, onttrekking en 'n behoefte om weg te gaan om die wêreld te gaan sien, kan manifesterings wees van 'n soeke na identiteit. Dit is veral ook in hierdie fase dat aangenome kinders bewus raak van die feit dat hulle deur hulle biologiese ma weggegee is.
- Die soeke na identiteit kan 'n lewenslange soektog wees. Die Christen-berader bevind homself in 'n uitstekende posisie om die aangenome kind te help met sy identiteitsvorming.

- Aangenome kinders ervaar ook **verwerping en verlies** en die berader moet deeglik kennis neem van die sogenaamde "primal wound" en gepaardgaande "primal pain."
- Beraders moet erns maak met die gevoel van verwerping en dit nie probeer minimaliseer deur verskonings aan te bied waarom die biologiese ma haar kind weggegee het nie.
- In die latente stadium (7 - 11 jaar) word aangenome kinders ten volle intellektueel en emosioneel bewus van wat dit beteken om aangeneem te wees.

- Beraders moet ook kennis neem van die aangenome kind se verhouding met sy aanneemma. Wanneer hy besef dat hy nie uit haar gebore is nie, kan verwerping ervaar word.
- Verhoudingsprobleme word direk aan 'n vrees vir verwerping gekoppel.
- Die twee verskillende fases van rou wat by aangenome kinders voorkom, naamlik vroeë rou en akute rou, moet erken en onderskei word.

- Passmore se gedagtes rondom die Vaderskap van God kan verder uitgebrei en verdiep word deur die basiteoretiese perspektiewe wat in Hoofstuk 2 uiteengesit is.
- Die beradingsriglyne van Passmore moet in gedagte gehou word in die uitwerk van 'n eie model.

## 3.3 DIE VADERBEELD BY AANGENOME KINDERS

### 3.3.1 Die biologiese vader

Die rol wat die biologiese vader by die aangenome kind speel, is klaarblyklik minder belangrik as die rol van die moeder, aangesien eerder na die biologiese ma as na die biologiese pa gesoek word (Nydam, 1997:66; Saltzman, 1998:16). 'n Moontlike rede hiervoor is die negatiewe beeld wat van die biologiese vader geteken word. Baumann (1999:375) wys daarop dat veral maatskaplike werkers hulle hieraan skuldig maak en biologiese pa's beskryf as verkragters, gevoelloos en mense wat nie omgee nie. Beraders sal bedag moet wees op die beeld wat die aangenome kind van sy biologiese vader het. Die vaderfiguur speel bewustelik of onbewustelik 'n groot rol in die lewe van enige kind. Die belangrikheid van die vaderfiguur in die identiteitsontwikkeling van die kind kan nie genoeg beklemtoon word nie: "Children attach to emotionally available fathers, just as they do mothers" (vgl. Kraft by Baumann, 1999:377). Baumann (1999:380 - 389) se eie navorsing toon dat biologiese vaders oor die algemeen nie selfsugtig en onverantwoordelik is nie, maar "eager to be active participants in the adoption process." Die beeld wat die aangenome kind van sy biologiese vader het, is waarskynlik presies die teenoorgestelde.

### 3.3.2 Die aanneemvader

Die rol van die vader in die lewe van enige kind, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Williams (2004:22) beskryf hierdie rol soos volg:

> The father helps the child establish an internal structure and psychological identity, thus lacking a father is equated to lacking a backbone ... Paternal absence results in children experiencing confusion about their sexual identity, unsteady self-esteem, repressed aggressivity and need for self-affirmation ...

Floyd en Morman (2003:609) het 'n insiggewende studie gedoen ten opsigte van die verhouding tussen aanneemvaders en hulle aangenome kinders. Deur die sogenaamde "*procreation goal*" van ouers in 'n navorsingstudie te betrek, het hulle bevind dat vaders geneig is om minder liefhebbend teenoor nie-biologiese seuns as teenoor biologiese seuns op te tree. Die rede hiervoor moet gesoek word in die onvermoë van aangenome kinders om die aanneemvader se gene na 'n volgende geslag oor te dra.

Vaders speel 'n sentrale en belangrike rol in die ontwikkeling van die kind se identiteit en aanpassing. Tamis-LeMonda (2004:221) haal Paquette soos volg aan:

> ... physical father-child play may have positive effects on the adaptation of children to their environment, rather than considering it to be simply a distraction with no developmental consequences that puts children at risk for injury.

Volgens Paquette (Tamis-LeMonda 2004:220; vgl. ook Williams, 2004:22 - 24) kweek vaders 'n "openness to the world" by hulle kinders deur interaktiewe optrede soos "non-object related play". Daardeur stel vaders hulle kinders in staat om in die wêreld op te staan vir dít waarin hulle glo en om in onbekende situasies staande te bly.

### 3.3.3 Die aangenome kind se beeld van God kan beïnvloed word deur sy beeld van sy aardse vader

Die vader as gesinshoof en geestelike leier is in die besonder verantwoordelik vir die oordrag van Bybelkennis en die vaslê van Christelike waardes. Human (1992:2.20) vat dit soos volg saam:

> Die kind moet geleer word dat God 'n Vader is wat hom liefhet, wat vir hom sorg en wat 'n duidelike plan met sy lewe het – en wie is beter as die kind se vader om hom dit te leer?

'n Ongunstige vaderbeeld kan egter die kind se beeld van God as Vader negatief beïnvloed. Die ervaring wat die kind met sy eie vader het, kan na God geprojekteer word. "Indien sy eie vader hom verkleineer of verstoot, het hy geen grond om te glo dat God hom nie ook sal verwerp nie" (Reinhardt, 1990:36). Alhoewel hierdie standpunt van Reinhardt vanuit 'n teologies-pastorale hoek aanvegbaar is, veral omdat sy meen dat daar "geen grond" is om te glo dat God nie ook die kind sal verwerp nie (vgl. Powlison, 2003:172), moet saamgestem word dat die optrede van die vader die kind se Godsidee kan beïnvloed (Williams, 2004:26). Kinders wat 'n ongunstige beeld van hulle vader het, hetsy die biologiese vader of die aanneemvader, het dikwels ook 'n ongunstige beeld van God as Vader. Die uitdaging van die berader sal wees om aan die kind te wys dat daar wel grond is om positief oor God as Vader te dink, selfs al is sy verhouding met sy aardse vader nie na wense nie (vgl. Powlison, 2003:171 - 181).

Beraders sal hulleself in die begeleiding van aangenome kinders moet vergewis wat die beeld is wat laasgenoemde van sowel hulle biologiese vader as hulle aanneemvader het, aangesien hierdie beelde hulle verstaan van God as Vader kan beïnvloed. Hierdie studie beoog om in 'n volgende hoofstuk te toon dat aangenome kinders, ten spyte van 'n negatiewe beeld van hulle aardse vader, wel 'n positiewe beeld van God as Vader kan ontwikkel.

## 3.4 SAMEVATTING

Alhoewel daar tussen navorsers voortgegaan word met debattering oor die spesifieke kwessies wat by aangenome kinders voorkom, bestaan daar redelike eenstemmigheid dat sekere kwessies wel op die voorgrond tree. Die twee vernaamste kwessies waaraan aandag gegee word, is dié van identiteit en verwerping/verlies.

Die kwessie van identiteit word die meeste deur navorsers gehanteer, maar verwerping/verlies loop daarmee hand aan hand en behoort daarom nie geïgnoreer te word nie. Dit is selfs moontlik dat die kwessie van verlies die hoofrede is waarom aangenome kinders berading soek.

Baie navorsing is oor albei die genoemde kwessies gedoen, maar die navorsing van Nola Passmore is vir die doel van hierdie studie breedvoerig bespreek. Sy het die Vaderskap van God vanuit 'n Sielkundige hoek direk in verband gebring met die kwessies van identiteit en verwerping/verlies. Deur dit te doen, het sy ook gekom tot belangrike riglyne in die berading van aangenome kinders waarvan die berader kennis sal moet neem.

Alhoewel hierdie studie nie fokus op die beeld wat die aangenome kind van sy biologiese en/of aanneemvader het nie, moet 'n belangrike opmerking in hierdie verband gemaak word. Dit is naamlik dat die beeld wat die aangenome kind van sy biologiese en/of aanneem vader het, sy beeld van God die Vader kan beïnvloed. Ook hiervan sal beraders deeglik kennis moet neem ten einde die betekenis van die Vaderskap van God suksesvol in berading te implementeer.

# HOOFSTUK 4

# 'N EMPIRIESE STUDIE TEN OPSIGTE VAN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND MET BETREKKING TOT SY GODSBEELD

## 4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die navorsingsontwerp en –metode te beskryf wat gebruik sal word ten einde inligting rakende die Godsbeeld by aangenome kinders te bekom. Aan die hand van onderhoude met aangenome kinders word hierdie resultaat as deel van die metateoretiese perspektiewe ten opsigte van die aangenome kind se belewing van God as Vader geformuleer. In die proses is onderhoude met medewerkers gevoer en daar is aan die etiese vereistes van die Noordwes Universiteit voldoen (Handleiding vir Nagraadse Studie, 2008:30 - 36). Die oogmerk is om eventueel 'n praktykteorie te ontwikkel deur die basisteoretiese perspektiewe in 'n hermeneutiese wisselwerking te laat tree met die metateoretiese perspektiewe.

## 4.2 NAVORSINGSONTWERP

Mouton en Marais (1991:35) definieer 'n navorsingsontwerp soos volg:

> Die doel van 'n navorsingsontwerp is om die betrokke navorsingsprojek sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelike geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word.

### 4.2.1 Die doel van die empiriese ondersoek

Vanuit die basisteorie het sekere aspekte van God se Vaderskap na vore gekom. Die metateorie het drie belangrike kwessies wat redelik algemeen by aangenome kinders voorkom, uitgewys, naamlik kwessies rakende *identiteit, verwerping en verlies* (3.2.2). As voorlopige hipotese word gestel <u>dat aangenome kinders nie oor 'n gunstige Godsbeeld beskik nie</u>. As motivering vir hierdie hipotese is die bevinding dat aangenome kinders meer daartoe geneig is om hulle biologiese moeders as hulle

biologiese vaders op te soek. Na hierdie bevinding is in die vorige hoofstuk verwys (vgl. 3.2.2.1). Die vermoede bestaan dat hierdie geneigdheid by aangenome kinders neerslag vind in hulle Godsbeeld en in die besonder in die beeld wat hulle van God die Vader het. Kwalitatiewe, beskrywende navorsing poog om die Vaderskap van God soos wat dit deur die aangenome kind verstaan en beleef word, akkuraat en noukeurig te beskryf (Mouton & Marais, 1991:46). Die doel van hierdie navorsingsmetode is om vas te stel watter Godsbeskouing en Godsbelewing by aangenome kinders teenwoordig is.

### 4.2.3 Kwalitatiewe navorsing

Met kwalitatiewe navorsing word onderliggende ervarings, emosies en motiewe in die ondersoek blootgelê (Janse van Rensburg, 2008:77). Dit delf dieper as 'n bloot fenomenologiese ondersoek (Janse van Rensburg, 2008:77). Hierin lê volgens Aluko (2006:203) die sterk punt van kwalitatiewe navorsing:

> Qualitative methodologies are strong in ... the use of interviews and observations to provide a deep, rather than broad, set of knowledge about a particular phenomenon, and the appropriateness to investigate cognitive and affective aspects of such social phenomenon.

Volgens Creswell en Garrett (2008:322) produseer kwalitatiewe navorsing "detailed information reported in the voices of participants and contextualized in the settings in which they provide experiences and the meanings of their experiences." Deur die gebruikmaking van oop vrae wil kwalitatiewe navorsing uitkom by 'n egte of betroubare verstaan van mense se ervarings (Steyn & Lotter, 2006:106). Kwalitatiewe navorsing het ten doel om indringend te werk ...

> ... met die ervaarde werklikheid van 'n respondent of die werklikheid waaruit 'n respondent kom. Baie groot klem word op die outentieke aard daarvan gelê en daarom gee dit dus nie om dat daar sprake kan wees van vooroordele nie (Steyn & Lotter, 2006:107).

Kwalitatiewe navorsing help die navorser om insig in die leefwêreld van die medewerker te kry (Gaskell, 2000, 39 - 41) en om die "lived experience" (Van der Mescht, 2002:47)

van die medewerker te ondersoek. Die navorser verkry sy inligting "by participating and/or being immersed" (Aluko, 2006:199; vgl. ook Van Niekerk, 2002:33). Inligting wat deur die navorsing bekom word, dui op die oorspronklike aard van die mens se ervarings: "A qualitative research design allows the phenomenon or issues to be investigated from the informant's point of view" (Aluko, 2006:204). Hierdie inligting "hoef nie as waar of vals gehanteer te word nie, maar eerder as weergawes van *perspektiewe* oor 'n saak of verskillende sentimente oor enige onderwerp onder bespreking" (Steyn & Lotter, 2006:108). Anders as kwantitatiewe navorsing waarvan die resultate oor kontekste heen veralgemeen kan word, verskaf kwalitatiewe navorsing "in-depth-knowledge, although this is usually not generalisable" (Schulze, 2003:12). Die reikwydte van 'n kwalitatiewe ondersoek is "minder omlyn en meer filosofies gestruktureerd as 'n kwantitatiewe ondersoek wat empiries met getalle te werk gaan ... en 'n duidelik-omlynde reikwydte het ..." (Janse van Rensburg, 2008:77; vgl. ook Aluko, 2006:206; Botha:2001:14). Verder kan die inligting wat deur kwalitatiewe navorsing bekom word as "soft, that is rich in description of people, places, and conversations" beskryf word wat nie maklik deur statistiese prosedures gehanteer kan word nie (Schurink, 2003:3). Kwalitatiewe navorsing maak ruimte vir onverwagse ontwikkelinge wat as deel van die proses vorendag mag kom (Aluko, 2006:206). Kwalitatiewe navorsing kan gevolglik as die aangewese navorsingsmetode vir hierdie studie aangedui word, aangesien die navorsing belangstel in die wyse waarop God as Vader deur die aangenome kind verstaan en beleef word.

### 4.2.4 Beskrywende navorsing

Van die medewerkers word verwag om hulle belewenis van God as Vader so akkuraat en noukeurig as moontlik te beskryf (Mouton & Marais,1991:46) sodat die navorser die nodige inligting kan bekom.

## 4.3 ONDERSOEKMETODE

### 4.3.1 Die pastoraal-semantiese differensiaalanalise (PSDA)

Deur Osgood se model ten opsigte van semantiese differensiaalanalise vir pastoraat aan te pas, ontwerp Louw (1999:396) 'n model vir die pastoraat waarvan die waarde daarin geleë is "dat mense se konnotasie met betrekking tot 'n sentrale begrip of konsep, soos byvoorbeeld God, geëvalueer kan word." Die berader is geïnteresseerd in die vraag: "*How* does the patient's concept of God function and what effect does it have

on faith behaviour?" (Louw, 1994:78). Die doel van hierdie model is om begrippe wat verband hou met God se handelinge in die heilsgeskiedenis in hul teenoorstellende waardes te identifiseer (Louw, 1999:396). Die begrippe word verdeel in die vier dimensies van waarskynlikheid, waarde, potensiaal en aktiwiteit (Louw, 1999:396). Die model fokus op die kognitiewe én die affektiewe assosiasies van die persoon se verstaan van die konsep "God" (Louw, 1999:396). Die vier verskillende dimensies waarmee die PSDA werk, kan soos volg saamgevat word (Louw, 1999:397):

- Die *waarskynlikheidsdimensie* konsentreer op die persoon se oortuiging rakende die werklikheidsgestalte van sy Godservaring. Dit bepaal of die persoon God as werklik ervaar.
- Die *evaluerende dimensie* konsentreer op die emosioneel-kognitiewe waarde van begrippe wat óf opbouend óf remmend kan wees en ontwrigtend inwerk op bestaande assosiasies en identifikasies. Dit bepaal of die persoon 'n assosiasie oproep wat opbouend of remmend funksioneer.
- Die *potensiaaldimensie* konsentreer op die vermoë wat skuil in die bepaalde konsep wat in die PSDA met die kontrabegrippe *sterk* en *swak* aangedui word. Dit bepaal of die persoon 'n bepaalde verwagting koester ten opsigte van God wat 'n aanduiding is van die potensiaal van die konsep (God) en die graad van identifikasie daarmee.
- Die *aktiwiteitsdimensie* konsentreer op aksie. Assosiasies met God se handelinge en dade kan beweeg óf in die aksie/doenende rigting óf in die passiewe/onbetrokke rigting (Louw, 1999:397). Dit bepaal of die persoon in sy behoefte aan aksie en handeling 'n assosiasie koester wat doeltreffende aksie suggereer.

Grafies kan die PSDA soos volg uitgebeeld word (Louw, 1999:399).

**Werklikheidsgestalte**

| (a) WAARSKYNLIK | + 3 | + 2 | + 1 | 0 | - 1 | - 2 | - 3 | ONWAARSKYNLIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werklik | | | | | | | | Fiktief |
| Kenbaar | | | | | | | | Onkenbaar |
| Voorstelbaar | | | | | | | | Vaag |
| Persoonsmatig | | | | | | | | Algemene idee |

**Waarde (evaluatief)**

| (b) OPBOUEND | + 3 | + 2 | + 1 | 0 | - 1 | - 2 | - 3 | REMMEND |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Regverdig | | | | | | | | Onregverdig (partydig) |
| Betroubaar | | | | | | | | Veranderbaar |
| Liefdevol | | | | | | | | Vyandig |
| Duursaam | | | | | | | | Wisselvallig |
| Genadig | | | | | | | | Onbarmhartig (hardvogtig) |

**Potensiaal**

| (c) STERK | + 3 | + 2 | + 1 | 0 | - 1 | - 2 | - 3 | SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Almagtig | | | | | | | | Magteloos |
| Medelydend | | | | | | | | Onsimpatiek |
| Kenbaar (wil) | | | | | | | | Onbekend |

**Doeltreffendheid (aksie)**

| (b) AKTIEF | + 3 | + 2 | + 1 | 0 | - 1 | - 2 | - 3 | PASSIEF/ONBETROKKE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Teenwoordig(naby) | | | | | | | | Afstand/afwesig (ver) |
| Verlos | | | | | | | | Verwerp |
| Seën (gee gawes) | | | | | | | | Vloek (weerhou gawes) |
| Hulp (bystand) | | | | | | | | Ontrou |

Die volgende inligting word deur die telling van die PSDA verskaf (Louw, 1999:398):

- 'n Hoë (positiewe) telling dui op 'n positiewe identifikasie tussen die persoon en God.
- 'n Telling wat rondom die nul konsentreer, dui op 'n neutrale houding teenoor God wat kan voortspruit uit ...
  - ... 'n gebrekkige kennis.
  - ... 'n gebrek aan belangstelling of toewyding.
- 'n Telling wat neig na die lae (negatiewe) kant gee insig in die moontlike krisisvlakke wat 'n persoon ervaar en hoe 'n krisis sy verstaan van God beïnvloed.

Die dempende uitwerking wat 'n neutrale Godsverstaan op geloofsgroei het, kan deur middel van konstruktiewe konfrontasie hanteer word (Louw, 1999:398). Aan die ander kant kan negatiewe ervarings en reaksies wat 'n persoon ten opsigte van God openbaar, deur klagformules eerlik met God gekommunikeer word (Louw, 1999:398; vgl. ook Davis, 2001:18 - 27).

Ten opsigte van die implementering van die PSDA moet die volgende in gedagte gehou word (Louw, 1999:398):

- Die aangenome kind moet aangemoedig word om eerlik na te dink oor sy onmiddellike ervaring met God. Hy moet konsentreer op voorafgaande lewensgebeurtenisse die voorafgaande paar dae, weke of maande. Hy moenie assosiasies probeer oproep soos wat hy dink reg is nie, maar soos wat hy dit werklik ervaar.
- Die berader moet moeite doen om te verduidelik dat die keuses wat die persoon uitoefen, of dit aan die positiewe of negatiewe kant van die skaal val, nie goed of sleg verteenwoordig nie. Die aangenome kind moenie bang wees om negatiewe assosiasies van God op te roep en aan te dui nie. Die positiewe sowel as die negatiewe dimensies kan 'n belangrike rol speel in die gelowige se ontwikkeling van spiritualiteit.

Dit is verder belangrik dat die berader veral by kinders die verskillende begrippe sal verduidelik sodat die persoon presies sal verstaan wat elkeen beteken en sy ervaring en siening oor God reg kan beskryf. Die PSDA word heel eerste in die onderhoud

uitgevoer sodat die navorser die medewerker aan die hand daarvan verder kan uitvra. Daar moet in gedagte gehou word dat PSDA op 'n persoon se Godskonsep in die algemeen fokus; daarom sal verder uitgevra moet word na die belewing van God as Vader.

### 4.3.2 Semi-gestruktureerde onderhoude

Die "grondslag van kwalitatiewe onderhoude is om die ervarings van ander en die betekenis wat hulle daaraan heg, te begryp" (Botha, 2001:14). Gedurende die onderhoude het die navorser gebruik gemaak van vooraf opgestelde vrae en van die resultate van die PSDA, maar die medewerkers is toegelaat om veel verder te gaan as die antwoorde op die vrae van die navorser (vgl. Aluko, 2006:206). Inderwaarheid is die medewerkers aangemoedig om spontaan oor hulle ervarings en gevoelens te praat. Die ondersoekmetode kan gevolglik beskryf word as 'n semi-gestruktureerde metode, wat verstaan word as 'n kombinasie van twee van Schurink (1998:300) se "face-to-face" onderhoude, naamlik die ongestruktureerde onderhoud met 'n skedule en die in-diepte-onderhoud.

Die volgende vrae is aan die medewerkers tydens die onderhoud gevra:

*Vraag 1: Wat is jou ervaring van God as Vader?*
*Vraag 2: Verduidelik die betekenis wat die Vaderskap van God vir jou as aangenome kind het.*

Tydens die onderhoude is gebruik gemaak van die volgende tipe vrae (Janesick, 1998:30; vgl. ook Steyn & Lotter, 2006:109 ):

- Basiese beskrywende vrae/versoeke: "Vertel my wat gebeur het; beskryf hoe jy gevoel het."
- Opvolg-vrae: "Jy het hierna verwys; wat verstaan jy daaronder?"
- Ervarings-/voorbeeldvrae: "Kan jy 'n voorbeeld gee waarom jy so sê?"
- Verduidelikende vrae: "Wat bedoel jy as jy dit sê?"
- Strukturele/paradigmatiese vrae: "Wat sou jy sê is die oorsake of gevolge hiervan?"
- Vergelykende/kontrasterende vrae: "Jy verskil hieroor. Verduidelik asseblief."

Met die toestemming van die medewerkers is die onderhoude op band opgeneem. Veldnotas is dadelik na afloop van elke onderhoud gemaak sodat die navorser se aandag nie gedurende die onderhoude afgetrek is nie.

### 4.3.3 Die navorsingspopulasie en die navorsingsgroep

Hierdie studie fokus op aangenome kinders. Steyn en Lotter (2006:109; vgl. ook Van der Mescht, 2002:48) wys daarop dat 'n groter getal onderhoude nie noodwendig dieper of meer kennis en 'n dieper verstaan beteken nie. "Ervarings kan uniek wees, maar net 'n sekere hoeveelheid ervaringsmoontlikhede bestaan en is gewoonlik die uitkoms van die sosiale proses " (Steyn & Lotter, 2006:109). Die navorsingsgroep het bestaan uit vyf aangenome kinders wat verskillende ouderdomsgroepe verteenwoordig. Die ouderdomsverspreiding het ten doel om die geloofwaardigheid van die groep te verhoog. Met elkeen van die medewerkers is onderhoude gevoer. Die ouderdomsverspreiding is soos volg:

- Medewerker 1: 16 (manlik)
- Medewerker 2: 18 (manlik)
- Medewerker 3: 30 (vroulik)
- Medewerker 4: 53 (vroulik)
- Medewerker 5: 73 (vroulik)

### 4.3.4 Die prosedure wat met die onderhoude gevolg is

Die onderhoude is gevoer nadat afsprake met die medewerkers gemaak is en voldoen is aan die etiese navorsingsvoorskrifte van die universiteit (Handleiding vir Nagraadse Studie, 2008:30 - 36). Die medewerkers is verseker dat hulle identiteit op geen manier in die studie geopenbaar sal word nie. Hulle is ook daarop gewys dat hulle op 'n vrywillige basis aan die onderhoude deelneem en te eniger tyd daarvan kan onttrek.

Die medewerkers is individueel ontmoet. Tydens die onderhoude is die PSDA behandel. Die verskillende begrippe is verduidelik waarna die medewerker die geleentheid ontvang het om dit rustig in te vul. Daarna het die onderhoud plaasgevind aan die hand van die inligting wat deur die PSDA bekom is en deur die gebruikmaking van die twee navorsingsvrae.

## 4.4 DATA-ANALISE

Die inligting wat ingesamel is, is grootliks op 'n induktiewe wyse geïnterpreteer. Dit beteken dat die navorser deur indringende studie van die inligting gepoog het om verbande, samehange of patrone daarin bloot te lê (Mouton & Marais, 1991:105). "The researcher's goal is to organize a large quantity of specific details into a coherent picture, model, or set of interlocked concepts" (Neuman, 2000:419; vgl. ook Ferreira *et al.*, 2003:150). Ferreira *et al.* (2003:152) stel dit nog eenvoudiger, naamlik dat kwalitatiewe navorsing van die navorser verwag om na te dink oor die data en oor maniere om dit te hanteer. "Qualitative research means that one has to think and generate ideas ... qualitative research requires of you – to think about the data and ways of handling the data" (Ferreira, et. al., 2003:152). Die navorser was gevolglik veral daarop bedag om te probeer vasstel wat die aangenome kind se belewing en begrip van God die Vader is. Uit hierdie analise is verdere afleidings gemaak.

Die ondersoekresultate is breedweg in die volgende kategorieë ingedeel:

- Die persoon se **algemene Godsbeskouing**. Hier is gebruik gemaak van die resultate van die PSDA.
    1. 'n Hoë PSDA-telling dui op 'n positiewe identifikasie tussen die persoon en God.
    2. 'n Neutrale PSDA-telling dui op gebrekkige kennis of 'n gebrek aan belangstelling ten opsigte van God.
    3. 'n Lae PSDA-telling dui op 'n krisisverhouding tussen die persoon en God.
- Die persoon se **beskouing van God as Vader**. Die antwoorde op die vraag *"Hoe beleef jy God as Vader?"* het hier aan die orde gekom.
- Die **verband** tussen God se Vaderskap en die persoon se aanneming. Die antwoorde op die vraag *"Verduidelik die betekenis wat die Vaderskap van God vir jou as aangenome kind het"*, is hier bespreek.

## 4.5 BEVINDINGS OP GROND VAN DIE ONDERHOUDE

Die bevindings wat uit die onderhoude na vore getree het, word weergegee aan die hand van hoofsaaklik die bogenoemde drie kategorieë. Subkategorieë sal algaande vermeld word soos wat die resultate dit noodsaak. Aan die einde van die hierdie afdeling word 'n paar gevolgtrekkings gemaak.

### 4.5.1 Bevindings ten opsigte van die algemene Godsbeskouing

#### 4.5.1.1 Inleiding

Die PSDA is gedoen om 'n algemene beeld te verkry ten opsigte van die persoon se huidige Godsbeskouing. Dit was opmerklik dat die medewerkers oor die algemeen 'n hoë PSDA-telling getoon het. Die feit dat die navorser 'n predikant is, kon moontlik die uitslag van die tellings bepaal het, maar daar is aan al die medewerkers verduidelik dat daar nie regte of verkeerde antwoorde is nie. Die verskillende konsepte is ook verduidelik soos wat die vorm ingevul is om sodoende die moontlikheid te verminder dat konsepte nie verstaan word nie. Waar daar 'n afwyking ten opsigte van die normale was, met ander woorde waar byvoorbeeld 'n lae telling tussen hoë tellings voorgekom het, is die medewerker daaroor uitgevra. In die meeste gevalle was hierdie afwykings die gevolg van onduidelikheid oor die betekenis van die betrokke konsepte. Na verduideliking het die medewerkers gewoonlik 'n telling gekies wat ooreenstem met die ander, hetsy hoog of laag.

#### 4.5.1.2 Bevindings

Ten opsigte van die verskillende dimensies wat deur die PSDA gemeet word, het die volgende na vore gekom:

**Dimensie 1: Werklikheidsgestalte**

Die *waarskynlikheidsdimensie* wil bepaal of die persoon God as werklik ervaar. Ten opsigte van hierdie dimensie was die tellings van al die medewerkers oorwegend positief. Medewerker 2 het ten opsigte van die kenbaar-/onkenbaarkonsep die mees negatiewe telling gekies (-3), want "... partykeer as die lewe nie vir my lekker is nie en ... en ... party mense is teen jou partykeer." Interessant genoeg het hy by verdere ondervraging die feit dat hy aangeneem is glad nie in verband met hierdie negatiewe ervaring van die lewe en met mense gebring nie.

**Dimensie 2: Waarde (evaluatief)**

Al die medewerkers het hoë waardes aan hierdie dimensie verleen. Op een na het al die medewerkers ten opsigte van hierdie punt die hoogste positiewe waarde (+3) aangedui. Medewerker 5 het haar merkie by +2 gemaak. Geen medewerker het 'n neutrale of 'n lae punt aan enige van die eienskappe toegeken nie.

**Dimensie 3: Potensiaal**

Ten opsigte almag/magteloos het medewerker 1 'n neutrale posisie ingeneem. Omdat hy ook van mening was dat die Here se paaie baie deurmekaar kan wees, het hy by kenbaar (wil)/onbekend 'n lae telling (-3) gekies. Hierdie beskouings word egter nie met sy aanneming in verband gebring nie.

**Dimensie 4: Doeltreffendheid (aksie)**

Weereens is medewerker 1 die uitsondering op die reël. Terwyl al die ander medewerkers hoë punte aantoon, het medewerker 1 ten opsigte van seën (gee gawes/vloek: weerhou gawes) en ook by hulp (bystand/ontrou) 'n neutrale telling aangedui.

#### 4.5.1.3 Afleidings

Medewerkers vier en vyf was baie ontsteld toe hulle van hulle aanneming verneem het. Medewerker vier het op skool verneem dat sy aangeneem is, terwyl medewerker vyf dit eers later (op ongeveer vyf-en-dertigjarige ouderdom) toevallig agtergekom het. Uit die onderhoud het dit duidelik geword dat medewerker 5 haar aanneming moeilik verwerk. Jare lank word haar lewe daardeur omgekrap. Sy was tydens die onderhoud telkens emosioneel en het baie dinge wat met haar in die verlede gebeur het en wat in verband met haar aanneming staan, nog nie verwerk nie. Alhoewel die aanname gemaak kan word dat medewerkers vier en vyf negatiewe punte op die PSDA sou aantoon, het die omgekeerde plaasgevind. Behalwe vir een uitsondering by medewerker 5 lê al die merkies aan die hoë (positiewe) kant. **Dit wil voorkom of die feit dat die medewerkers aangeneem is nie 'n noemenswaardige invloed op hulle Godsbeeld het nie.**

### 4.5.2 Bevindings ten opsigte van die beskouing van God as Vader

#### 4.5.2.1 Inleiding

Die volgende vraag is aan al die medewerkers gevra: "Hoe beleef jy God as Vader?" Die vraag is soms verder verduidelik deur 'n opvolgvraag: "Wat beteken dit vir jou dat God jou Vader is?" Die doel van die vrae was om vas te stel watter beskouinge die persoon van God as Vader huldig en hoe die Vaderskap van God in die geloofslewe van die medewerker funksioneer.

#### 4.5.2.2 Bevindings

Die reaksie van elke medewerker op bogenoemde vrae word kortliks weergegee, waarna 'n aantal afleidings gemaak word.

**Medewerker 1**

Op die vraag "Wat beteken dit vir jou dat God jou Vader is?" het hierdie medewerker kortliks soos volg geantwoord: "Hy sorg vir my. Hy maak dat ek lewe elke dag." Die sorg van God is in verband gebring met alledaagse versorging.

**Medewerker 2**

Aan hierdie medewerker is gevra: "As jy dink aan God as Vader, wat is jou ervaring van God as Vader? As ons sê God is Vader, wat gaan in jou kop aan, wat verstaan jy wanneer ons praat van God as Vader?" Hierop het hy soos volg geantwoord:

> Ek ... ek dink nee Hy ... Hy is ons ... Hy is die Skepper ... Hy ... Hy het sy Seun vir ons gestuur om vir ons te help en Hy het vir ons doodgegaan ... vir ons sondes ... gemaak dat ons nie meer sondes het nie, want sonder Hom sal laat dit baie anderster gewees het, mense ook.

**Medewerker 3**

Aan medewerker 3 is gevra: "Wat gaan in jou kop aan as ek vir jou sê God is Vader? Wat is die goed wat jy dink, beleef en ervaar?" Haar antwoord was die volgende:

> Ja voor ... toe ek jonger was, was Hy baie vaagweg, het ek Hom nie rêrig geken nie. Weet, alhoewel my ma baie met my oor Hom gepraat het en ek die opvoeding in die huis gekry het, het ek nog steeds nie Hom gevind nie, tot ek begin swaar kry het ... weet op Warmbad ... weet, my hele lewe deur gesukkel het na skool om werk te kry, toe het Hy begin, stadig wat Hy nader en nader kom en noudat ek, weet, swaargekry het ... op Warmbad byvoorbeeld is asof Hy daar is, ek beleef Hom, ek, ek is opgewonde as, weet, as dinge goed gaan en dan weet ek dit is sy wil, dit is hoe Hy dit wil hê. Dit kom van Hom af. Weet, ek ken Hom nou al, nou ken ek Hom

> regtig baie goed. Maar soos ek sê, ek het nog maar, weet, foute ook, maar ek beleef Hom regtig.

Sy is gevra of sy 'n voorbeeld kan gee van hoe sy die Vader beleef, waarop sy soos volg geantwoord het:

> Hoe sal ek dit nou stel? Ek kan. Hy ... weet, Hy voel soos 'n pa vir my. Weet 'n pa wat daar is, wat sy kind help. Weet, wat vir hom die regte ... al gaan dit hoe moeilik, wat hom uit die donker gat sy hand vat en uitlig ... Hy is daar, as jy in 'n gat val en dis nie jou skuld nie, dan help Hy jou daaruit. Weet, jy kry swaar, maar op die einde van die dag is daar 'n lig in die tonnel en dit is sy lig. Weet, Hy help jou daaruit. Hy lig jou uit baie donker diep gate uit waar jy nie self menslik kan uitkom nie, lig Hy jou daaruit. Hy dra jou op sy hande.

Later maak sy die opmerking dat God meer soos 'n pa voel as haar eie (aanneem)pa, want al kan jou aardse pa jou byvoorbeeld finansieel help, kan God jou op bomenslike maniere help. "Hy help jou waar jou pa jou nie kan help op aarde nie."

**Medewerker 4**

Aan medewerker 4 is gevra: "Wat is die beeld wat jy by jouself oproep van God as Vader?" Hierop het sy soos volg geantwoord: "Iemand wat vir jou omgee en na jou omsien en altyd daar is vir 'n mens. Ek dink dit is omtrent ..."

**Medewerker 5**

Medewerker 5 is gevra: "Wat is tannie se ervaring van God as 'n Vader? As tannie oor God dink as Vader, wat gaan in tannie se gedagtes aan?" Hierop het sy geantwoord:

> Weet jy, ek glo nie ek het al ooit vir God as Vader gesien nie. Ek glo nie ek verstaan die begrip baie goed nie. Vir my is Hy net absoluut die Almagtige en Hy is altyd daar vir my. 'n Vader was my pa. Maar ek weet ek kan altyd na God toe gaan. En ek weet Hy behoed en bewaar my.

#### 4.5.2.3 Afleidings

Behalwe by die laaste medewerker wat erken dat sy nie aan God as Vader dink nie, bestaan daar by die ander medewerkers 'n algemene idee oor God as Vader. Die volgende aspekte het na vore gekom:

- Versorging
- Bewaring
- Hulpverlening
- Teenwoordigheid
- Skepper
- Verlossing

### 4.5.3 Bevindings ten opsigte van die verband tussen God se Vaderskap en die medewerkers se aanneming

Aan al die medewerkers is gevra of hulle die Vaderskap van God en hulle aanneming al ooit in verband met mekaar gebring het. Soms is hulle direk gevra of God se Vaderskap vir hulle as aangenome kinders betekenis het. Nie een van die medewerkers het op hierdie vraag positief geantwoord nie, dit wil sê nie een het 'n verband gelê tussen God se Vaderskap en die feit dat hulle aangeneem is nie. Aan Medewerker 1 is gevra of hy 'n verband sien tussen God se versorging en sy aanneming. Hierop het hy ontkennend geantwoord. Medewerker 3 het God se voorsienigheid in verband met haar aanneming gebring, maar in haar verduideliking daarvan het sy meer gepraat oor haar moontlike getuienisrol ten opsigte van haar skoonouers as oor haar aanneming. Medewerker 4 het in die algemeen verwys na gelowiges wat almal God se aangenome kinders is.

### 4.5.4 Samevattende gevolgtrekking

Die doel van die empiriese navorsing was om te bepaal wat die huidige Godsbeeld van die medewerkers is, op watter wyse die Godsbegrip "Vader" by hulle funksioneer en of daar enige verband geplaas word tussen hulle aanneming en die feit dat God Vader is. Die volgorde waarin hierdie sake aandag geniet het, is belangrik. Daar is eers gevra na die beeld van God as Vader met die doel om die medewerkers bewustelik te laat dink aan wat God as Vader is en doen. Die verwagting was dat hulle maklik die lyn sou deurtrek na hulle aanneming. Dit het nie gebeur nie.

Dit het duidelik geword dat die medewerkers 'n redelike positiewe beeld van God het. Daar moet in gedagte gehou word dat al die medewerkers gelowiges is. Tog wil dit voorkom asof daar 'n neiging by aangenome kinders is om nie die feit dat hulle aangeneem is enigsins in verband te bring met die beeld wat hulle van God het nie. Ander faktore, soos die optrede van mense of die lewe wat soms nie lekker is nie, beïnvloed eerder hulle Godsbeeld. Al die medewerkers het aangedui dat hulle nog nooit werklik dit wat hulle van God as Vader weet en die feit dat hulle aangeneem is, bymekaar uitgebring het nie. Twee sake moet hier aandag geniet:

- Wat die beeld van God as Vader betref, word 'n hele paar algemene opmerkings gemaak. Hy sorg, bewaar, verleen hulp, is teenwoordig, skep en verlos. 'n Dieptedimensie ten opsigte van hierdie eienskappe ontbreek by al die medewerkers. Daar bestaan oor die algemeen min insig in perspektiewe op die Vaderskap van God soos dié wat in Hoofstuk 2 (2.5) van hierdie studie uitgewys is.
- Daar was 'n onvermoë om hierdie eienskappe in verband met aanneming te bring. Die pastorale betekenis wat die Vaderskap van God vir die medewerkers kan inhou, gaan sodoende verlore.

In 'n model vir die berading van aangenome kinders sal met bogenoemde twee sake rekening gehou moet word. Die aangenome kind se kennis ten opsigte van God as Vader sal bepaal en, vanuit die Bybel, aangevul moet word. Dan sal hy pastoraal begelei moet word om daardie kennis in verband met sy aanneming te bring. Die veronderstelling is dat die Vaderskap van God kan help om die kwessies van identiteit, verwerping en verlies suksesvol te hanteer. Presies hoe God se Vaderskap met hierdie kwessies in verband gebring kan word, sal in die voorgestelde model verduidelik word.

# HOOFSTUK 5
# 'N VERKENNENDE ONDERSOEK NA ENKELE MODELLE MET DIE OOG OP DIE ONTWIKKELING VAN 'N EIE MODEL IN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND

## 5.1 INLEIDING

Nadat die navorsing ten opsigte van die basis- en metateorieë afgehandel is, kon ondersoek ingestel word na die volgende stap, naamlik om in hermeneutiese wisselwerking met bogenoemde te kom tot 'n praktykteorie. Ontwikkeling van 'n praktykteorie sal ook behels die voorstel van 'n eie model vir die hantering van die pastorale begeleiding van die aangenome kind. In navorsing oor 'n geskikte model wat gevolg kan word, is (naas ander modelle) gevind dat die model van Eyrich en Hines (2002) grootliks kan help in die ontwikkeling of ontwerp van 'n eie model. Deur gebruik te maak van die navorsing wat in hierdie studie reeds gedoen is, kan Eyrich en Hines se model aangepas word om ook die insigte van die hulpwetenskappe in ag te neem, aangesien 'n gesonde wisselwerking tussen die teologie en die ander geesteswetenskappe as 'n basiese vertrekpunt van hierdie studie geneem word (vgl. Louw, 1999:14; Janse Van Rensburg, 2004:51 - 63).

Geen model word in 'n lugleegte ontwerp nie. Die insigte wat in ander modelle na vore kom, speel bewustelik of onbewustelik 'n rol in die ontwerp van 'n eie model. 'n Keuse word daarom gemaak om die model van Eyrich en Hines te ondersoek, aangesien dit gebruik maak van 'n eenvoudige multidimensionele proses wat die bruikbaarheid daarvan in die praktyk verhoog. Sodoende word hierdie model **ondersoek en aangevul** deur verskeie aspekte vanuit ander reeds bestaande modelle. Die talle aanhalings in hierdie hoofstuk sal bewys hiervan lewer.

## 5.2 'N OORSIG OOR ENKELE ANDER MODELLE

In die soeke na 'n model wat kan dien as riglyn vir die daarstel van 'n eie model, is 'n paar modelle ondersoek. Hieronder word slegs die hoofpunte of verskillende stappe van

die betrokke modelle weergegee. Dit sal duidelik word dat hierdie navorsing gebruik maak van die insigte (of stappe) van al hierdie modelle.

### 5.2.1 Die model van W.A. Mack

Mack (MacArthur & Mack, 1994:173) beskryf Bybelse berading as die oplossing van die probleme van mense. "It is about discovering the causes of their problems and then applying biblical principles to those causes" (Mack *in* MacArthur & Mack, 1994:173). Hy stel die volgende stappe vir Bybelse berading voor (MacArthur & Mack, 1994:173 - 297):

- "Developing a Helping Relationship with Counselees.
- Instilling Hope in the Counselee.
- Taking Counselee Inventory: Collecting Data.
- Interpreting Counselee Data.
- Providing Instruction through Biblical Counseling.
- Biblical Counseling and Inducement.
- Implementing Biblical counseling."


### 5.2.2 Die model van G.A. Lotter

Lotter (2005: 2 - 4) sluit in sy model sterk aan by dié van Mack. Hy skenk aandag aan die volgende stappe:

- Interaksie
- Inspirasie
- Inligting
- Interpretasie
- Instruksie
- Intensie
- Implementering

### 5.2.3 Swinton en Mowat se Kwalitatiewe Model vir Praktiese Teologiese Refleksie

Swinton en Mowat (2006:94 - 98) se kwalitatiewe model vir praktiese teologie kan skematies soos volg saamgevat word:




## 5.3 DIE PASTORALE BERADINGSMODEL VAN EYRICH EN HINES

### 5.3.1 Inleiding

In hierdie afdeling word die verskillende stappe van Eyrich en Hines (2002) se beradingsmodel bespreek en aangevul met insigte wat uit ander modelle na vore kom. Hierdie aanvulling word met vrymoedigheid gedoen, aangesien Eyrich en Hines nie hulle model as 'n finale antwoord aanbied nie:

> We want to stress, however, that this is *a* model. The Bible does not lay out such a precise model and we do not want to give the impression that there is just one way to carry on a counseling session (Eyrich en Hines, 2002:11).


### 5.3.2 Die verskillende stappe

Die verskillende stappe volg mekaar op en gee aan die proses 'n doelgerigtheid (Eyrich & Hines, 2002:77). Dit beteken egter nie dat die proses stap vir stap afloop nie. Met die buigbaarheid van die proses in gedagte, moet gewerk word na 'n vaste eindpunt (vgl. Eyrich & Hines, 2002:78) wat bereik word wanneer die beradene aandui dat hy die probleme in sy lewe Bybels kan hanteer (Eyrich & Hines, 2002:137). Hierdie navorsing gaan eklekties te werk ten opsigte van die multidimensionele model. Hiermee word bedoel dat slegs daardie aspekte van die model wat skynbaar direk van toepassing gemaak kan word by die navorsingsonderwerp, uitgelig en uitgebrei word. In die ontwerp van 'n eie model sal finaal besluit word watter van hierdie eienskappe betrek gaan word.

Eyrich en Hines (2002:77) onderskei die volgende tien stappe in die multidimensionele proses.

1. Die bou van 'n vertrouensverhouding ("building involvement")
2. Die bymekaarmaak van inligting ("gather data")
3. Die identifisering van die probleem ("isolate problem")
4. Die bepaling van die koers ("determine direction")
5. Die oordenking van die probleem ("rethink problem")
6. Die konfrontasie ("confrontation")
7. Die gee van hoop ("give hope")
8. Die oproep tot 'n verbintenis ("gain commitment")
9. Die gee van huiswerk ("assign homework")
10. Die evaluering van huiswerk ("evaluate homework")

Skematies kan die proses soos volg voorgestel word (vgl. Eyrich & Hines, 2002:78)




**5.3.2.1 Stap 1: Die bou van 'n vertrouensverhouding**

Eyrich en Hines (2002:85 - 93) wys op vier maniere waarop 'n helpende verhouding gebou kan word:

*1. Die bou van 'n vertrouensverhouding deur middel van selfopenbaring*

Selfopenbaring in die pastoraat is uiters belangrik (Janse van Rensburg, 1991:264). Die manier waarop die berader deur die beradene beleef en waargeneem word, kan die pastorale gesprek positief of negatief beïnvloed. Die berader dra gedurig sekere inligting, verbaal en nie-verbaal, oor (vgl. Janse van Rensburg, 1991:264). Die vestiging van 'n goeie verhouding tussen die berader en die beradene moet hoë prioriteit geniet (vgl. Eyrich & Hines, 2002:79). 'n Atmosfeer van aanvaarding moet geskep word deur te soek na "een open houding naar elkaar" wat "veronderstelt dat men de ander op zijn plek met zijn probleem wil aanvaarden" (Velema, 1999:16). Die aanvaarding van die probleem beteken egter nie die outomatiese goedkeuring van sondige gedrag nie, maar wel "die pastorale identifikasie en onvoorwaardelike aanvaarding van die sondaar as

mens" (Louw, 1999:544). Dit is daarom nodig dat die verhouding tussen die berader en die beradene gebou sal wees "on the foundations of *compassion*, *respect*, and *sincerity*" ( MacArthur & Mack, 1994:175).

Een van die doelstellings van selfopenbaring in die pastoraat is om aan te dui dat die persoon in berading se probleem nie abnormaal is nie (Janse van Rensburg, 1991:267). Die berader moet egter versigtig wees om nie sy eie probleme op so 'n wyse op die tafel te plaas dat die ander persoon daardeur oorweldig word en hoop verloor nie. Die doel van selfopenbaring is immers ook om hoop te bring. Janse van Rensburg (1991:267) praat van "om 'n bepaalde punt te illustreer." Met verwysing na sy eie probleme kan die berader aantoon hoe hy self 'n soortgelyke situasie beleef en "daardeur" gekom het. Langs hierdie weg kan hy sy eie menslikheid illustreer en die beradene stimuleer tot selfopenbaring (vgl. Janse van Rensburg, 1991:267 - 268). Beraders behoort op die volgende raad te let (Eyrich en Hines, 2002:86):

> Counselors are not in the business of making others understand how supposedly great they are. Rather, the counselor should be humble in his demeanor and empowered by the Spirit as he exercises his spiritual gifts.

*2. Die bou van 'n vertrouensverhouding deur middel van omgee*

Om iémand vir die ander persoon te wees, is 'n kernaspek in die model wat Louw (1999:11) ontwikkel het: "Die diepste pastorale vraag is nie: wat *sê* ons vir mense en *hoe* sê ons dit nie, maar wie *is* ons vir mense" (Louw, 1999:27). Die berader moet God se omgee en betrokke wees deur sy eie omgee en betrokkenheid kommunikeer. Powlison (2003:66) stel dit soos volg: "You particularly image Christ by looking out for the well-being of those God has placed within your care." Richards en Hoeldtke (1980:117) se opmerking ten opsigte van die geestelike leier geld ook vir die berader: "The basic qualification for spiritual leaders is that they be living demonstrations of the reality of all that they teach!"

*3. Die bou van 'n vertrouensverhouding deur middel van betekenisvolle gebed*

"Prayer is the first function of biblical counseling" (Eyrich & Hines, 2002:88). Daarmee word bedoel dat die berader selfs voor die pastorale gesprek in gebed moet verkeer. "The counselor should prepare for counseling *largely* by prayer for himself and for his

counselees" (Adams, 1973:49). Gebed herinner die berader dat hy van die leiding van die Heilige Gees afhanklik is (Eyrich & Hines, 2002:89; vgl. ook Venter, 1988:32; Smith *in* MacArthur & Mack, 1994:144). Die berader moet die Here veral vir begrip en liefde vra wanneer dit kom by die begeleiding van enige persoon in nood.

Gebed veronderstel "'n deel hê aan die heil" (Louw, 1999:498). Die beradene kan deur die gebed van die berader beleef dat hy deel is van 'n "geloofsfamilie". Louw (1999:498 - 499) stel dit treffend:

> Binne God se Vaderskap en die broers en susters se kindskap is gebed 'n liturgiese fenomeen waarin die geloofsinhoud só bely word dat God aanbid en verheerlik word. Vanweë hierdie aanbiddingskarakter is gebed meer as menslike kommunikasie; gebed is wesenlik geloofsgemeenskap.

Gebed kan enige tyd gedurende die pastorale gesprek plaasvind, maar dit is waarskynlik beter om daarmee te wag tot aan die einde van die sessie. Gebed aan die begin van die sessie kan "a pious shadow" oor die sessie gooi wat die beradene van vrymoedigheid beroof en gevolglik verhinder om sy ware gevoelens te wys (Eyrich & Hines, 2002:90). Die gevolg is dat gebed aan die begin van 'n sessie ook indirek die opneem van data kan beïnvloed.

*4. Die bou van 'n vertrouensverhouding deur middel van die daarstelling van 'n werkbare plan (projection of a solution orientation).*

Die daarstelling van 'n werkbare plan het daarmee te make dat die berader, nadat hy deur die loop van die gesprek die beradene se probleem geïdentifiseer en ernstig opgeneem het, 'n sistematiese plan voorstel waarvolgens die beradene sy probleem kan hanteer (Eyrich & Hines, 2002:90). Op hierdie wyse word die beradene betrek by die oplossing en word ook hoop gegee (Eyrich & Hines, 2002:90).

Eyrich en Hines (2002:91 - 93) beveel die volgende maniere aan waarop 'n werkbare plan daargestel kan word:

- Die berader moet homself goed vergewis van wat presies die probleem van beradene is.

- Die berader moet die probleem nie ignoreer nie, maar moet dit op die tafel plaas en dit in nederigheid en met liefde en sensitiwiteit aanspreek. Wanneer 'n probleem geïgnoreer word, kan dit 'n negatiewe boodskap na die beradene oordra.
- Die berader moet gebalanseerd in sy benadering wees. Hy moenie oorhaastig besluite neem en oorhaastig 'n plan op die tafel plaas nie. Hy moet tyd maak om rustig oor die probleem te praat en moet soveel as moontlik inligting inwin alvorens hy 'n strategie aanbeveel.
- Die berader moet duidelik wees ten opsigte van die manier waarop die beradene sy probleme kan hanteer.

#### 5.3.2.2 Stap 2: Die bymekaarmaak van inligting

Geen pastorale berading kan slaag sonder dat die nodige inligting ten opsigte van die persoon wat vir berading aanmeld, bekom word nie (vgl. Eyrich en Hines, 2002:93). Maar eers moet 'n paar inleidende opmerkings gemaak word ten opsigte van die belangrikheid van luister.

1. Die belangrikheid van luister

Daar kan nie genoeg klem gelê word op die rol wat luister in 'n pastorale gesprek speel nie. Die sewe riglyne wat Collins (1988:42 - 43) in dié verband neerlê, verdien om volledig weergegee te word:

- "Being able to set aside your own conflicts, biases, and preoccupations so you can concentrate on what the counselee is communicating.
- Avoiding subtle verbal or nonverbal expressions of disapproval or judgment about what is being said, even when the content is offensive.
- Using both your eyes and your ears to detect messages that come from the tone of voice, posture, gestures, facial expressions, and other nonverbal clues.
- Hearing not only what the counselee says, but noticing what gets left out.
- Waiting patiently through periods of silence or tears as the counselee summons enough courage to share something painful or pauses to collect his or her thoughts and regain composure.
- Looking at the counselee as he or she speaks, but without either staring or letting your eyes wander around the room.

- Realizing that you can accept the counselee even though you may not condone his or her actions, values, or beliefs ... It can be helpful if you try to imagine yourself in the counselee's position and attempt to see things from his or her point of view."

2. Vraagstelling as wyse van insameling van inligting

Deur die stel van vrae kan die nodige inligting bekom word, maar ... "[W]e need to ask questions in a way that sets our counselees at ease and does not put them on edge" (MacArthur & Mack, 1994:223). Ten einde hierdie doel te bereik, is dit nodig om aan die beradene te verduidelik dat vrae gevra word sodat inligting bekom kan word met die doel om hom te help (MacArthur & Mack, 1994:223). "Vrae moet sodanig geformuleer word dat dit die persoon help om homself binne sy/haar konkrete situasie beter te ontdek" (Louw, 1999:315). Uit die antwoorde wat vanuit hierdie vrae bekom word, kan verdere vrae voortspruit (vgl. Adams, 1973:288 - 289).

**5.3.2.3 Stap 3: Die identifisering van die probleem**

Dit gaan in hierdie stap veral om die interpretering van die ingesamelde data (MacArthur & Mack, 1994:231 - 249) met die doel om die probleem te identifiseer. Belangrik om te onthou, is dat "[W]e must not only interpret that data ourselves, but in many cases must also help our counselees to reinterpret it, because they may already have drawn wrong conclusions about their situations" (MacArthur & Mack, 1994:231). Hieruit volg in die eerste plek dat die berader 'n greep op die probleem sal kry en 'n oplossing daarvoor in die Bybel sal gaan soek, en tweedens dat die probleem aan die persoon in berading op só 'n manier gekommunikeer word dat hy daarmee kan identifiseer (vgl. MacArthur & Mack, 1994:231-232).

Dit is belangrik om vas te stel of daar enige struikelblokke by die beradene teenwoordig is wat keer dat Bybelse verandering intree (MacArthur & Mack, 1994:242). Het die beradene 'n begrip van selfdissipline of meen hy dat verandering oornag gaan intree? Besef die beradene dat jarelange denkpatrone en aangeleerde gedrag afgeleer en met nuwe denke en gedrag vervang sal moet word? Die beradene moet nie in die duister gelaat word oor die pad wat voorlê nie.

#### 5.3.2.4 Stap 4: Bepaal die koers

Eyrich & Hines (2002:105 - 106) dui 'n drie-stap metodologiese proses aan waarvolgens die koers bepaal kan word wat die berader moet volg ten einde die probleem op te los. Kortliks kan dit soos volg saamgevat word:

1. Ken die probleem: Die berader moet seker maak dat hy presies weet wat die probleem is waarmee hy te make het.
2. Prioritiseer: Die berader moet die probleme "rangskik" in volgorde van intensiteit en belangrikheid, asook ten opsigte van die beradene se vermoë om op 'n gegewe tydstip aan 'n bepaalde probleem te werk.
3. Maak 'n plan: "... the counselor should determine how the counselee should work through the difficult issues and grow in Christ-likeness" (Eyrich & Hines (2002:105). Daarom moet die berader duidelike, spesifieke, konkrete en realistiese stappe en doelstellings formuleer. Doelstelling moet veral aan die hand van die basisteoretiese perspektiewe geformuleer word. Sodoende word die doelstellings in lyn met die Skrifopenbaring gebring en word die persoon in berading gehelp om te beweeg "in a direction which God has ordained" (Eyrich & Hines (2002:105). Die beradene moet hierdie doelstellings sy eie maak en moet verstaan dat God hom die krag sal gee om hierdie Bybelse doelstellings te bereik.

Ou, aangeleerde en gevestigde oortuigings moet geïdentifiseer en vervang word met Bybelse alternatiewe. Daarmee saam moet sondige gedrag wat voortspruit uit sondige denkwyses ook geïdentifiseer word. Hierdie proses kan soos volg geskied (Eyrich & Hines, 2002:111 - 112):

1. Bewuswording: Die beradene moet ten volle bewus word van sy verkeerde, sondige denkwyses. Dit behels die volgende:
   a. Die beradene moet bewus word van die feit dat hy 'n bepaalde denkwyse *aangeleer* en daarmee gemaklik geraak het.
   b. Die beradene moet daarvan bewus word dat hy *uit gewoonte* outomaties op 'n bepaalde probleem reageer.
2. Ontdekking van 'n Bybelse alternatief: Die beradene moet bewus word van die belangrikheid daarvan om ou, sondige denkwyses af te leer en nuwe, Bybelse denkwyses aan te leer. Hy moet gehelp word om die Bybelse waarhede toe te pas in sy lewe.

3. Herstrukturering: Die beradene mag dit nodig vind om sy aktiwiteite, omgewing en verbintenisse te herstruktureer sodat verandering teweeg gebring kan word.
4. Breek die skakels van die ketting: Verandering in denkwyses en gedrag geskied in fases. Dit is belangrik om die oorsaak, "the triggering factor" (Adams, 1973:197), te identifiseer. Vandaar kan die leer geklim word tot by die manifestasie van die teenswoordige sondige gedrag.
5. Vra hulp van ander: Dit is moeilik om te breek met aangeleerde gewoontes en denkpatrone. Na aanleiding van Hebreërs 10:24 kan die beradene staatmaak op die hulp van ander gelowiges. Die belangrikheid van die gemeente as 'n familie kom weereens hier na vore.
6. Fokus op Christus: Die beradene moet verstaan dat sy verhouding met Christus 'n sentrale fokuspunt is. Dit is slegs vanuit Christus dat die heerlike waarhede oor God se Vaderskap reg verstaan kan word. Die beradene moet daarteen waak om so op homself en op sy probleem te fokus dat hy perspektief op Christus verloor.
7. Oefen nuwe gewoontes: Nuwe gewoontes en denkwyse kom nie vanself nie. Dit moet aangeleer en ingeoefen word. Dit verg tyd, harde werk en selfdissipline.

**5.3.2.5 Stap 5: Die oordenking van die probleem**

Hierdie stap het ten doel om die beradene te help om in te sien dat sy probleem deur die Bybel aangespreek word. Die beradene moet gehelp word om te verstaan dat sy probleem net opgelos kan word indien hy beskik oor 'n Bybelse perspektief ten opsigte van die probleem. Die gebrek aan 'n Bybelse perspektief is direk daarvoor verantwoordelik dat probleme op 'n verkeerde manier hanteer word. Die noodsaaklikheid van die identifisering van die verkeerde maniere waarop die probleem in die verlede gehanteer is, asook die noodsaaklikheid om nuwe, Bybelse maniere vir die hantering daarvan aan te leer, moet in hierdie stap weereens beklemtoon word (Eyrich & Hines, 2002: 115 - 121). Met inagneming van die doelstellings wat in stap 4 geformuleer is, moet die berader die beradene leer om sy probleem in die lig van Bybelse beginsels te oordink. Die persoon in berading moet opgeroep word (Eyrich & Hines, 2002:121 - 122) om ...

1. ... te bid: Die beradene moet aangemoedig word om sy begeertes en versoeke deur gebed aan God te bring. Hy moet ook nadink oor hoe God wat almagtig, alwetend en alomteenwoordig is sy probleem kan hanteer.
2. ... angs met vrede te vervang: Die beradene moet aangemoedig word om enige angstigheid of moedeloosheid wat teenwoordig is, te vervang met die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.
3. ... die regte ingesteldheid in te neem: Die persoon in berading moet aangemoedig word om reg te dink oor God, die mensdom en die lewe. Dit beteken dat alle gedagtes gerig moet word op alles wat waar, edel, reg, rein, mooi, prysenswaardig, ens. is (vgl. Fil. 4:8). Deur dit te doen, kan onbybelse denkwyses geïdentifiseer word en met Bybelse denkwyses vervang word sodat 'n geneigdheid om op die self te fokus, vervang word met 'n fokus op God en die naaste.
4. ... prakties te raak: Die persoon in berading moet aangemoedig word om dit wat hy gedurende die beradingsessies geleer het en nog gaan leer, in die praktyk toe te pas. Die gee van huiswerk sal hier 'n belangrike rol speel.

Ten einde die aangeleerde Bybelse beginsels te implementeer, kan die volgende stappe gevolg word (Eyrich en Hines, 2002:122):

1. Analiseer die probleem: Die berader moet die beradene help om sy probleem te analiseer. 'n Nuttige wenk is die byhou van 'n dagboek waarin die aard van die probleem, die tyd en plek waar die probleem opduik, die emosionele reaksie op die probleem, asook die manier waarop die probleem gehanteer is, opgeteken word.
2. Identifiseer onbybelse patrone: Alle onbybelse patrone en denkwyses wat na vore kom, moet geïdentifiseer word.
3. Formuleer 'n plan: Die berader moet help om 'n plan of strategie te formuleer wat die Bybelse beginsels implementeer sodat die probleem suksesvol oorkom kan word.

#### 5.3.2.6 Stap 6: Konfrontasie

Indien konfrontasie verkeerd toegepas word, hou dit 'n gevaar in vir die berading van enige persoon. Ten opsigte van konfrontasie moet die berader deurentyd twee sake in gedagte hou:

- Die doel van konfrontasie: Deur konfrontasie hou die berader die beradene verantwoordelik vir die huidige probleem en moedig hy hom aan om deur die krag en die wysheid van God sy probleem op te los (Eyrich & Hines, 2002:123 - 124). Kennedy beskryf konfrontasie soos volg: "Ordinarily, confrontation aims at exposing the client's defenses or the defective pattern of behavior that the client employs to adjust to life" (Eyrich en Hines, 2004:124). Deur konfrontasie wys die berader die persoon in berading op 'n idee wat hy andersins nie sou kon insien nie (Collins, 1988:44).
- Die gesindheid waarin konfrontasie geskied. Konfrontasie geskied altyd in die gesindheid van liefde. Oor die sentraliteit wat die liefde in die konfrontasieproses speel, merk Louw (1999:484) soos volg op:

> In die pastorale respons van konfrontasie en vermaning is die pastor dus besig om die beradene te help om sy sondige gedrag te wysig terwyl hyself in liefde aanvaar word. Skuldpastoraat beveg en vernietig nie die persoon nie, maar sy sonde.

Die persoon in berading moet gewys word op die goeie God wat die lotgevalle van mense in sy hande hou. Adams (1979:159) maak ten opsigte hiervan die volgende opmerking:

> The greatest help a counselor can bring to a counselee is to convince him of the fact that behind all suffering there is a good God Who – for His own righteous purposes – has brought all this about.

Konfrontasie geskied die beste in "a loving, gentle, nonjudgmental manner' (Collins, 1988:44).

Konfrontasie put uit die inligting wat uit stappe 2, 3 en 5 na vore gekom het. Nadat die probleem of probleme duidelik geïdentifiseer is, moet die beradene daarmee gekonfronteer word ten einde ou, sondige gewoontes en denke af te leer sodat nuwe, Bybelse gewoontes en denke aangeleer kan word. So gesien is konfrontasie 'n daad

van verlossing: die persoon in berading word verlos van 'n sondige lewe en bevry tot 'n nuwe lewe (vgl. Eyrich & Hines, 2002:132).

#### 5.3.2.7 Stap 7: Gee hoop

Hierdie stap moet ten nouste aan die vorige stap verbind word. Nadat die persoon in berading met sy sondige toestand gekonfronteer is, mag 'n gevoel van moedeloosheid en hopeloosheid voorkom. Dit is daarom belangrik dat die berader hoop sal bring. Hierdie hoop behels dat die beradene sal besef dat daar 'n besliste uitkoms uit sy benarde situasie is.

Eyrich & Hines (2002, 134 - 138) wys op twaalf maniere waarop die berader hoop kan bring. Dit word kortliks hieronder bespreek:

1. Moenie die probleem verklein nie: Dit is belangrik om na die persoon in berading te luister, want daardeur bemoedig die berader die beradene om sy probleem ten volle te beskryf.
2. Behou beheer oor die sessie: Deur die beradingsessies na 'n besliste punt te stuur en te hou by die koers wat in stap 4 bepaal is, wys die berader die persoon in berading op die relevansie van die sessies. Ook deur sy emosies in beheer te hou, kan die berader verder hoop skep by die persoon in berading. 'n Berader wat gedurig met skok op die uitlatings van die beradene reageer, sal 'n ongemak by laasgenoemde teweegbring.
3. Vestig verantwoordelikheid: Soos wat verantwoordelikhede uitgespel en in die praktyk gebring word, kan dit hoop vestig, aangesien die beradene beleef dat sy selfgesentreerde denke plek maak vir 'n Bybelse denkpatroon.
4. Neem 'n positiewe houding aan: Die berader moet deurentyd aan die persoon in berading kommunikeer dat daar 'n Bybelse antwoord op al sy probleme is, selfs al kan die berader self nie dadelik aandui wat die oplossing is nie. Wanneer die berader bewus word van 'n dooiepunt tydens berading, kan hy soos volg opmerk (Adams, 1975:16):

   > Frankly, I am stymied about some aspects of the problem and I want to spent the next week praying and thinking about the question in the light of the Scriptures; I hope you will pray too.

5. Moenie mislei word nie: Die beradene moet daarop gewys word dat hy sukkel met 'n bepaalde probleem of met die hantering van bepaalde kwessies as gevolg van 'n gebrek aan Bybelse kennis en sondige keuses.
6. Gee onderrig oor die aanleer van gewoontes: Nuwe gewoontes moet aangeleer word en die beradene moet besef dat hy oor homself op 'n bepaalde manier dink as gevolg van die aanleer van verkeerde denke. Deur die krag van God kan die beradene nuwe, Bybelse denke aanleer.
7. Die voorbeeld van ander: Die lewe van ander gelowiges kan as voorbeeld voorgehou word waar God kragtig gewerk het en mense se lewens verander het. Dit sal die berader loon om te wys op die talle voorbeelde in die Bybel en in die Kerkgeskiedenis waar God op wonderbaarlike maniere in die lewe van mense ingegryp het.
8. Die voorbeeld van die berader: Die berader se eie voorbeeld speel 'n belangrike rol. Indien die persoon in berading Bybelse waardes soos betroubaarheid, eerlikheid, heiligheid en opregtheid in die berader waarneem, kan dit hom motiveer om dieselfde waardes na te jaag.
9. Beklemtoon God se beloftes: "The promises of God can become the foundation of the counselee's assurance that he can successfully make the necessary changes in his thinking and behavior" (Eyrich & Hines, 2002:136).
10. Beklemtoon die tydsduur van die sessies: Berading hoef nie jare te duur nie, maar kan in 'n paar maande of selfs 'n paar weke afgehandel word. Sodra die beradene sy probleme vanuit 'n Bybelse perspektief benader en begin oplos, kan die berading gestaak word.
11. Verkry 'n verbintenis: Dit is belangrik om 'n verbintenis (ooreenkoms) van die persoon in berading te verkry waarin hy homself bereid verklaar om sy volle samewerking te gee en alles te doen wat dit sal verg om 'n Bybelse leefwyse aan te leer.
12. Neem die beradene ernstig op: Glo wat hy vertel; moet dit nie in twyfel trek nie.

#### 5.3.2.8 Stap 8: Roep op tot 'n verbintenis

In die vorige stap is reeds hierna verwys, maar hierdie daad is so belangrik dat dit 'n afsonderlike stap regverdig. Die beradene moet bewus gemaak word van die belangrikheid daarvan om die probleem wat teenwoordig mag wees, in die lig van die

Skrif te verstaan en te hanteer. God verwag van hom om erns te maak met wat die Skrif leer oor Homself en sy omgang met die gelowige. Vanuit hierdie perspektief moet die beradene lewe. Deurentyd moet die berader vanuit die Skrif aandui dat die koers wat ingeslaan word deur die Skrif self aangedui word. Die beradene moet die indruk kry dat wat die berader aan hom voorhou, God se wil vir sy lewe is. Dit is derhalwe uiters belangrik dat die berader die Skrif sal ken en veral 'n greep sal hê op dit wat die Skrif sê ten opsigte van die probleem wat op tafel is. Alhoewel daar 'n sterk appèl op die persoon in berading gemaak word om homself te verbind aan 'n Bybelse verandering, mag die berader nie sy eie verantwoordelikheid, naamlik 'n volgehoue bestudering van die Skrif, misken nie.

Soos reeds aangedui, word van die veronderstelling uitgegaan dat die persoon in berading 'n gelowige is. Dit is daarom belangrik dat hy op die voorbeeld van Jesus Christus gewys sal word en aangemoedig sal word om meer en meer die beeld van Christus in sy lewe te vertoon. Hiertoe moet die beradene homself verbind (Eyrich & Hines, 2002:140).

Wat verhinder die beradene om 'n verbintenis te maak? Die volgende vier faktore verdien aandag (Eyrich en Hines, 2002:141 - 143):

1. Vorige mislukkings: Dit mag wees dat die beradene vantevore op verskillende maniere probeer het om sy probleem te hanteer, maar sonder sukses. Hy kan daarom tereg vra of die berading enige verandering teweeg kan bring.
2. Gevoelsoriëntasie: Dit mag wees dat die beradene ingestel is op die ervaring of belewing van die een of ander gevoel. 'n Ongesonde klem op gevoel kan die berading op gevaarlike bane stuur.
3. Onakkurate begrip van die Christelike lewe: Die berader sal moet moeite doen om aan die beradene te verduidelik dat gehoorsaamheid 'n integrale deel van die verbondsverhouding uitmaak. Daar moet klem gelê word op die belangrikheid van gehoorsaamheid as 'n onontbeerlike grondslag vir 'n dankbare lewe.
4. Bitterheid: Dit mag nodig wees dat vergifnis eers aangespreek word voordat die beradene bereid sal wees om oor te gaan tot 'n verbintenis.

Die berader kan 'n geskrewe ooreenkoms met die beradene aangaan (Adams, 1973:198; Eyrich & Hines, 2002:143). Hierdie ooreenkoms is nie 'n ooreenkoms wat die beradene met homself sluit nie (Egan, 1994:270), maar 'n ooreenkoms tussen sowel die berader as die persoon in berading. Albei verbind hulle daartoe om te werk in die rigting van 'n Bybelgeoriënteerde oplossing.

#### 5.3.2.9 Stap 9: Die gee van huiswerk

Huiswerk word om die volgende rede gegee (Eyrich en Hines, 2002:143):

> The biblical counselor assigns homework to the counselee to help him begin to deal concretely with his problem. In assigning homework, the counselor is focusing primarily on addressing the counselee's attitude and behavior.

Vir die doel van hierdie studie word veral gelet op Bybelstudie as huiswerkopdrag (Louw, 1999:456 - 460). Bybelstudie as huiswerkopdrag hou bepaalde voordele in waarvan die belangrikste waarskynlik is dat die persoon in berading gehelp word om sy situasie te evalueer in die lig van God se perspektief. Hieronder volg 'n voorbeeld van 'n huiswerkopdrag (vgl. Louw, 1999:458 - 459).

*Huiswerkopdrag*

*Probleem* (Beskryf in jou eie woorde die kernprobleem)

.......................................................................................................................

*Behoeftes* (Identifiseer jou basiese behoeftes)

.......................................................................................................................

*Doelwit* (Ek wil graag die volgende met hierdie Bybelstudie bereik)

.......................................................................................................................

['n Teksgedeelte word gegee]

(1) Skryf die teks uit in jou eie woorde (parafrasering)

.......................................................................................................................

(2) Kan jy aan ander teksgedeeltes dink wat oor dieselfde onderwerp handel?

.......................................................................................................................

(3) Wat het jy ervaar toe jy die teks deurgewerk het? Hoe het jy gevoel? Watter gewaarwordinge of assosiasies was daar? Wat het jy gedink?

..........................................................................................................................................

(4) Wat wil die Here vir jou in hierdie teks sê of leer?

..........................................................................................................................................

(5) Is daar in hierdie gedeelte 'n bepaalde belofte?

..........................................................................................................................................

Opdrag? ..........................................................................................................................

Stelling? ..........................................................................................................................

Waarskuwing? ..................................................................................................................

(6) Sê hierdie gedeelte iets oor God? Indien wel, gee dit in jou eie woorde weer.

..........................................................................................................................................

(7) Wat gaan jy aan jou probleem doen?

..........................................................................................................................................

(8) Het jy hieroor gebid? Skryf jou gewaarwordinge neer nadat jy gebid het en die saak konkreet voor God gestel het.

..........................................................................................................................................

Die antwoorde op vraag 6 en 7 kan as vertrekpunte vir verdere, praktiese huiswerk geneem word sodat wat uiteindelik in 'n sessie gesê is, deur middel van huiswerk gedoen word (Louw, 1999:459).

Die beradene kan ook die opdrag gegee word om sy gevoelens teenoor sy biologiese ouers en/of God in die vorm van 'n gedig, 'n lied of 'n brief neer te skryf (vgl. Davis, 2001:18 - 26 vir 'n voorbeeld van 'n klaaglied; vgl. ook 3.2.3). Hierdeur kan die beradene gehelp word om sekere onverwerkte gevoelens te hanteer (vgl. 3.2.3).

#### 5.3.2.10 Stap 10: Evalueer die huiswerk

Tydens die evaluering van die huiswerk sal die berader agterkom (vgl. Louw, 1999:460; Eyrich & Hines, 2002:151) ...

- ... of die persoon die berading ernstig opneem.
- ... of hy die beginsels wat tydens die sessies neergelê is verstaan.
- ... of hy daarin slaag om 'n nuwe manier van leef en dink te ontwikkel.

Die belangrikste vraag wat die berader tydens hierdie fase moet vra, is of die doel waarvoor die huiswerk gegee is, bereik is (Eyrich & Hines, 2002:152). Die berader kan die gesprek oor identiteit goedskiks afsluit deur gebruik te maak van die gedagtes van Powlison (2007:5):

> Your opinion of yourself is far less important than God's opinion of you, and accurate self-assessment is derivative of God's assessment. True identity is God-referential. True awareness of yourself connects to high esteem for Christ. Great confidence in Christ correlates to a vote of fundamental *no confidence* in and about yourself.

## 5.4 GEVOLGTREKKING

Uit die voorgaande bespreking het die praktiese aard van die model van Eyrich en Hines duidelik na vore getree. Dit was ook opvallend hoe maklik die insigte uit ander modelle daarin opgeneem kon word tot verryking van die model. Die vermoede bestaan dat hierdie model, aangepas en aangevul met die navorsingsresultate van hierdie studie, as riglyn kan dien vir die ontwerp van 'n eie model. In die volgende hoofstuk word so 'n poging aangewend.

# HOOFSTUK 6

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND MET BESONDERE VERWYSING NA DIE VADERSKAP VAN GOD

## 6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om praktykteoretiese riglyne daar te stel deur die basisteoretiese beginsels saam met die metateoretiese perspektiewe in hermeneutiese wisselwerking met die situasiewerklikheid te plaas (vgl. Heystek en Erasmus by De Klerk & Dreyer, 2006:219). 'n Kritiese interaksie tussen teorie en praktyk vind uiteindelik plaas (De Kock, 2007:178) sodat tot die ontwikkeling van 'n eie praktykteorie in die vorm van 'n beradingsmodel vir die pastorale begeleiding van aangenome kinders, waarin die "Vaderskap van God" pertinent figureer, gekom kan word. 'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in praktyk behoort te funksioneer (Venter, 1995:1999) vanuit 'n bepaalde teorie (vgl. De Kock, 2003:143), en ontstaan uit 'n wisselwerking tussen teorie en praktyk terwyl dit gerig is op 'n bepaalde handelingstrategie vir die bedieningspraktyk (Hendriks, 1997:11).

Verskillende stappe van 'n beradingsproses word hieronder uiteengesit. Die model van Eyrich en Hines (vgl. 5.3) word daarvoor as riglyn gebruik met aanpassings deur die navorser self. Aan die begin van elke stap word die betrokke stap skematies saamgevat.


## 6.2 DIE DOEL VAN DIE PASTORALE BEGELEIDING

Die doel van die pastorale begeleiding is om die aangenome kind by wie die kwessies van identiteit, verwerping en verlies manifesteer, te hanteer deur die basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe, asook insigte uit die behandelde literatuur rakende die Vaderskap van God interaktief te gebruik.

Die volgende doelwitte word beoog:

### 6.2.1 Die vestiging van 'n verbondsbegrip

Uit die basisteorie het dit duidelik geword dat die vader-metafoor veral in verband met die verbond gebring word (vgl. 2.5.1). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat 'n suksesvolle implementering van die vader-metafoor in berading direk afhanklik sal wees van 'n duidelike begrip van die verbond met sy twee kante (of aspekte) van belofte en eis. Die tekste uit veral die Ou Testament kan met vrug gebruik word om hierdie twee kante te verduidelik (vgl. 2.3.2). 'n Verdere implikasie van die navorsingsbevinding is dat elke stap vanuit 'n verbondsperspektief benader behoort te word. Skematies kan die model soos volg voorgestel word:



### 6.2.2 Die bepaling van kennis aangaande God as Vader

Die kennis wat gelowiges oor God as Vader beskik, gaan waarskynlik mank aan 'n dieptedimensie (vgl. 4.5.4). 'n Moontlike rede hiervoor is dat Christene 'n beperkte waardering het van die Vaderskap van God as gevolg van die oorbeklemtoning van die werk van die Seun en van die Heilige Gees (vgl. 1.1.1). Daar moet derhalwe 'n bepaling gedoen word van die kennis wat die aangenome kind van die Vader het. Deur hierdie bepaling te doen, sal die berader te wete kom aan watter aspekte van die Vaderskap van God besondere aandag geskenk behoort te word ten einde die verskillende kwessies aan te spreek.

### 6.2.3 Die bepaling van die vermoë om God se Vaderskap in verband met aanneming te bring

Soos in Hoofstuk 4.5.4 aangedui, bestaan daar 'n algemene onvermoë by aangenome kinders om die Vaderskap van God op 'n positiewe wyse in verband met hulle aanneming te bring. Dit is dus noodsaaklik om vas te stel of die beradene hierdie verband reeds self kan lê en indien wel, tot watter mate, aangesien die kern van die model wat hier ontwikkel word, fokus op die **betekenis** van die Vaderskap van God by die aangenome kind. Ten einde die model suksesvol te kan toepas, moet die beradene in staat wees om die *betekenis van die Vaderskap van God in verband te bring met kwessies rondom sy aanneming.*

### 6.2.4 Die vorming van identiteit

Aangenome kinders is soekend na hulle identiteit (vgl. 3.2.4). Gelowiges is almal in wese aangenome kinders van God die Vader en die berader moet die implikasies daarvan aan die aangenome kind, uitwys (vgl. 2.5). Dis van besondere belang om in gedagte te hou dat vir die vorming van identiteit 'n ankerpunt in die verlede benodig word (vgl. 3.2.4). Ten einde die vorming van identiteit binne die bane van die Skrif te stuur, moet hierdie anker- of oriënteringspunt in die gekruisigde Christus gevind word (vgl. 2.5.1.3).

### 6.2.5 Die hantering van verwerping en verlies

Aangenome kinders ervaar dikwels verwerping en daarmee saam verlies (vgl. 3.2.2.2). Gevoelens van veral verlies mag die hoofrede wees waarom aangenome kinders 'n berader gaan spreek (vgl. 3.2.2.2). Die berader moet bedag wees op laasgenoemde en

vanuit die basisteorie hierdie kwessies hanteer, met spesifieke verwysing na God se betrokkenheid by sy kinders soos wat dit vanuit die verbond duidelik word (vgl. 2.5).

## 6.3 DIE BERADER SE VERTREKPUNT

Die berader moet vandat die berading 'n aanvang neem, dit aan die beradene duidelik maak dat geloof in Jesus Christus 'n belangrike en noodsaaklike vetrekpunt is, aangesien die Vaderskap van God slegs in en deur Jesus Christus reg verstaan en beleef kan word (vgl. 1.7.3). Sonder geloof in Jesus Christus sal die beradene hoogstens kognitiewe kennis kan neem van die basisteoretiese perspektiewe aangaande God se Vaderskap (vgl. 2.5) sonder dat hy daartoe in staat sal wees om dit in sy eie lewe te integreer. Sonder geloof sal die beradene slegs 'n uitsig kry op wat *kan wees*, sonder die hoop dat enige verandering in sy lewe sal plaasvind.

## 6.4 DIE BERADER EN DIE AANGENOME KIND

In die berading van aangenome kinders is daar sekere belangrike sake (vgl. Hoofstuk 3) waarvan die berader homself vooraf moet vergewis en veral om die volgende redes:

- sodat *vooropgestelde idees* rakende aangenome kinders daardeur getoets en, waar nodig, gekorrigeer kan word.
- sodat moontlike *leemtes* in die berader se kennis ten opsigte van aangenome kinders aangevul kan word.
- sodat met *sensitiwiteit* te werk gegaan kan word.

Die volgende sake moet deur die berader in gedagte gehou word:

### 6.4.1 Kennis rakende aangenome kinders

Dit is belangrik dat die berader op die hoogte sal wees van die kwessies wat geneig is om voor te kom by aangenome kinders (vgl. 3.2.2). Die berader sal ook moet kennis neem van die sogenaamde "adopted child syndrome" (vgl. 3.2.1; 3.2.4) waarvoor daar geen wetenskaplike bewyse bestaan nie (vgl. 3.2.1). Kennis hiervan kan die berader motiveer om sy eie ingesteldheid rakende aangenome kinders eerlik te ondersoek alvorens met berading begin word. Sodoende sal die berader daartoe kom om die twee uiterstes van onder- en oor-patologisering te vermy (vgl. 3.2.3). Die berader moet daarvan bewus bly dat aanneming wel 'n noemenswaardige en bepalende invloed kan uitoefen op die aangenome kind, maar dat nie alle probleme wat manifesteer, noodwendig aan die aanneming gekoppel kan word nie (vgl. vgl. 3.2.1; 3.2.3; 3.2.4).

### 6.4.2 Woordeskat

Die berader moet bedag wees op ondeurdagte uitdrukkings wat die beradingsproses negatief kan beïnvloed. Daar moet versigtig omgegaan word met uitdrukkings soos "Jy is spesiaal" of "Jy is uitgekies." Selfs al word hierdie uitdrukkings gebruik om te troos en te bemoedig, kan dit as negatief deur die beradene verstaan en beleef word (vgl. 3.2.2.1; 3.2.4). Iewers in enige beradingsgesprek met aangenome kinders, sal verwys word na die biologiese ouers en die aanneemouers. Hier moet die berader woorde soos *regte ouers* vermy en eerder praat van *biologiese ouers* (vgl. 3.2.3.a).

### 6.4.3 Ouderdom van beradene

Kennis van die aangenome kind se ouderdom is belangrik, aangesien sekere optredes en verskynsels direk aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel word. Die volgende behoort in gedagte gehou te word:

- Tussen die ouderdom van 3 - 7 jaar word aangenome kinders bewus van hulle andersheid (vgl. 3.2.2.2), maar die berader moet daarvan bewus wees dat die aangenome kind op hierdie ouderdom nog nie die aanneming intellektueel deurdink het nie (vgl. 3.2.2.2). Die berader moet dit in gedagte hou en daarteen waak om nie die *feit van die aanneming* op hierdie ouderdom oor te beklemtoon nie.
- Die latente stadium (7 - 11 jaar) is 'n kritieke periode in die lewe van die aangenome kind, aangesien dit die stadium is waarin hy intellektueel en emosioneel ten volle bewus raak van wat dit beteken om aangeneem te wees (vgl. 3.2.2.2).
- Die tienerfase is die fase waarin aangenome kinders die sterkste fokus op die verskille tussen hulle en hulle aanneemouers (vgl. 3.2.2.1; 3.2.2.2; 3.2.4). Wanneer aangenome kinders dus in hulle tienerjare vir berading opdaag, moet die berader daarvoor sensitief wees dat dit 'n kritieke tyd in die identiteitsvormingsproses van die beradene is. Dit sal daarom moontlik ook die beste fase wees om met berading te begin wat fokus op die betekenis van die Vaderskap van God.
- Die gemiddelde ouderdom waarop aangenome kinders na hulle biologiese ouers soek, is 29 jaar (vgl. 3.2.2.1). Die berader moet in gedagte hou dat probleme wat gedurende hierdie ouderdom manifesteer, met hierdie soeke in verband kan staan.


### 6.4.4 Die biologiese en aanneemvader

Die vaderfiguur speel 'n belangrike rol in die emosionele ontwikkeling van die kind (vgl. 3.3.1; 3.3.2). Die berader moet deurentyd in gedagte hou dat die beradene sy beeld van sy biologiese en/of aanneemvader op God kan projekteer (vgl. 3.3.3). Die berader behoort die aangenome kind oor sy gevoel jeens sy biologiese en/of aanneemvader uit te vra. Die uitdaging van die berader sal wees om die beradene daarop te wys dat 'n negatiewe siening van sy aardse vader(s) geen grond bied vir 'n negatiewe beeld van God die Vader nie.

## 6.5 DIE BERADINGSPROSES

Die verskillende stappe van die model van Eyrich en Hines (vgl. 5.3) word gebruik as riglyn vir die beradingsproses, maar elke stap word aangepas vanuit die navorsingsresultate soos wat dit in hierdie studie na vore gekom het en die navorser se eie ervaring in die veld.

### 6.5.1 Die bou van 'n vertrouensverhouding




Die belangrikheid van hierdie stap kan in die berading van aangenome kinders nie genoeg beklemtoon word nie. Soos voor enige beradingsgesprek, moet die berader voorbidding doen met die oog op die gesprek (vgl. 5.3.2.1.3). Wanneer dit by die berading van aangenome kinders kom, moet die berader die Here veral vir begrip, liefde en sensitiwiteit vra.

Vrees vir verwerping kan daartoe aanleiding gee dat die beradene nie in 'n beradingsverhouding betrokke wil raak nie of selfs probeer om die verhouding uit te toets (vgl. 3.2.2.2). Hy het nodig om te weet dat hy nie "unwanted" is nie, maar dat die

berader hom onvoorwaardelik as mens aanvaar (vgl. 3.2.2.2). Die berader kan reeds in hierdie fase deur die verbalisering van sy omgee vir die aangenome kind, sekere aspekte van die basisteoretiese perspektiewe kommunikeer. Hier word veral gedink aan die betrokke wees van God die Vader in die lewe van sy kinders (vgl. 2.5.1.2). Die berader moet God se omgee en betrokke wees deur sy eie omgee en betrokkenheid kommunikeer (vgl. 5.3.2.1.2). Daar kan ook met vrug van gebed gebruik gemaak word (vgl. 5.3.2.1.3). Deur die beradingsessies met gebed af te sluit, kan die aangenome kind die gevoel kry dat hy deel is van die geloofsfamilie (vgl. 2.5.1.5).

Indien die berader self aangeneem is, plaas dit hom in 'n gunstige posisie teenoor die beradene, mits die berader groot versigtigheid aan die dag lê wanneer gebruik gemaak word van selfopenbaring. Deur sy eie verhaal op 'n omsigtige wyse op die tafel te plaas, kan die berader die aangenome kind aanmoedig om oor sy aanneming te begin praat (vgl. 5.3.2.1.1). Langs hierdie weg begin die berader alreeds hoop by die beradene skep (vgl. 5.3.2.1.1; 6.5.7).


Hoop (vgl. 6.5.7) kan ook geskep word deur die daarstelling van 'n werkbare plan waardeur die beradene se probleem gehanteer kan word (vgl. 5.3.2.4). Hierdie plan kan langs die volgende riglyne ontwikkel word (vgl. 5.3.2.4):

- Die berader moet homself goed vergewis van die feit dat nie alle probleme waarmee aangenome kinders worstel, die resultaat van die aanneming is nie (vgl. 3.2.1). Aan die ander kant moet die berader op die uitkyk wees vir identiteitsprobleme en 'n gevoel van verwerping asook verhoudingsprobleme (veral tussen die beradene en sy ouers) wat wel as gevolg van die aanneming teenwoordig kan wees (vgl. 3.2.2).
- Die berader moet die probleem nie ignoreer nie, maar moet dit op die tafel plaas en in nederigheid en met liefde en sensitiwiteit hanteer. Wanneer 'n probleem geïgnoreer word, kan dit 'n negatiewe boodskap na die beradene oordra. Hy kan selfs verwerping beleef wanneer hy die indruk kry dat sy probleme nie vir die berader belangrik is nie.
- Die berader moet gebalanseerd in sy benadering wees. Hy moenie oorhaastig besluite neem en te vinnig 'n plan op die tafel plaas nie. Hy moet tyd maak om rustig oor die probleem te praat en moet soveel as moontlik inligting inwin alvorens hy 'n strategie aanbeveel.

- Die berader moet duidelik wees ten opsigte van die manier waarop die beradene sy probleme kan hanteer. Dit beteken dat die berader duidelikheid sal moet hê oor die basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die Vaderskap van God, asook oor die wyse waarop dit 'n betekenisvolle rol kan speel ten opsigte van die beradene se probleem. Anders gestel: Die berader moet in staat wees om die basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die Vaderskap van God (vgl. Hoofstuk 2) sinvol te integreer met die kwessies rakende aanneming soos wat dit in die metateorie (vgl. Hoofstuk 3) en empiriese studie (vgl. Hoofstuk 4) uitgewys is. Hierdie integrasie sal later in die model volledig aandag geniet.

Die berader sal aan die bou van 'n vertrouensverhouding, gedurende die hele beradingsproses, aandag moet skenk en groot geduld daarmee aan die dag moet lê. Op geen stadium mag aan die beradene gekommunikeer word dat hy *anders is* omdat hy aangeneem is nie. Die woordeskat van die berader sal hier 'n deurslaggewende rol speel (vgl. 6.4.2).

### 6.5.2 Die bymekaarmaak van inligting





Deur die gebruikmaking van die PSDA (vgl. 4.3.1) en sekere doelgerigte vrae (vgl. 4.3.2), kan die berader belangrike inligting bekom rakende die beradene se Godsbeeld, sy ervaring van God as Vader en sy vermoë om die Vaderskap van God in verband met sy aanneming te bring (vgl. 4.5.2.3). Hierdie inligting is belangrik ten einde die betekenis van God se Vaderskap suksesvol te kan toepas in die lewe van die beradene, veral waar die kwessies van identiteit, verwerping en verlies voorkom.

Tydens hierdie fase kan die berader die beradene ook uitvra oor sy gevoelens teenoor sy biologiese en aanneemvader (vgl. 3.3.2; 3.3.3).

Gedurende die insameling van die inligting kan die berader reeds melding maak van die belofte- en eisaspekte van die verbond (vgl. 2.5). Die Vaderskap van God hou beloftes vir die gelowige in wat sinvol in sy lewe geïntegreer kan word. Maar daar word ook van die gelowige verwag om in gehoorsaamheid aan die Vader te lewe. Later sal aan hierdie perspektiewe meer aandag geskenk word.

### 6.5.3 Die identifisering van die probleem





Die inligting uit die vorige stap moet nou deurdink en duidelik uiteengesit word. Dit kan aan die hand van die volgende vrae gedoen word (vgl. 3.3; 4.3.2; 4.5):

- Hoe lyk die Godsbeeld van die beradene? Wat is sy algemene siening van God?
- Wat weet die beradene van God die Vader? Van watter eienskappe van God se Vaderskap is die beradene bewus of nie bewus nie? Het hy enige insig in die betekenis van daardie eienskappe waarvan hy wel bewus is?
- In watter mate slaag die beradene daarin om 'n verband te lê tussen God se Vaderskap en sy aanneming?
- Bestaan daar enige opvallende negatiewe gevoelens ten opsigte van die biologiese en/of aanneemvader?

Die berader moet sy afleidings met die beradene kommunikeer sodat laasgenoemde begelei kan word om sy beskouings oor veral God beter te verstaan (vgl. 5.3.2.3). Dit is belangrik dat die beradene homself met die afleidings van die berader sal identifiseer (vgl. 5.3.2.3).

Die belofte- en eisaspekte van die verbond kan ook hier weer ter sprake kom.

### 6.5.4 Die bepaling van die koers




Die berader moet die aangenome kind begelei om in te sien dat die kwessies van identiteit en verwerping en verlies sinvol hanteer kan word in die lig van God se Vaderskap. Dit is die algemene koers wat die berading gaan inslaan. Die inligting wat die berader uit stappe 2 en 3 bymekaargemaak het, sal die koers help bepaal. Indien daar byvoorbeeld geen begrip van God as Vader by die beradene teenwoordig is nie, sal die berader meer tyd moet afstaan aan Skrifstudie waar spesifiek op die tekste wat oor God se Vaderskap handel, gekonsentreer word (vgl. Hoofstuk 2). 'n Onvermoë om God se Vaderskap met die aanneming in verband te bring, loop hand aan hand met 'n gebrekkige kennis oor God as Vader (vgl. 4.5.4). Eers wanneer aan laasgenoemde aandag geskenk is, sal die berader die beradene kan help om 'n betekenisvolle lyn te trek tussen sy aanneming en God se Vaderskap. Die voorafkennis van die beradene ten opsigte van God as Vader, speel met ander woorde 'n deurslaggewende rol in die bepaling van die koers.

Indien negatiewe gedagtes ten opsigte van die biologiese en/of aanneemvader voorkom, moet die beradene daarop gewys word dat God nie met sy aardse vader(s) vergelyk kan word nie. Die verskillende fasette van die belofte-aspek van die verbond kan hier beklemtoon word (vgl. 2.5).

Breedweg kan die koers wat die berading sal inslaan, soos volg aangedui word:

- *Word bewus van God se liefde*: Die beradene moet begelei word om in te sien dat God hom op grond van sy onverdiende liefde as sy kind uitverkies het en 'n behoefte het om in 'n verhouding met hom te staan (vgl. 2.3.3; 2.5). *Elke gelowige is 'n aangenome kind van God!* Omdat die gelowige in 'n verbondsverhouding tot God staan, kan hy ook vir seker weet dat God nooit sy liefde van hom sal onttrek nie (vgl. 2.5.1.3).
- *Verstaan die belofte en eis van die verbond*: Die beradene moet begelei word om in te sien dat hy deel uitmaak van 'n verbondsverhouding. Dit is belangrik dat die verbondsbegrip goed aan die beradene verduidelik sal word sodat hy 'n goeie insig sal kry in die *belofte* en *eis* van die verbond. Hier moet veral die volgende twee doelstellings voor oë gehou word:
    - Die beradene moet besef dat God se liefde vir hom nie sal ophou nie. Niemand kan hom van God se liefde skei nie. God sal hom met ander woorde nooit verwerp nie (vgl. 2.5.1.2).
    - Die beradene moet verstaan dat hy bepaalde verantwoordelikhede in hierdie verbondsverhouding het (vgl. 2.5.1.2). Hier sal moet gelet word op sondige maniere waarop die kwessies van identiteit, verwerping en verlies in die verlede gehanteer is sodat dit afgeleer kan word en vervang kan word met Bybelse alternatiewe (vgl. 3.2.2.1; 3.2.2.2; 6.5.6).
- *Raak betrokke by die plaaslike gemeente*: Die beradene moet begelei word om in te sien dat hy deur Christus vir God *Abba* mag noem (vgl. 2.4.3.3; 2.5.1.6). Die implikasie hiervan is dat hy aan 'n familie behoort en *saam* met ander gelowiges God *as Abba* kan aanroep (vgl. 2.5.1.6). Hierdie familie kry 'n gesig in die plaaslike gemeente. Betrokkenheid by die plaaslike gemeente sal help om tuis te kom in hierdie "nuwe familie."

Die kwessies wat by aangenome kinders manifesteer, is die resultaat van 'n onderliggende denkprobleem. Anders gestel: Identiteitsprobleme en gevoelens van verwerping en verlies moet hanteer word deur die aangenome kind te help om Bybels oor God en homself te dink. Ou, aangeleerde en gevestigde oortuigings moet geïdentifiseer en vervang word met Bybelse alternatiewe soos wat in die doelstellings hierbo uiteengesit is. Daarmee saam moet sondige gedrag wat voortspruit uit sondige


denkwyses, ook geïdentifiseer word. Hierdie proses kan soos volg geskied (vgl. 5.3.2.4):

- *Bewuswording:* Die aangenome kind wat sukkel met die vorming van 'n eie identiteit, is waarskynlik daarvan oortuig dat sy identiteit afhang van wie sy biologiese ouers is (vgl. 3.2.2.1). Hierdie soeke na identiteit op die verkeerde plek moet deur die berader uitgewys word. Die soeke na die biologiese ouers kan wel alle fantasering tot 'n einde bring (vgl. 2.2.2.1), maar dit sal nie werklik help in die vorming van 'n eie identiteit nie. Die beradene moet daarvan bewus word dat hy deur die jare daarvan oortuig geraak het dat slegs kennis van wie sy biologiese ouers is, hom met die vorming van 'n eie identiteit kan help. Hierdie oortuiging is verkeerde aangeleerde gedrag wat tot gevolg het dat elke keer wanneer die kwessie van identiteit ter sprake kom, die beradene uit gewoonte eerstens aan sy biologiese ouers sal dink. Hierdie gedrag en die daarmee samehangende gewoonte, moet afgeleer word deurdat 'n nuwe, Bybelse fokus in plek moet kom. Deur sy soeke na sy biologiese oorsprong het die beradene gesoek na 'n ankerpunt in sy verlede om hom te help met die uitklaring van sy identiteit (vgl. 2.2.2.1). Hy moet begelei word om in te sien dat daar 'n beter, stewiger ankerpunt is, naamlik die liefde van God wat Hy in Jesus Christus bewys (vgl. 2.5.1.1; 2.5.1.4).
- *Ontdekking van 'n Bybelse alternatief:* Die nuwe fokus moet val op die Vaderskap van God. Hierdie fokus moet die beradene help om ou, sondige denkwyses af te leer en nuwe, Bybelse denkwyses aan te leer deur die toepassing van laasgenoemde op sy lewe.
- *Herstrukturering:* Aangenome kinders moet aangemoedig word om praktiese veranderinge in hulle lewens aan te bring waardeur hulle bewys lewer dat hulle fokus van 'n onbekende verlede verskuif het na 'n bekende Vader. Hulle kan byvoorbeeld aangemoedig word om betrokke te raak en betrokke te bly in verhoudings. Die kwessies van identiteit, verwerping en verlies het 'n negatiewe uitwerking op die aangenome kind se vermoë om betekenisvolle verhoudings aan te gaan (vgl. 3.2.2.1; 3.2.2.2). Die aanknoop van nuwe verhoudings kan hom help om sy nuwe identiteit prakties uit te leef.
- *Vra hulp van ander:* Die gemeente is die plek waar ander ook God as *Abba* aanspreek en ervaar hoedat Hy wysheid en krag gee om sonde te oorwin (vgl. 2.5.1.6). Die beradene kan staat maak op die hulp van broers en susters in die

geloof (vgl. Hebreërs 10:24) om hom te help, te begelei en te bemoedig. Indien die berader die plaaslike leraar is, en oor 'n goeie kennis van die gemeente beskik, kan hy reël dat die beradene in kontak kom met gelowiges wat hom kan ondersteun om te breek met sondige denkwyses en te fokus op die betekenis van God se Vaderskap. Indien die beradene "gekoppel" kan word aan 'n gelowige in die gemeente wat 'n pad saam met hom stap, kan dit hom aanmoedig om sinvolle verhoudings met ander aan te knoop. 'n Een-tot-een verhouding kan dan later aanleiding gee tot betekenisvolle verhoudings met meer as een persoon. Langs hierdie weg kan die beradene gehelp en begelei word om volledig by die gemeente in te skakel. Die moontlikheid van groepterapie kan ook oorweeg word (vgl. 3.2.3.a).

- *Fokus op Christus*: Die beradene moet verstaan dat sy verhouding met Christus 'n sentrale fokuspunt is. Dit is slegs vanuit Christus dat die heerlike waarhede oor God se Vaderskap reg verstaan kan word (vgl. 1.7.3). Die beradene moet daarteen waak om so op homself en op sy probleem te fokus dat hy perspektief op Christus verloor. Die gekruisigde Christus is ook die oriënteringspunt vanwaar die gelowige sy oë op die Vader vestig vir 'n hoopvolle toekoms (vgl. 2.5.1.4).
- *Oefen nuwe gewoontes*: Die beradene moet homself nie as 'n slagoffer beskou nie (vgl. 3.2.3). Nuwe gewoontes en denkwyses kom nie vanself nie. Dit moet aangeleer en ingeoefen word. Dit verg tyd, harde werk en selfdissipline. Hier kan die beradene gemotiveer word om elke dag bewustelik te fokus op God se liefde vir hom. Wat saak maak, is dat hy aan God behoort en 'n nuwe identiteit verkry het. Hieraan sal later meer aandag geskenk word (vgl. 6.5.9).

### 6.5.5 Die oordenking van die probleem



Dit is belangrik dat die beradene sal insien dat die betrokke kwessie of kwessies waarmee hy 'n probleem het, deur die Bybel aangeroer is (vgl. 5.3.2.5). Tydens hierdie stap sal gevolglik veral klem gelê word op die insigte wat na vore gekom het vanuit die basisteorie (vgl. 2.5). Hierdie stap soek veral antwoorde op die volgende vrae:

- Hoe kan 'n begrip van God se Vaderskap help met die vorming van 'n gesonde identiteit?
- Hoe kan 'n begrip van God se Vaderskap help met die hantering van gevoelens van verwerping en verlies?

**6.5.5.1 Die Vaderskap van God en die vorming van identiteit**

By aangenome kinders speel die soeke na identiteit 'n groot rol (vgl. 3.2.2.1). Dit is 'n soektog wat lewenslank kan duur indien geen oplossing aangebied kan word nie (vgl. 3.2.2.1). Die gevoel van 'n eksistensiële leemte, 'n leë gevoel, kom algemeen voor (vgl. 3.2.2.1; 3.2.4). Aangenome kinders wil weet wie hulle is. Hulle hou gewoonlik vas aan die idee dat inligting oor hulle biologiese ouers kan help met die vorming van hulle identiteit ( vgl. 3.2.2.1).

Die berader moet die beradene se soeke na identiteit ondersteun en plaas binne die raamwerk van sy eksistensiële ontwikkeling (vgl. 3.2.2.1). Ondersteuning van hierdie soeke behels dat die berader die beradene sal wys op die betekenis van God se Vaderskap in die vorming van identiteit. Daar moet op die volgende sake gelet word:

- Gee hoop deur daarop te wys dat die Vaderskap van God sekerheid en standvastigheid kan gee in tye van identiteitsworsteling (vgl. 2.3.3.2.5). Aan die hand van 1 Kronieke 17:13, 22:10 en 28:6 kan hierdie waarheid verder verduidelik word (vgl. 2.3.2.2.2).
- Brei daarop uit deur te verduidelik dat die gelowige reeds 'n kind van God die Vader *is* (vgl. 2.3.3.2.1; 2.3.3.2.3; 2.5.1.5). Hieraan moet baie aandag geskenk word, aangesien die regte verstaan van kindskap 'n sleutelrol speel in die bepaling van 'n Bybelse identiteit. Die volgende sake moet aan die orde kom:
    - ➢ Die gelowige is kind van God *op grond van aanneming* (vgl. 2.5.1.5). Aan die beradene moet verduidelik word dat alle gelowiges in 'n sekere sin "aangenome kinders" is. Hy moet aan homself in die eerste plek nie dink as die aangenome kind van aanneemouers nie, maar as die aangenome

kind van God die Vader. Hy is wettig God se kind (vgl. 2.5.1.5). **Sy identiteit lê in die feit dat hy die Vader se kind is**. Jeremia 31:9 kan hier met groot vrug gebruik word (vgl. 2.3.2.8). In 'n tyd toe Israel gewonder het wie se kind hy is, het die antwoord van Godsweë duidelik gekom dat hy God se kind is. Die beradene moet besef dat God nie onsensitief en onbetrokke staan ten opsigte van sy soeke na identiteit nie, maar dat Hy betrokke raak en die beradene op sy kindskap wys.

- Die beradene moet ook verstaan dat om kind van die Vader te wees, *'n heerlike voorreg* is. Hy is dit op grond van God se genade (vgl. 2..5.1.1). God het hom, sonder dat hy dit verdien, uitverkies om sy kind te wees (vgl. 2.3.3.2.1). Die berader moet baie klem hierop lê sodat die beradene gelei kan word om in te sien hoe bevoorreg hy is. Hy moenie aan homself dink as 'n ongewenste kind of as iemand wat deur sy biologiese ouers weggegee is nie (vgl. 3.2.2.2). Hy is God se kind en boonop erfgenaam van die ewige lewe (vgl. 2.4.3.6; 2.5.1.5).
- Die aangenome kind mag God *Abba* noem (vgl. 2.5.1.5). Die berader moet moeite doen om die *Abba*-begrip aan die beradene te verduidelik (vgl. 2.4.3). Hier moet gewys word op die feit dat God as *Abba* aangespreek is in tye van spanning en onsekerheid (vgl. 2.4.3.5). Die wete dat God *Abba* is, kan sekerheid in tye van onsekerheid gee.
- Die *rol van die Heilige Gees* moet beklemtoon word. Dit is Hy wat die gelowige daarvan oortuig dat Hy kind van die Vader is (vgl. 2.4.3.3). Dit is ook Hy wat die gelowige so ver bring om met oortuiging vir God as *Abba* aan te spreek (vgl. 2.5.1.5). Die Gees maak die gelowige dus nie slegs 'n kind van God nie, maak ook daarvan *bewus* dat hy God se kind is. Gebed speel hier 'n belangrike rol; daarom moet die beradene aangemoedig word om te bid vir die verligtende werk van die Heilige Gees (vgl. 5.3.2.5).

#### 6.5.5.2 Die Vaderskap van God en die hantering van verwerping en verlies

Alhoewel dit hier onder 'n afsonderlike opskrif behandel word, moet in gedagte gehou word dat die kwessies van verwerping en verlies nie werklik van die kwessie van identiteit geskei kan word nie (vgl. 3.2.2.2). Wanneer gevoelens van verwerping en

verlies lei tot identiteitsprobleme (vgl. 3.2.2.2), kan die riglyne in 6.5.5.1 aangewend word.


Hier word aandag geskenk aan 'n ander resultaat wat soms as gevolg van gevoelens van verwerping en verlies na vore tree, naamlik 'n wantroue in verhoudings (vgl. 3.2.2.2). Vanuit die Vaderskap van God kan dit op die volgende maniere hanteer word:

- Die verbondsgedagte sal hier sterk beklemtoon moet word (vgl. 2.3.3.2; 2.4.3.7; 2.5.1). Die volgende sake kan uitgelig word:
  - God die Vader *wil graag* met sy kinders in 'n verhouding staan (vgl. 2.5.1.1). Hier kan klem gelê word op God se omgee en sorg (vgl. 2.3.3.2.6; 2.5.1.3), asook op die feit dat Hy gedurig sy kinders na Hom terugroep (vgl. 2.5.1.1). Wat die aangenome kind moet begryp, is dat God hom nooit sal verwerp of verlaat nie.
  - Hierby sluit aan dat hierdie verhouding *permanent* van aard is. Die berader kan hier klem lê op die feit dat die Vader ook die Skepper is wat nie die werke van sy hande laat vaar nie (vgl. 2.5.1.3). Daar kan ook gewys word op die standvastigheid van God wat uitgedruk word deur die woordjie "rots" (vgl. 2.3.3.2.6).
  - Die berader sal moet wys op die beradene se *verantwoordelikheid* ten opsigte van die verhouding tussen God en hom. God stel eise aan verbondskinders en roep hulle op tot gehoorsaamheid en lofprysing (vgl. 2.5.1.2) Die verhouding tussen Hom en die gelowige kan net deur die gelowige verbreek word. Die verantwoordelikheid van die beradene om te werk aan die verhouding wat daar tussen God en hom bestaan, kan nie genoeg beklemtoon word nie, juis omdat laasgenoemde daartoe geneig is om verhoudings uit te toets (vgl. 3.2.2.2). Die manier om te werk aan die beradene se verhouding met God, is om hom op te roep tot 'n gehoorsame lewe en lofprysing (vgl. 2.5.1.2). Laasgenoemde kan veral sinvol plaasvind in die aanbiddingsgeleenthede van die plaaslike gemeente waar hy bewustelik die lof van God saam met sy "aangenome" broers en susters besing (vgl. 2.5.1.6).

### 6.5.5.3 Saamgevat: Identiteit, verwerping en verlies in 'n Christologiese perspektief

Die gekruisigde Christus dien as die oriënteringspunt in die verlede vanwaar die aangenome kind sinvol kan besin oor die kwessies van identiteit, verwerping en verlies (vgl. 3.2.2.1; 3.2.4; 2.5.1.4). Dit is immers deur geloof in Jesus Christus dat hy as kind van God die Vader aangeneem is. Sy identiteit lê daarin dat hy God die Vader se kind is. En God verwerp nooit sy kinders nie. Wanneer die beradene die vraag "Wie is ek?" vra, kan dit beantwoord word met 'n duidelike "Ek is 'n kind van God die Vader." Indien die Heilige Gees die aangenome kind van laasgenoemde waarheid oortuig, behoort die leë gevoel, die gevoel dat iets kortkom (vgl. 3.2.4), te verdwyn.

### 6.5.6 Konfrontasie




Hierdie is 'n belangrike stap wat met groot versigtigheid gehanteer behoort te word. Die vraag kan met reg na die plek van konfrontasie in die berading van aangenome kinders gevra word, veral met die spesifieke kwessies van identiteit, verwerping en verlies in gedagte. Watter invloed sal konfrontasie hê op die aangenome kind tydens berading? Sal dit nie eerder die aangenome kind wegstoot as aantrek nie? Sal 'n gevoel van verwerping nie daardeur versterk word nie?

Hierdie is belangrike vrae en die berader moet daarvan bewus wees dat konfrontasie wat verkeerd toegepas word, die hele proses van berading by veral persone wat aangeneem is, kan laat skeef loop. Die kwessies van identiteit, verwerping en verlies is werklikhede wat deur beraders in gedagte gehou moet word en die verkeerde hantering van hierdie kwessies kan daartoe lei dat die beradene gemarginaliseer voel (vgl. 3.2.3.a).

Om die konfrontasieproses in die regte bane te stuur, is dit nodig dat die berader aan die volgende twee sake aandag skenk:


1. *Die doel van konfrontasie.* Die doel van konfrontasie is om die beradene verantwoordelik te hou vir die *verkeerde maniere* waarop hy in die verlede die kwessies van identiteit, verwerping en verlies gehanteer het. Die beradene moet besef dat hy nie verantwoordelik gehou word vir die feit dat hy sekere kwessies beleef en ervaar nie, maar vir die feit dat hy daarop *verkeerd reageer* het (vgl. 3.2.3.a; 3.2.3.b).

   Verkeerde maniere waarop die kwessies van identiteit, verwerping en verlies gehanteer kan word en waarop die berader bedag moet wees, sluit die volgende in:

   - Negatiewe optrede teenoor veral die aanneemouers wat na vore kom in onder andere uittarting, woede, aggressie, rebelsheid en opstandigheid (vgl. 3.2.2.1). Dit kan gebeur omdat die aangenome kind sy aanneemouers se liefde vir hom wil toets (vgl. 3.2.2.2).
   - Onttrekking (vgl. 3.2.2.1; 3.2.2.2).
   - 'n Ongesonde strewe na oorprestering en perfeksionisme op byvoorbeeld die gebiede van sport en akademie (vgl. 3.2.2.1; 3.2.2.2).
   - Die uittoets van verhoudings op so 'n manier dat dit gedruk word tot op 'n punt waar dit in elk geval skipbreuk ly (vgl. 3.2.2.2).
   - Bitterheid en onvergewensgesindheid (vgl. 3.2.3.c).

2. *Die gesindheid van konfrontasie.* Konfrontasie moet altyd in die gesindheid van liefde geskied en die beradene moet daarvan bewus gemaak word dat die sonde in sy lewe (die verkeerde reaksies op die kwessies van identiteit, verwerping en verlies) beveg en vernietig word - en nie hyself nie (vgl. 5.3.2.6). Hier sal dit die berader loon om weereens te wys op God se *verbondstrou én verbondseis* (vgl. 2.5.1). Die berader self moet daarvan bewus wees dat hy die verantwoordelikheid het om die beradene te wys op die liefde van God (vgl. 2.5.2). Ongeërgdheid en ongehoorsaamheid aan die kant van die berader kan tot gevolg hê dat die beradene se uitsig op God as Vader verflou.

### 6.5.7 Die gee van hoop




Konfrontasie kan tot moedeloosheid lei; daarom is dit belangrik dat die berader hoop sal bring (vgl. 5.3.2.7). Hoop kan op die volgende maniere gebring word (vgl. 5.3.2.7):


- Moenie die probleem verklein nie: Aangenome kinders ervaar verliese soos die verlies aan biologiese ouers en die verlies aan herkoms (vgl. 3.2.3.b). Die berader moet hierdie verliese erken en daarop bedag wees om die gevolge daarvan nie te minimaliseer nie (vgl. 3.2.3.b; 3.2.4). Die beradene moet te alle tye ernstig opgeneem word (vgl.5.3.2.7).
- Behou beheer oor die sessie: Die berader moet die sessies na 'n vaste punt stuur en veral bly by die koers wat in stap 4 uitgespel is. Daar moet gewaak word teen enigiets wat die sessies van koers kan laat verander. Dit sluit die berader se reaksie ten opsigte van die uitlatings van die beradene in (vgl. 5.3.2.7). Wanneer gedurig met skok gereageer word, sal die berader 'n ongemak by die beradene laat onstaan. By aangenome kinders wat reeds sukkel met die hantering van gevoelens van verwerping en die vorming van identiteit, kan reaksies soos hierdie uiters negatief inwerk op die beradene en die beradingsproses (vgl. vgl. 3.2.2.1; 3.2.2.2).
- Vestig verantwoordelikheid: Die beradene moet aan die eise van die verbond herinner word (vgl. 2.5.1). God verwag van sy kinders om op 'n bepaalde manier te lewe. Die beradene moet aangemoedig word om sy gedagtes op veral die volgende sake te fokus (vgl. 2.5):

- Hy is 'n kind van God.
- Hy is dit uit genade.
- Hy behoort aan God se familie.
- Hy moet gehoorsaam aan God lewe.

Deur op hierdie dinge te konsentreer, kan selfgesentreerde en negatiewe denke plek maak vir 'n Bybelse denkpatroon (vgl. 5.3.2.7).

- Neem 'n positiewe houding aan: Die berader moet self daarvan oortuig wees dat die Vaderskap van God positief in verband met die berading van aangenome kinders gebruik kan word. Hy moet deurentyd aan die beradene kommunikeer dat daar 'n Bybelse antwoord op sy probleme is. Waar hyself nie dadelik 'n antwoord het nie, moet hy eerlik daaroor wees en onderneem om self in die Bybel daarvoor te gaan soek.
- Moenie mislei word nie: Die beradene moet daarop gewys word dat hy sukkel met die kwessie van veral identiteit as gevolg van 'n gebrek aan kennis ten opsigte van God se Vaderskap (vgl. 4.5.4).
- Die voorbeeld van ander: Die berader kan wys op die manier waarop God met sy volk gehandel het en aan hulle veral rus, vrede en kalmte gegee het (vgl. 2.3.3.2.6).
- Die voorbeeld van die berader: Indien die berader self aangeneem is én die kwessies van identiteit, verwerping en verlies self suksesvol kon hanteer in die lig van die Vaderskap van God, kan hy na homself as 'n voorbeeld verwys (vgl. 6.5.1). Die berader moet self daarvan oortuig wees dat God verandering kan bring (vgl. 2.5.2). Deur die hele proses moet die berader self positief oorkom sodat die beradene uit die berader se woorde en houding kan aflei dat hyself glo wat hy die beradene leer.
- Iets beteken vir ander: Wys die beradene daarop dat sy situasie so kan verander dat hy weer tot hulp kan wees vir ander persone wat aangeneem is en wat met dieselfde kwessies as hy worstel (vgl. 3.2.3.d; 2 Kor. 1:3 - 4).
- *Beklemtoon God se beloftes:* Die verbondsbeloftes kan hier weer 'n slag aandag geniet (vgl. 2.3.3; 2.5.1).

### 6.5.8 Die oproep tot 'n verbintenis





Die berader moet deurentyd bewus wees van faktore wat die beradene se verbintenis aan die proses negatief kan beïnvloed. Alhoewel 'n hele paar sulke faktore geïdentifiseer kan word (vgl. 5.3.2.8), sal die berader ten opsigte van aangenome kinders veral op die volgende twee moet let:

- Die berader se Skrifkennis: Die berader wat aangenome kinders wil help om die kwessies van identiteit, verwerping en verlies te hanteer, moet deeglik bewus wees van wat die Skrif leer aangaande die Vaderskap van God, aangesien God die Vader direk betrokke is by hierdie kwessies (vgl. Hoofstuk 2). Die beradene moet bewus word van die berader se kennis en duidelik insien dat die koers wat die berader aandui, in lyn met die Skrif is (vgl. 5.3.2.8). Die berader het die taak om die beradene op God te wys (vgl. 2.5.2). In die besonder kan gewys word op die voorbeeld van Jesus Christus (vgl. 2.4.2.1) sodat die beradene aangemoedig kan word om die beeld van Christus al hoe meer in sy lewe te vertoon (vgl. 5.3.2.8).
- Bitterheid by die beradene: Die berader moet bewus wees van die feit dat ambivalente gevoelens ten opsigte van die aanneemouers, die biologiese ouers, ander biologiese familie of selfs derde partye soos die aanneemagentskappe by die beradene teenwoordig kan wees (vgl. 3.2.3.c). Onvergewensgesindheid kan die beradingsproses negatief beïnvloed (vgl. 5.3.2.8) en daarom moet die beradene aangemoedig word om enige negatiewe emosies te bely (vgl. 3.2.3.c). Hier kan weer klem gelê word op die feit dat die gelowige God se aangenome kind is, aangesien die Vaderskap van God die pleitgrond vorm op grond waarvan die beradene om vergifnis kan pleit (vgl. 2.3.2.5; 2.5.1.2).

Om die erns van 'n verbintenis tot die proses te beklemtoon, kan die berader 'n geskrewe ooreenkoms met die beradene aangaan (vgl. 5.3.2.8). In so 'n ooreenkoms

verbind sowel die berader as die beradene hulle daartoe om te soek en te werk in die rigting van 'n Bybelsgeoriënteerde oplossing (vgl. 5.3.2.8).

### 6.5.9 Die gee van huiswerk




Met huiswerk kan die berader die beradene help om dít wat geleer is, in die praktyk te implementeer (vgl. 5.3.2.9). Bybelstudieopdragte waar die verskillende tekste wat na God se Vaderskap verwys behandel word (vgl. Hoofstuk 2), kan vir hierdie doel aangewend word. Die beradene kan byvoorbeeld gevra word om sekere teksgedeeltes aan die hand van uitgewerkte vrae by die huis te gaan bestudeer sodat in die volgende sessie daaroor saam gepraat kan word. Langs hierdie weg kan die beradene gelei word om self te ontdek wat die Bybel oor die Vaderskap van God sê. Die berader kan ook die vrae so struktureer dat die beradene gelei word om dit wat van God as Vader in die spesifieke Bybelgedeeltes geleer word, in verband met sy aanneming te bring. Die voorbeeld van vrae wat in Hoofstuk 5 (vgl. 5.3.2.9) gegee is, kan vir hierdie doel gebruik word.


Naas Bybelstudie behoort die beradene ook aangemoedig te word om in te skakel by die werksaamhede van die gemeente (vgl. 2.5.1.6). Aanvanklik kan gereelde erediensbywoning aangemoedig word. Soos wat die beradene se vertroue toeneem, kan hy inskakel by die ander aktiwiteite soos die jeugaksies en Bybelstudies. Dit is belangrik dat die beradene 'n gevoel van "behoort aan" sal ontwikkel ten einde beter te verstaan wat dit beteken om deel van God se familie te wees. Die inskakeling in kleingroepe is belangrik vir ondersteuning. Die berader kan hom oor sy belewenis daarvan in 'n volgende sessie uitvra.

Die berader mag ook die beradene vra om aan vergifnis te werk (vgl. 3.2.3.c; 6.5.8). Die beradene moet aangemoedig word om sy verkeerde hantering van die kwessies van identiteit, verwerping en verlies voor God te bely. Dit kan ook wees dat die beradene sekere partye wat aan sy aanneming verbind word, moet vergewe. Die berader moet die aangenome kind oproep om dit daadwerklik ook te doen. Indien die persoon of persone aan die beradene onbekend is, kan die beradene aangemoedig word om 'n brief te skryf waarin hy daardie persoon vergewe (vgl. 3.2.3.b). Die brief kan na die tyd verbrand word as 'n simboliese handeling dat die saak afgehandel is. Indien die persoon aan die beradene bekend is en daar kontak tussen hulle is, moet die beradene aangemoedig word om die persoon te vertel dat hy hom of haar vergewe. Vir hierdie doel kan die berader die aangenome kind se soeke na sy biologiese ouers ondersteun. Die berader moet egter daarteen waak om die hoop te skep dat kennis van die biologiese ouers die kwessies van identiteit, verwerping en verlies suksesvol sal oplos (vgl. 3.2.2.1). Wanneer die berader betrokke raak in die "soekproses", moet hy deeglik bewus wees van sekere skuldgevoelens wat by die beradene kan posvat, asook vir die vrees van 'n tweede verwerping (vgl. 3.2.2.1). Die soeke na die biologiese ouers moet uiters sensitief gehanteer word.

Die beradene kan gevra word om die woordjie *Abba* in sy woordeskat op te neem. Elke keer wanneer Hy God as *Abba* aanspreek, moet hy die volgende in gedagte hou:

- *Abba* druk nie familiariteit uit nie (vgl. 2.4.3.7), maar 'n intieme verhouding wat hy met God het op grond van die feit dat hy uit genade as God se kind aangeneem is (vgl. 2.4.3.2; 2.4.3.3). Die gelowige kan dieselfde intieme verhouding met God hê as wat Jesus met Hom het (vgl. 3.2.3)!
- Net hulle wat aan God behoort, het die voorreg om Hom as *Abba* aan te spreek (vgl. 2.4.3.2).
- Wanneer hy God as *Abba* aanspreek, moet hy daaraan dink dat toe Jesus Christus dit gedoen het, Hy ook bereid was om te berus in God se wil (vgl. 2.4.2.2). Daarom moet hy as aangenome kind berus in die feit dat God dit so bestuur het dat hy nie by sy biologiese ouers grootword nie. Deur berusting volg hy die voorbeeld van Jesus Christus.

### 6.5.10 Die evaluering van die huiswerk




Tydens hierdie fase wil die berader uitvind of die doel waarvoor die huiswerk gegee is, bereik is (vgl. 5.3.2.0). By die berading van aangenome kinders moet die berader veral seker maak van die volgende sake:

- Neem die beradene se begrip van God die Vader toe?
- Kry die beradene dit reg om dit wat hy van God die Vader geleer het, van toepassing te maak op die kwessies van identiteit, verwerping en verlies?
- Slaag die beradene daarin om 'n nuwe manier van dink en leef te ontwikkel? Hier kan onder andere gevra word of die beradene begin inskakel het by die aktiwiteite van die gemeente.
- Het die beradene daarin geslaag om te vergewe? Die berader moet die beradene hieroor duidelik uitvra.

## 6.6 SAMEVATTING

In die ontwikkeling van 'n eie model is aan die volgende sake aandag geskenk:

- Die doel van die pastorale begeleiding: Hier is veral gekonsentreer op die vestiging van 'n verbondsbegrip, die bepaling van kennis aangaande God as Vader, asook 'n bepaling van die vermoë om God se Vaderskap in verband met aanneming te bring. Ook wil die pastorale begeleiding die kwessies van identiteit, verwerping en verlies wat by aangenome kinders manifesteer, suksesvol hanteer.
- Die berader se vertrekpunt: Geloof in Jesus Christus (by sowel die berader as die beradene) is as noodsaaklike vertrekpunt geneem vir 'n suksesvolle beradingproses.
- Die verhouding berader:aangenome kind: Daar is gewys op die noodsaaklikheid daarvan dat beraders wat betrokke raak by die berading van aangenome kinders

oor bepaalde voorafkennis moet beskik. Daar is onder andere aandag geskenk aan die belangrikheid van woordeskat en die ouderdom van die beradene.

- Die navorsingsresultate van hierdie studie is in gedagte gehou: Die bevindings van hierdie studie, soos wat dit na vore gekom het vanuit die basis- en metateorie, die empiriese navorsing, asook die bespreking van verskillende modelle, is in hierdie hoofstuk saamgetrek.

Die model van Eyrich en Hines is as raamwerk gebruik vir die daarstelling van 'n eie model in die pastorale begeleiding van aangenome kinders. Die basis- en metateorieë, asook empiriese navorsing, is gebruik as vertrekpunt om te kom by die raamwerk van Eyrich en Hines se model waar dit ingeskakel is. Dit het geblyk dat die raamwerk van Eyrich en Hines se model hom goed daartoe leen om die navorsingsresultate van hierdie studie te verdiskonteer. Sodoende is gekom tot 'n eie en verantwoordbare model wat die betekenis van die Vaderskap van God direk van toepassing maak by spesifieke kwessies wat by aangenome kinders manifesteer, te wete: identiteit, verwerping en verlies.

# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS: DIE BETEKENIS VAN DIE VADERSKAP VAN GOD IN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE AANGENOME KIND

Die doel van hierdie studie was om te bepaal watter betekenis die Vaderskap van God het in die pastorale begeleiding van die aangenome kind. Die afgelope aantal jare is baie oor die Vaderskap van God geskryf, maar min literatuur is beskikbaar wat dit direk verbind met die pastorale begeleiding van die aangenome kind. Behalwe vir die insiggewende artikel van die sielkundige, Nola Passmore, kon geen ander bronne opgespoor word wat die genoemde verband ondersoek nie. Daar is dus 'n duidelike leemte. Hierdie studie het gepoog om daardie leemte te probeer vul.

Metodologies is begin met die ontwerp van 'n basisteorie vanuit die Skrifgegewens (vgl. Hoofstuk 2). Die keuse is gemaak om sekere tekste in die Ou Testament wat direk na die Vaderskap van God verwys, te ondersoek. Veertien tekste is geïdentifiseer en nagevors. Wat die Nuwe Testament betref, is besluit om, as gevolg van die vele tekste wat direk na God se Vaderskap verwys, slegs die drie *Abba*-tekste te ondersoek, naamlik Markus 14:36, Romeine 8:16 en Galasiërs 4:6. Al die tekste is verklaar aan die hand van die histories-grammatiese metode van Skrifuitleg. Uit hierdie studie het na vore gekom dat die vader-metafoor in veral die Ou Testament ten nouste in verband met die verbond gebring kan word. Alhoewel die Nuwe Testamentiese tekste dit nie so duidelik aandui nie, blyk dit dat die verbondskonsep onderliggend aan die *Abba*-metafoor lê. Hieruit is dan afgelei dat die verbond 'n integrale deel uitmaak van die verstaan van die vader-metafoor.

Uit die verskillende tekste wat ondersoek is, het die volgende sake duidelik na vore gekom:

- God die Vader het 'n **behoefte** om in 'n verhouding met sy kinders te staan.
  - ↳ God kies mense uit met wie Hy in 'n Vader-kindverhouding wil staan.
  - ↳ Om as kind van God aangeneem te word, is 'n daad van genade.
  - ↳ Hierdie behoefte is die dryfkrag agter sy herhaalde oproepe tot bekering en lofprysing.
  - ↳ Ongehoorsaamheid aan God werk negatief in op die intimiteit van die verhouding tussen die Vader en sy kinders.
- As Vader eis Hy **gehoorsaamheid en lofprysing**.
  - ↳ Wanneer God die gelowige straf, is dit omdat Hy hom liefhet en die verhouding wil herstel.
  - ↳ Straf is 'n teken van sy liefde.
  - ↳ Ongehoorsaamheid is disrespek; dit is om die keuse wat God vír die gelowige gemaak het, te vertrap.
  - ↳ God eis gehoorsaamheid, maar sy Vaderskap is ook die pleitgrond vir 'n terugkeer waar afgedwaal is. Die afgedwaalde gelowige kan in nederige vertroue na Hom terugkeer, juis omdat Hy 'n liefdevolle Vader is wat met ope arms sy kind weer terug sal ontvang. Wie terugkeer, moet dit doen met 'n opregte hart (vgl. Luk. 15: 11 - 32). Die gelowige kan weet dat God hom sal vergewe op grond van die soenverdienste van Jesus Christus.
  - ↳ Die intimiteit van die Vader-kindverhouding word geloën wanneer Hy as Vader aangeroep word terwyl in ongehoorsaamheid volhard word.
  - ↳ Geen gelowige kan met sy sonde 'n streep deur God se genade trek nie. Hy is altyd weer bereid om te vergewe en oor te begin.
  - ↳ Vir sy genade en liefde wil Hy geprys en gedank word. Dit kan die gelowige die beste doen deur 'n lewe van gehoorsaamheid, selfs in slegte omstandighede. Om God te gehoorsaam, ook in slegte omstandighede, is om te wys dat op Hom vertrou word.
  - ↳ Niks regverdig 'n ongehoorsame lewe nie, selfs nie kerkleiers wat verkeerde voorbeelde stel nie.
  - ↳ Die woordjie *Abba* herinner die gelowige daaraan dat God gehoorsaamheid eis.
- God die Vader is **betrokke** by sy kinders.
  - ↳ Hy maak van die gelowige 'n nuwe skepsel en belowe om in sy behoeftes te voorsien, veral in tye van onsekerheid en spanning.

- ↳ Hy is nie 'n veraf God nie en as Skepper laat Hy nie die werke van sy hande vaar nie.
- ↳ Sterk klem word op die permanentheid van hierdie verhouding gelê.
- ↳ Deur gebed kan gelowiges wat verlate voel, God se beloftes aan Hom voorhou.

- God die Vader **bewys sy liefde** in Jesus Christus.
  - ↳ Die gekruisigde Christus is die oriënteringspunt vanwaar die gelowige sy oë op die Vader vestig vir 'n hoopvolle toekoms.
- God die Vader gee aan die gelowige 'n **nuwe identiteit**.
  - ↳ God is die Vader van die gelowige op grond van aanneming.
  - ↳ Die gelowige is wettig God se kind.
  - ↳ Die Heilige Gees oortuig die gelowige van sy kindskap (die gelowige is 'n uitverkore kind van God!) en bring hom so ver om God met vrymoedigheid deur die intieme woord *Abba* aan te spreek.
  - ↳ Die gelowige is erfgenaam van die ewige lewe.
  - ↳ Dit is 'n voorreg wat die gelowige het om God as Abba aan te spreek.
- God die Vader **bind gelowiges aan mekaar** deur Christus en die werk van die Heilige Gees.
  - ↳ Gelowiges het 'n nuwe familie wat bestaan uit broers en susters in die geloof.
  - ↳ Die gelowige noem God *Abba* saam met talle ander.
  - ↳ Gelowiges moet getrou aan mekaar wees.
- **Kerkleiers** het die verantwoordelikheid om deur hulle optrede die gelowiges te wys op die Vaderskap van God. Ongeërgdheid en ongehoorsaamheid aan die kant van die kerkleiers kan tot gevolg hê dat gelowiges se uitsig op God as Vader verflou of verwronge raak.
- Dit behoort sterk oorweeg te word om die woordjie *Abba* deel te maak van elke gelowige se **woordeskat**.

Nadat tot hierdie basisteoretiese insigte gekom is, is verskillende literatuur buite die teologiese veld bestudeer sodat 'n metateorie daargestel kon word. Dit het vanuit die sekulêre literatuur gou duidelik geword dat daar reeds heelwat navorsing gedoen is oor aangenome kinders. Alhoewel navorsers voortgaan om te debatteer oor watter mate aangenome kinders verskil van nie-aangenome kinders, is dit tog duidelik dat sekere

kwessies *geneig* is om by die aangenome kind voor te kom. Hierdie kwessies kan saamgevat word as *identiteit, verwerping en verlies.* Alhoewel hierdie aspekte afsonderlik behandel is, kan hulle nie werklik van mekaar losgemaak word nie. Die kwessie van identiteit word die meeste deur navorsers gehanteer, maar verwerping/verlies loop daarmee hand aan hand en behoort daarom nie geïgnoreer te word nie. Dit is selfs moontlik dat die kwessie van verlies die hoofrede is waarom aangenome kinders berading soek. Baie navorsing is oor albei genoemde kwessies gedoen, maar die navorsing van Nola Passmore is vir die doel van hierdie studie breedvoerig bespreek. Sy het die Vaderskap van God vanuit 'n sielkundige hoek direk in verband gebring met die kwessies van identiteit en verwerping/verlies. Deur dit te doen, het sy ook gekom tot belangrike riglyne in die berading van aangenome kinders waarvan die berader kennis sal moet neem.

Daar is ook gelet op die vaderbeeld van die aangenome kind. Die vaderbeeld speel bewustelik of onbewustelik 'n belangrike rol in die lewe van enige kind. Vaders speel 'n sentrale rol in die ontwikkeling van die kind se identiteit en aanpassing. By die aangenome kind is die kans goed dat daar 'n negatiewe beeld van die biologiese vader teenwoordig is, aangesien die biologiese vader deur verskillende partye in 'n negatiewe lig gestel word. Indien daar gelet word op die aanneemvader, is daarop gewys dat faktore soos die sogenaamde "procreation goal" die verhouding met die aangenome kind negatief kan beïnvloed. Die afleiding kan dus gemaak word dat die ontwikkeling van 'n positiewe vaderbeeld by die aangenome kind deur verskillende faktore bedreig kan word. 'n Negatiewe vaderbeeld kan die kind se beeld van God as Vader ook negatief beïnvloed.

Op hierdie stadium van die navorsing het dit reeds begin duidelik word dat daar 'n positiewe wisselwerking kan wees tussen die basisteorie en die metateorie, maar 'n empiriese studie moes eers gedoen word as verdere kontrole vir die geldigheid van die navorsing. Die doel van hierdie studie was om deur middel van kwalitatiewe navorsing vas te stel wat die Godsbeeld van die aangenome kind is. Die aanname is na aanleiding van die voorafgaande literatuurstudie gemaak dat die aangenome kind nie oor 'n gunstige Godsbeeld beskik nie. *Die empiriese ondersoek het hierdie aanname verkeerd bewys.* Die ondersoek het soos volg verloop: Daar is eers gevra na die beeld van God as Vader met die doel om die medewerkers bewustelik te laat dink aan wat God as

Vader is en doen. Die verwagting was dat hulle maklik die lyn sou deurtrek na hulle aanneming. Dit het nie gebeur nie. Dit het duidelik geword dat die medewerkers 'n redelik positiewe beeld van God het. Die medewerkers is in die tweede plek ook gevra om te verduidelik wat die Vaderskap van God vir hulle as aangenome kinders beteken. Daar moet in gedagte gehou word dat al die medewerkers gelowiges is. Tog wil dit voorkom of daar 'n neiging by aangenome kinders is om nie die feit dat hulle aangeneem is, enigsins in verband te bring met die beeld wat hulle van God het nie. Ander faktore, soos die optrede van mense of die lewe wat soms swaar is, het eerder hulle Godsbeeld beïnvloed. Al die medewerkers het aangedui dat hulle nog nooit werklik dít wat hulle van God as Vader weet en die feit dat hulle aangeneem is, bymekaar uitgebring het nie. Twee sake moet hier aandag geniet:

- Wat die beeld van God as Vader betref, word 'n hele paar algemene opmerkings gemaak. Volgens die medewerkers sorg Hy, bewaar, verleen Hy hulp, is Hy teenwoordig, skep en verlos Hy. 'n Dieptedimensie ten opsigte van hierdie eienskappe ontbreek by al die medewerkers. Daar bestaan oor die algemeen min insig oor die Vaderskap van God soos wat dit in Hoofstuk 2 (2.5) van hierdie studie uitgewys is.
- Daar was klaarblyklik 'n onvermoë om hierdie eienskappe in verband met aanneming te bring. Die pastorale betekenis wat die Vaderskap van God vir die medewerkers kan inhou, gaan sodoende verlore.

Die model wat ontwerp is, het met bogenoemde twee sake rekening gehou. Die aangenome kind se kennis ten opsigte van God as Vader moet bepaal word en vanuit die Bybel aangevul word. Daarna sal hy pastoraal begelei moet word om daardie kennis in verband met sy aanneming te bring.

Nadat verskeie modelle bestudeer is, is die model van Eyrich en Hines gekies om as vertrekpunt te dien vir die daarstelling van 'n eie model. Die stappe van Eyrich en Hines se model is gebruik, aangevul en aangepas vanuit ander relevante literatuur en die navorser se eie ondervinding. Sodoende is in Hoofstuk 6 gekom tot die daarstelling van 'n eie model. Enkele belangrike en inleidende opmerkings oor die doel en vertrekpunte van die pastorale begeleiding, asook oor die verhouding tussen die berader en die aangenome kind, is gemaak. Die model fokus in elke stap op een of albei van die twee

aspekte van die verbond, naamlik *belofte en eis*. Elke stap is duidelik aangedui en in verband gebring met die pastorale begeleiding van die aangenome kind.

Die navorsing het getoon dat die Vaderskap van God al die spesifieke kwessies wat by die aangenome kind na vore kom, hanteer en dat die model wat ontwikkel is die navorsingsresultate op 'n sinvolle en praktiese manier byeenbring.

Die volgende sake kan in moontlike verdere navorsing aandag geniet:

- Die ouer-metafoor ten opsigte van God in die Ou Testament kan bestudeer en van toepassing gemaak word op die begeleiding van die aangenome kind.
- 'n Ondersoek na die Vader-tekste in die Nuwe Testament met betrekking tot die verbondsperspektief.
- 'n Pastorale ondersoek na die beskouinge van die meer "vroulike" dimensies van God deur aangenome kinders.
- 'n Ondersoek na die rol van die aanneemvader in die oordrag van kennis aangaande God die Vader aan aangenome kinders.

# BIBLIOGRAFIE


ADAMS, J.C. 1888. The fatherhood of God. Boston: Universalist Publishing House. 96p.

ADAMS, J.E. 1973. The Christian Counselor's Manuel: the practice of Nouthetic Counseling. Grand Rapids: Zondervan. 476p.

ADAMS, J.E. 1975: Pastoral Counseling. Shepherding God's flock 2. Grand Rapids: Baker Book House. 155p.

ADAMS, J.E. 1979. A theology of Christian counseling: more than redemption. Grand Rapids: Zondervan. 338 p.

ADAMS, J.E. 1982. Preaching with purpose. The urgent task of Homiletics. Grand Rapids: Zondervan. 162p.

ADAMSON, J.T.H. 1988. Malachi. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds*. New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 804-809.)

ALUKO, F.S. 2006. Social science research: a critique of quantitative and qualitative methods and proposal for an eclectic approach. *Ife PsychologIA: an international journal*, 14(1): 198 - 210.

ANDERSEN, D.V. 1993. When God adopts. *Christianity Today*, July 19:36-39.

ANTHONISSEN, J.A.S. & LOUW, D.J. 1994. Die konsep: die vaderskap van God in pastoraat aan die infertiele egpaar. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 35(3):407 - 416.

ARNOLD, B.T. 1997. בכר. (*In* Van Gemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 1. Grand Rapids, MI: Zondervan. 658 - 659.)

BALDWIN, J. 1988. 1 and 2 Samuel. Leicester: Inter-Varsity Press. 299p. (Tyndale Old Testament commentaries.)

BARATTE, L.L. 2005. Growing within our hearts. Explorations in the faith development and pastoral care of adopted children and their parents. *Journal of Family Ministry*, 19 (4):32 - 43.

BAUMANN, C. 1999. Adoptive fathers and birthfathers: a study of attitudes. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 16(5):373 - 391.

BAVINCK, H. 1928. Gereformeerde Dogmatiek. Deel 2. Kampen: Kok. 580p.

BETZ, H.D. 1988. Galatians. Philadelphia: Fortress Press. 352p. (Hermeneia – A critical and historical commentary on the Bible.)

BETS, D.J., ed. 2003. Creative arts therapies approaches in adoption and foster care: contemporary strategies of working with individuals and families. Springfield, IL: Charles C Thomas. 320p.

BEZUIDENHOUT, L.C. 1999. 2 Samuel. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 334 - 358.)

BOSMAN, H.L. 1987. Die Deuteronomistiese Geskiedenis. (*In* Bosman, H.L. & Loader, J.A., reds. Vertellers van die Ou Testament. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. p. 44 - 74).

BOTHA, F.J. 1993. Markus. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 44 - 81.)

BOTHA, P. 1993**a**. Jeremia. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1063 - 1141.)

BOTHA, P. 1993**b**. Maleagi. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1346 - 1352.)

BOTHA, P.J. 1999. Jeremia. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 837 - 892.)

BOTHA, P. 2001. Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk en swak punte. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences*, 29:13 - 19.

BRAND, A.E. & BRINICH, P.M. 1999. Behavior problems and mental health contacts in Adopted, Foster, and Nonadopted children. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 40(8):1221 - 1229.

BURDEN, J. 1993**a**. Deuteronomium. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 241 - 290.)

BURDEN, J, 1993**b**. Psalms. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 752 - 885.)

BURGER, J.A. 1987. Die Psalms. (*In* Burden, J.J. & Prinsloo, W.S., reds. Tweegesprek met God. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. p. 9 - 40).

BYBEL. 1953. (OAV) Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif, wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

BYBEL. 1983. Die Bybel: Nuwe Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1998**a**. Die Verwysingsbybel. Band 1. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1998**b**. Die Verwysingsbybel. Band 2. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 2004**a**. Familie-Studiebybel. Drie vertalings. Waterkloof: Olyfberg Uitgewers.

BYBEL. 2004**b**. Die Multivertaling Bybel. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

CALVERT, B. 2006. Theological Reflections of an adopted daughter. *Theology & Sexuality*, 12(3):309 - 318.

CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike Godsdiens. Deel 1. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds. 348p.

CALVYN, J. 1988. Institusie van die Christelike Godsdiens. Deel 3. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds. 565p.

CALVIN, J. 2005**a**. Commentaries on the four books of Moses arranged in the form of harmony. Volume Fourth. (*In* Calvin's Commentaries. Volume III. Grand Rapids, MI: Baker Book House. 436p.)

CALVIN, J. 2005**b**. Commentary on the book of Psalms. Volume Third. (*In* Calvin's Commentaries. Volume V. Grand Rapids, MI: Baker Book House. 506p.)

CALVIN, J. 2005**c**. Commentary on the prophet Isaiah. Volume IV. (*In* Calvin's Commentaries. Volume VIII. Grand Rapids, MI: Baker Book House. 504p.)

CALVIN, J. 2005**d**. Commentaries on the book of the Prophet Jeremiah and the Lamentations. Volume First. (*In* Calvin's Commentaries. Volume IX. Grand Rapids, MI: Baker Book House. 508p.)

CALVIN, J. 2005e. Commentaries on the book of the prophet Jeremiah and the Lamentations. Volume Fourth. (*In* Calvin's Commentaries. Volume X. Grand Rapids, MI: Baker Book House. 647p.)

CALVIN, J. 2005f. Commentaries on the twelve minor prophets. Volume fifth. (*In* Calvin's Commentaries. Volume XV. Grand Rapids, MI: Baker Book House. 712p.)

CALVIN, J. 2005**g**. Commentaries on the epistle of Paul the apostle to the Romans. Grand Rapids, MI: Baker House. 576p.

CALVYN, J. 2005**h**. Commentaries on the epistles of Paul to the Galatians and Ephesians. Grand Rapids, MI: Baker House. 383p.

CARAGOUNIS, C.C. 1997. בן. (*In* Van Gemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 1. Grand Rapids, MI: Zondervan. 671 - 677.)

CAWLEY, F. & MILLARD, A.R. 1988. Jeremiah. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds*. New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 626 - 658.)

CLAASSENS, L.J.M. 2005. 'I kill and I give life': Contrasting depictions for God in Deuteronomy 32. *Old Testament Essays*, 18(1): 35 - 46.

COLE, R.A. 1995. Mark. Grand Rapids, MI: William B. Eerdman Publishing Company. 340p. (Tyndale Newe Commentaries.)

COLLINS, G.R. 1988. Christian counseling: a comprehensive guide. W Publishing Group. 711p.

COMBRINK, H.J.B. 1991. Dissipelskap as die doen van God se wil in die wêreld. (*In* Roberts, J.H., Vorster, W.S., Vorster, J.N. & Van der Watt, J.G. Teologie in Konteks. Halfway House: Orion. p. 4 - 6.)

CRABB, L. 1987. Understanding people. Why we long for relationship. Grand Rapids: Zondervan. 224p.

CRESWELL, J.W. & GARRETT, A.L. 2008. The "movement of mixed methods researched and the role of educators. *South African Journal of Education*, 28:321 - 333.

DA SILVA, A.A., HUMAN, D.J., PRINSLOO, G.T.M., BOTHA, P.J. & POTGIETER, J.H. 1999. Psalms. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 600 - 707.)

DAVIDSON, F. & R.P. MARTIN. 1988. Romans. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds*. New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 1012 - 1048.)

DAVIS, D.R. 2001. 2 Samuel. Out of every adversity. Ross-shire: Christian Focus Publications. 286p.

DEIST, F.E. 1993. Jeremia. (*In* Van Zyl, A.H., *red*. Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 891 - 966.)

DE KLERK, B.J. & DREYER, T.F. 2007. Die rol van die gemeente as geloofsgemeenskap in die begeleiding tot belydenisaflegging. *In die Skriflig,* 41:209 - 232, Junie.

DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, F. J. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 145p.

DE KOCK , D.J. 2003. Die pastorale versorging van 'n gesin met 'n erg gestremde kind. Potchefstroom: PU vir CHO. (Skripsie M.Th.) 131 p.

DE KOCK, D.J. 2007. Pastorale begeleiding van gesinne met betrekking tot die sin van lyding by gestremdheid. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – Ph.D.) 241p.

DORIANI, D.M. 2001. Putting the Truth to Work. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. 342p.

DOYER, A.W. 2000. Aanneming: 'n narratiewe pastorale studie. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – M.Th.) 108p.

DUNN, J.D.G. 1988. Romans 1 - 8. Dallas: Word Books. 513p. (Word Biblical Commentary.)

DU RAND, J.J.F. 1976. Die lewende God. Wegwysers in die Dogmatiek. Deel 1. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. 118p.

DU RAND, J.A. 1993. Markus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1446 - 1500.)

EGAN, G. 1994. The skilled helper. A problem-management approach to helping. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company. 357p.

EDWARDS, J.R. 2002. The Gospel according to Mark. Leicester: Apollos. 552p. (The Pillar New Testament Commentary.)

EYRICH, H. & HINES, W. 2002. Curing the heart. A model for Biblical Counseling. Ross-shire: Christian Focus Publications. 208p.

FERREIRA, R., LUCEN, A., STOFFELS, N. & SOOBRAYAN, V. 2003. More than an academic jaunt: Reflections on a qualitative research workshop. *Perspectives in Education*, 21(2):149 - 154.

FINK, M. 1991. ABBA. (*In* Butler, T.C.,ed. Holman Bible Dictionary. Nashville. TN: Holman Bible Publishers. p3.

FLOYD, K. & MORMAN, M.T. 2003. Human affection exchange: II. Affectionate communication in father-son relationships. *The Journal of Social Psychology,* 143(5):599 - 612.

FRASER, R.N. 2005. A fairy tale with a twist: Pastoral counseling with adoptive families. *Journa of Pastoral Care & Counseling*, 59(1-2):63 - 78.

FREEKS, FE. 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks: 'n prakties-teologiese studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.) 141p.

FRETHEIM, T.E. 2002. Jeremiah. Georgia: Smyth & Helwys. 684p. (Smyth & Helwys Bible Commentary.)

FROST, R. 1978. Our heavenly Father. New Jersey: Logos Internasional. 137p.

GASKELL, G. 2000. Individual land Group Interviewing, (*In* Bauer, M.W. & Gaskell, G. Qualitative Researching with text, image and sound. London: Sage Publications Ltd. p 38 - 56).

GERKIN, C.V. 1997. An introduction to pastoral care. Nashville: Abingdon Press. 264p.

GORDON, R.P. 1993. 1 & 2 Samuel. Sheffield: JSOT Press. 97p. (Old Testament Guides).

GOSLINGA, C.J. 1962. Het tweede boek Samuël. Kampen: N.V. Uitgevermaatschappij J.H. Kok. 479p. (Commentaar op het Oude Testament.)

GUTBROD, K. 1973. Das Buch vom Reich. Das zweite Buch Samuel. Stuttgart: Calwer Verlag. 290p. (Die Botschaft des Alten Testaments, v.11,II.)

HAMERTON-KELLY, R. 1979. God the Father. Theology and patriarchy in the teaching of Jesus. Philadelphia: Fortress Press. 128p.

HAMILTON, V.P. 1997. יתרת. (*In* Van Gemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 3. Grand Rapids, MI: Zondervan. 570 - 571.)

HANDLEIDING VIR NAGRAADSE STUDIE. 2008. http://www.nwu.ac.za/library/handnagraads.pdf Datum van onttrekking: 23 February 2009.

HARRISON, R.K. & MANLEY, G.T. 1988. Deuteronomy. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds*. New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 201 - 229.)

HEITINK, G. 1999. Practical theology: history, theory, action domains. Manual for Practical Theology. Kampen: Kok. 358p.

HELBERG, J.L. 1993. Jesaja 40 - 66. (*In* Van Zyl, A.H., *red*. Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 859 - 890.)

HENDRIKS, H.J. 1997. Navorsingsterminologie. Ongepubliseerde klasnotas. Universiteit van Stellenbosch. 17 p.

HENRY, M. 1991. An exposition, with practical observations, of the book of the prophet Jeremiah. (*In* Matthew Henry's Commentary on the whole Bible. Volume 4. Peabody, MA: Hendricson Publishers. 1187p.)

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.

HILL, A.E. 1997. צור. (*In* Van Gemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 3. Grand Rapids, MI: Zondervan. 219 - 223.)

HOBDAY, A., OLLIER, K. & KIRBY, A. 2002. Creative therapy for children in new families. Malden: Blackwell. 126p.

HONIG, A.G. 1938. Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek. Kampen: Kok. 867p.

HOWE, D. 1997. Parent-reported problems in 211 adopted children: some risk and protective factors. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 38(4):401-411.

HUMAN, M. 1992. Die invloed van vaderafwesigheid op die kind. Johannesburg: RAU. (Skripsie – M.Ed.)

JANESICK, V.J. 1998. "Stretching" Exercises for Qualitative Research. London: Sage Publications Ltd. 133p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1991. Selfopenbaring in die pastoraat. *Nederduitse Geref Teologiese Tydskrif*, XXXII (2):264 - 270.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2004. Speel die Bybel nog 'n rol in die Praktiese Teologie? (*In* Tolmie. D.F. Die Woord Verwoord. Artikels oor die Teologie. Eeufeesviering: Universiteit van die Vrystaat. *Acta Theologica,* Supplementum 6:49 - 66.)

JANSE VAN RENSBURG, J. 2008. 'n Empiriese ondersoek na preekvoorstelle oor Ou-Testamentiese tekste in die Leesrooster van 2005. *Acta Theologica*, 28(1):76 - 92.

JANUS, N.G. 1997. Adoption counseling as a professional specialty area for counselors. *Journal of Counseling & Development*, 75:266 - 274, March/April.

JAPHET, S. 1993. I & II Chronicles. A Commentary. London: SCM Press Ltd. 1077p. (The Old Testament library).

JARICK, J. 2002. 1 Chronicles. London: Sheffield Academic Press. 167. (Readings: A New Biblical Commentary.)

JEREMIAS, J. 1966. Abba. Studien zur Neutestamentlichen Theologie und Zeitgeschichte. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. 371p.

KIDNER, D. 1988. Isaiah. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds.* New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 588 - 625.)

KLOPPERS, M.H.O. 1993. Deuteronomium. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 220 - 273.)

KRAUS, H. 1978. Psalmen. 2. Teilband. Neukirchen-Vluyn: Neukirhener Verlag. 586p. (Biblischer Kommentar Altes Testament, Band XV/2.)

KRAUS, H. 1986. Theology of the Psalms. Minneapolis: Augsburg Publishing House. 235p.

KRUEGER, M.J.J. & HANNA, F.J. 1997. Why Adoptees Search: An Existential Treatment Perspective. *Journal of Counseling and Development*, 75:195 - 202.

LACHER, D.B., NICHOLS, T. & MAY, C. 2005. Connecting with kids through stories: using narratives to facilitate attachment in adopted children. London: Jessica Kingsley Publishers. 143p.

LAETSCH, T. 1965. Bible Commentary. Jeremiah. Saint Louis, MO: Concordia Publishing House. 412p.

LAMPARTER, H. 1977. Das Buch der Psalmen I. Psalm 1 - 72. Stuttgart: Calwer Verlag. 348p. (Die Botschaft des Alten Testaments, v.14.)

LANE, W.L. 1979. The Gospel of Mark. Grand Rapids, MI:William B. Eerdmans Publishing Company. 652p. (The New International Commentary on the New Testament.)

LATEGAN, B.C. 1986. Die brief aan die Galasiërs. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers. 117p.

LATEGAN, B.C. 1988. Galasiërs. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament V. Die Pauliniese briewe: Inleiding en teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel (EDMS) BPK. p. 95 - 113.)

LE ROUX, J.H. 1987. Die boek Maleagi. (*In* Burden, J.J. & Prinsloo, W.S., reds. Tweegesprek met God. Predikers, digters en wysgere. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. p. 329 - 336.)

LE ROUX, J.H. 1999. 1 Kronieke. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 439 - 467.)

LONGENECKER, R.N. 1990. Galatians. Dallas: Word Books. 323p. (Word Biblical Commentary.)

LOTTER, G.A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowige volgens 2 Korintiërs. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.) 164p.

LOTTER, G.A. 2005. Beradingsmodel. Potchefstroom: NWU. Ongepubliseerde studiegids. 8p.

LOURENS, J.A.E. 2002. Die toepassing van gesinsterapie in gesinne met aangenome kinders. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – M.Ed.) 167p.

LOUW, D.J. 1994. Illness as crisis and challenge. Guidelines for pastoral. Doornfontein: Orion. 201p.

LOUW. D.J. 1999. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Wellington: Lux Verbi.BM. 591p.

LOUW, J.P. en NIDA, E.A. 1989. Greek-English Lexicon of the New Testament based on the semantic domains. Volume 1. Cape Town: Bible Society of South Africa.

LOWERY, D.K. 1987. God as Father with special reference to Matthew's Gospel. Wetherby: Document Supply Centre, British Library. 375p.

MacARTHUR, J.F. 1992. Rediscovering Expository Preaching. Dallas: Word Publishing. 410p.

MacARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling. Nashville,TN: W Publishing Group. 407p.

MALAN, F.S. 2005. Vaderskap in die Pauliniese korpus volgens 1 Korintiërs. *Hervormde Teologiese Studies*, 61(1&2): 253 - 271.

MALAN, J.P. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 2008. Interpretasie van die metafoor "saam met Christus gekruisig" (Gal. 2:15-21). *In die Skriflig*, 42(1), 101126.

MARCHEL, W. 1964. De Bijbel over God, de Vader. Roermond en Maaseik: J.J. Romen en Zonen. 128p.

MARTENS, E.A. 1996. Names of God. (*In* Elwell, W.A., ed. Baker Theological Dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 297 - 300)

MASON, R. 1997. Theology of Malachi. (*In* VanGemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 4. Grand Rapids, MI: Zondervan. 927 - 929.)

M'CAW, L.S. & MOTYER, J.A. 1988. The Psalms. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds.* New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 446 - 547.)

McMINN, M.R. 1996. Psychology, Theology and Spirituality in Christian counseling. Wheaton, Ill: Tyndale House Publishers, Inc. 313p.

MEILAENDER, G. 2003. Adoptees one and all. *Christian Century*, September 6. p. 9 - 10.

MERRILL, E.H. 1992. Deuteronomy. (*In* Dockery, D.S., ed. Holman Bible Handbook. Nashville,TN: Holman Bible Publishers. p. 175 - 185.)

MERRILL, E.H. 1997. אלוף. (*In* Van Gemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 1. Grand Rapids, MI: Zondervan. 415 - 416.)

MIKOLASKI, S.J. 1988. Galatians. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds*. New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 1089 - 1104.)

MILLER, B.C., FAN, X., CHRISTENSEN, M., GROTEVANT, H.D. & VAN DULMEN, M. 2000**a**. Comparison of adopted and nonadopted adolescents in a large, nationally representative sample. *Child Development*, 71(5):1458 - 1473.

MILLER, B.C., FAN, X., CHRISTENSEN, M., GROTEVANT, H.D. & VAN DULMEN, M. 2000**b**. Adopted Adolescents' overrepresentation in Mental Health Counseling: Adoptees' problems or parents' lower threshold for referral? *Journal of the American Academy of Child & Adolescent Psychiatry*, 39(12):1504 - 1511.

MOO, D.J. 1996. The epistle to the Romans. Grand Rapids. MI: William B. Eerdmans Publishing Company. 1022p. (The New International Commentary on the New Testament.)

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1991. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN-Uitgewers. 310p.

MOTYER, A. 1999. Isaiah. Leicester: Inter-Varsity Press. 408p. (Tyndale Old Testament Commentaries.)

MURRAY, J. 1990. The epistle to the Romans. Grand Rapids, MI: Wm. B Eerdmans Publishing Co. 286p. (The New International Commentary on the New Testament.)

NAUDÉ, J.A. 1993. 1 Kronieke. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 500 - 539.)

NEL, P.J. 1997**a**. שלם. (*In* VanGemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 4. Grand Rapids, MI: Zondervan. 130 - 135.)

NEL, P.J. 1997**b**. שקט. (*In* VanGemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 4. Grand Rapids, MI: Zondervan. 234 - 235.)

NEL, P.J. 2002. Does changing the metaphor liberate? On the 'fatherhood' of God. *Old Testament Essays*, 15(1):131 - 148.

NESTLE-ALAND. 1988. Novum Testamentum Graece. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

NEUMAN, W.L. 2000. Social Research Methods. Qualitative and quantitative approaches. Needham Heights, MA:Allyn & Bacon. 558p.

NEWMAN, D. 2005. How to love God as your Father. Growing your most important relationship. Grand Papids, MI: Baker Books. 205p.

NYDAM, R.J. 1999. Adoptees come of age: living within two families. Louisville, KY: Westminster John Knox Press. 171p.

OBERHOLZER, J.P. 1993. Maleagi. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 1157 - 1162.)

OKHOLM, D.L. 1996. Prayer. (*In* Elwell, W.A., ed. Baker Theological Dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 621 - 626.)

ONS GLO. 1999 Die drie formuliere van eenheid en die ekumeniese belydenisse. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers. 122p.

OSWALT, J.N. 1997. נךח. (*In* VanGemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 3. Grand Rapids, MI: Zondervan. 56 - 59.)

PASSMORE, N.L. 2004. Adoption and the Father heart of God: helping adoptees deal with issues of identity and loss. *Journal of Psychology and Christianity*, 232 (2):165 - 175.

PATTON, J. 1993. Pastoral care in context: an introduction tot pastoral care. Louisville, KY: Westminster/John Knox Press. 274p.

PAYNE, D.F. 1985. Deuteronomy. (*In* Gibson, J.C.L., ed. The daily study Bible. Old Testament. Edinburgh: The Saint Andrews Press. 196p.)

PAYNE, D.F. 1988. 1 and 2 Samuel. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds*. New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 284 - 319.)

PELSER, G.M.M. 1984. Die brief aan die Romeine. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament V. Die Pauliniese briewe: Inleiding en teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel (EDMS) BPK. p. 41 - 56.)

PETERS, B.R. 1999. Adopted children's behavior problems: A review of five explanatory models. *Clinical Psychology Review*, 19 (3):297 - 328.

PETERSEN, D.L. 1995. Zechariah 9 - 14 and Malachi. A Commentary. London: SCM Press Ltd. 233p.

PETERSON, R.A. 2001. Adopted by God: from wayward sinners to cherished children. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. 182p.

POND, C. 1996. Our Father. Darlington: Evangelical Press. 127p.

POST, S.G. 1997. Adoption theologically considered. *Journal of Religius Ethics,* 25(1):149 - 168.

POWLISON, D. 2003. Seeing with new eyes. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. 274p.

POWLISON, D. 2007. The therapeutic Gospel. *The Journal of Biblical Counseling,* 25(3):2 - 7, Summer.

PRINSLOO, G.T.M. 1999. Jesaja. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 769 - 836.)

PRINSLOO, W.S. 1987. Die boek Jesaja. (*In* Burden, J.J. & Prinsloo, W.S., reds. Tweegesprek met God. Predikers, digters en wysgere. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. p. 83 - 114).

PRINSLOO, W.S. 1988. Van kateder tot kansel. 'n Eksegetiese verkenning van enkele Psalms. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 165p.

REINHARDT, S. 1990. Die invloed van die vaderbeeld op die adolessent se verhoudingsprobleme. Pretoria: UP. (Skripsie – M.Ed.) 164p.

REINHARTZ, A. 1999. Introduction: "Father" as metaphor in the fourth Gospel. Housten: The Society of Biblical Literature. 202p. **(Semeia series, vol. 85.)**

RICHARDS, L.O. & HOELDTKE, C. 1980. A theology of church leadership. Grand Rapids, Mi: Zondervan Publishing House. 425p.

RYKEN, P.G. 2005. Galatians. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. 290p. (Reformed Expository Commentary.)

RYLE, J.C. 2000. Expository thoughts on Mark. Edinburg: The Banner of Truth Trust. 370p.

SALTZMAN, R.E. 1998. A fear of abandonment. *First Things*, 80:16 - 18.

SCHEEPERS, J.S.G. 1996. Die kultus in Kronieke. Pretoria: UP. (skripsie – M.Div.) 135p.

SCHULZE, S. 2003. Views on the combination of quantitative and qualitative research approaches. *Progressio*, 25(2):8 - 20.

SCHURINK, E.M. 1998. The methodology of unstructured face-to-face interviewing. (*In* De Vos, A.S., ed. Research at grass roots. Pretoria: Van Schaik. 297 - 312 pp.)

SCHURINK, W.J. 2003. Qualitative research in management and organizational studies with reference to recent South African research. *SA Journal of Human Resource Management*, 1(3):2 - 14.

SCOTT, J.J. 1996. Name and titles of Jesus Christ. (*In* Elwell, W.A., ed. Baker Theological Dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 406 - 412.)

SEARLE, J.D. 2003. An Accessible God. *The Expository Times*, 307-309, 27th July.

SELL, A.P.F. 1980. God our Father. Edinburgh: The Saint Andrew Press. 144p.

SELMAN, M.J. 2002. 1 Chronicles. Leicester: Inter-Varsity Press. 263p. (Tyndale Old Testament Commentaries.)

SILVA, M. 1996. Theology of Galatians. (*In* Elwell, W.A., ed. Baker Theological Dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 281 - 282.)

SMAIL, T.A. 2001. The forgotten Father. Eugene, OR: Wipf and Stock Publishers. 189p.

SMITH, J. 2001. The adopted child syndrome: a methodological perspective. *Families in Society: The Journal of Contempory Human Services*, 82(5):491 - 497).

SMITH, D.W. & BRODZINSKY, D.M. 2002. Coping with birthparent loss in adopted children. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 43(2):213 - 223.

SNYMAN, F. 1995. Gesprek met God. Maleagi. (*In* Die Woord vir die mense. Halfway House:Orion. 68p.)

SNYMAN, S.D. 1999. Maleagi. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1099 - 1108.)

SPROUL, R.C. 2006. Truths we Confess. A Layman's guide to the Westminster Confession of Faith. Volume 1. The Triune God. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing.

STEIN, R.H. 1996. Fatherhood of God. (*In* Elwell, W.A., ed. Baker Theological Dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 247 - 248.)

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 21(1):104 - 120.

STUART, D. 1998. Malachi. (*In* McComiskey, T.E. ed. The Minor Prophets. An Exegetical and Expository Commentary. Volume 3. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 1245 - 1412.)

SUGGIT, J. 2003. The Fatherhood of God: Galatians 1:3. *Newtestamentica*, 37(1): 97 -103.

SWARTZ, H.L. 1996. Theology of Mark. (*In* Elwell, W.A., ed. Baker Theological Dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 507 - 510.)

SWIFT, C.E.G. 1988. Mark. (*In* Guthrie, D., Motyer, J.A., Stibbs, A.M. & Wiseman, D.J., *eds.* New Bible Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. p. 852 - 886.)

SWINTON, J. & MOWAT, H. 2006. Practical Theology and qualitative research. London: SCM-Cantebury Press. 278p.

TAMIS-LEMONDA, C.S. 2004. Conceptualizing fathers; roles: playmates and more. *Human Development*, 47(4):220 - 227.

TASKER, D.R. 2004. Ancient Near Eastern literature and the Hebrew Scriptures about the Fatherhood of God. New York: Peter Lang Publishing. 230p.

TOLMIE, F. 1999**a**. Markus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1188 - 1240.)

TOLMIE, F. 1999**b**. Galasiërs. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1547 - 1563.)

TOLMIE, D.F. 2004. Die impak van metodologie op die verstaan van die Nuwe Testament. *Acta Theologica,* Supplementum 6: 157 - 182.

TRIMP, C. 1986. De Preek: een praktisch verhaal over het maken en houden van preken. Kampen: Uitgeverij van den Berg. 96p.

VAN DER MESCHT, H. 2002. Four levels of rigour in interpretive qualitative research. *Education as Change*, 6 (1):43 - 51.

VAN DYK, P.J. 1987. Die Kronistiese Geskiedwerk. (*In* Bosman, H.L. & Loader, J.A., reds. Vertellers van die Ou Testament. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. p. 75 - 99).

VANGEMEREN, 1997. New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis. Volume 1 - 4. Grand Rapids, MI:Zondervan.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen: Kok. 829p.

VAN NIEKERK, L. 2002. "Don't kill the messenger.' Hermeneutics and the assessment of qualitative research. *Education as Change*, 6(1):32 - 42.

VAN RENSBURG, F.J. 1993a. Romeine. (*In* Vosloo, W. & Janse Van Rensburg, F., reds. Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1723 - 1754.)

VAN RENSBURG, F.J. 1993b. Galasiërs. (*In* Vosloo, W. & Janse Van Rensburg, F., reds. Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1804 - 1820.)

VAN ROOY, H.F. 1993. 2 Samuel. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 379 - 422.)

VAN ROOY, H.F. 1999. Deuteronomium. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 190 - 231.)

VAN SELMS, A. 1984. Jeremia deel II. Nijkerk:Uitgeverij G.F. Callenbach bv. 231p. (De prediking van het Oude Testament.)

VAN SELMS, A. 1989. Jeremia deel I. Nijkerk:Uitgeverij G.F. Callenbach bv. 300p. (De prediking van het Oude Testament.)

VAN ZYL, A.H. 1993. Psalms. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 650 - 756.)

VELEMA, W.H. 1999. Verdiept pastoraat. Het voeren van een pastorale gesprek. Heerenveen: Uitgeverij J.J. Groen en Zoon. 118p.

VENTER, C.J.H. 1988. Praktiese riglyne uit die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 5:29 - 38.

VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29 (1 en 2):181 - 202, Mrt./Jun.

VENTER, C. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. (RGN-Studies in Praktiese Teologie.) Pretoria. RGN Uitgewery. 145p.

VERGEER, W.C. 1999. Romeine. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1448 - 1491.)

VERHOEF, P.A. 1972. Maleachi. Kampen: Uitgeversmaatshcappij J.H. Kok. B.V. 278p. (Commentaar op het Oude Testament).

VERHOEF, P.A. 1987. The books of Haggai and Malachi. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company. 364p. (The New International Commentary on the Old Testament.)

VERRIER, N. 1993. The primal wound: understanding the adopted child. Baltimore, MD: Gateway Press.

VISSER'T HOOFT, W.A. 1982. The fatherhood of God in an Age of Emancipation. Philadelphia, PA: The Westminster Press. 163p.

VORSTER, W.S. 1985. Die evangelie volgens Markus: Inleiding en teologie. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament IV. Die sinoptiese evangelies: Inleiding en teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal. p. 106 - 150).

VOSLOO, W. & F.J. VAN RENSBURG., reds. 1999. Die Bybellenium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. 1902p.

WEISER, A. 1991. The Psalms. A Commentary. London: SCM Press Ltd. 841p. (The Old Testament library.)

WESSELS, W.J. 1987. Die boek Jeremia. (*In* Burden, J.J. & Prinsloo, W.S., reds. Tweegesprek met God. Predikers, digters en wysgere. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. p. 115 - 149.)

WESTERMANN, C. 1969. Isaiah 50-66. A Commentary. London: SCM Press Ltd. 429p. (The Old Testament Library.)

WIDDICOMBE, P. 1994. The Fatherhood of God from Origen to Athanasius. Oxford: Clarendon Press. 290p.

WIDDICOMBE, P. 2000. Fatherhood and the conception of God in early Greek Christian literature. *Anglican Theological Review*, 82(3): 519 - 536.

WIERZBICKI, M. 1993. Psychological adjustment of adoptees: Ameta-analysis. *Journal of Clinical Child Psychology,* 22 (4):447 - 454.

WILLIAMS, C.M. 2004. An exploration of father-child relationships, current attachment styles and self-esteem amongst adults. Port Elizabeth: NMMU. (skripsie – MA. Psych.) 116p. [CD]

WOLF, H.M. 1996. Theology of Malachi. (*In* Elwell, W.A., ed. Baker Theological Dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker Books. p. 503 - 505.)

WRIGHT, C.J.H. 1997. אב. (*In* VanGemeren, W.A., ed. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Volume 1. Grand Rapids, MI: Zondervan. 219 - 223.)

WRIGHT, C.J.H. 1998. Deuteronomy. Massachusetts: Hendrickson Publishers. 350p. (New International Bible Commentary.)

ZERFASS, R & GREINDCHE, N. 1976. Einfürung in die Praktische Theologie. Kaiser: München. 243p.

# OPSOMMING

Hierdie studie konsentreer op die betekenis van die Vaderskap van God in die berading van die aangenome kind. 'n Literatuurstudie het uitgewys dat die metafoor "God die Vader" selde betrek word in pastorale berading. Hierdie studie ondersoek die moontlikheid om die konsep "Vaderskap van God" doeltreffend in die berading van die aangenome kind te betrek. Met die oog daarop is basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe ondersoek. Die basisteorie is gevorm deur 'n eksegetiese verkenning van tekste in die Ou Testament wat direk na God as Vader verwys en die drie *Abba*-tekste in die Nuwe Testament. Hieruit het geblyk dat die verbond ten nouste aan die vader-metafoor gekoppel word. Die metateorie is geformuleer nadat tersaaklike literatuur wat in verband met aanneming staan, vanuit die deelwetenskappe bestudeer is. Die kwessies van *identiteit, verwerping en verlies* is geïdentifiseer as uitstaande kwessies wat by aangenome kinders teenwoordig is. 'n Empiriese ondersoek is aanvullend tot die basis- en metateorie gedoen. Hierdie ondersoek het veral uitgewys dat aangenome kinders nie die konsep "Vaderskap van God" direk in verband met hulle aanneming bring nie. Ten einde uit te kom by 'n eie model, is verskillende bestaande modelle ondersoek. Uiteindelik is besluit om die multidimensionele model van Eyrich en Hines as riglyn te gebruik. Langs hierdie weg is 'n model daargestel wat die navorsingsbevindings van hierdie studie suksesvol inkorporeer. Dit blyk dat die konsep "Vaderskap" van God suksesvol gebruik kan word in die pastorale begeleiding van die aangenome kind, veral om die spesifieke kwessies van identiteit, verwerping en verlies te hanteer.



**Sleutelterme**

Aangenome kind
Aanneemouers
Aanneming
Biologiese ouers
Identiteit
Pastorale begeleiding
Vaderskap van God
Verbond
Verlies
Verwerping

**ABSTRACT**

This study focuses on the meaning of the Fatherhood of God in the counselling of the adoptee. A study of relevant literature has shown that the metaphor "God the Father" is seldom incorporated in pastoral counselling. This study explores the possibility of successfully incorporating the concept "Fatherhood of God" in the counselling of the adoptee. In order to do so, the perspectives of the basis theory and metatheory have been investigated. The basis theory has been developed through an exegetical study of Old Testament verses that speak explicitly of the Fatherhood of God, as well as the three *Abba*-texts of the New Testament. This indicates that the covenant is closely related to the Fatherhood of God. The metatheory has been developed after studying literature regarding adoption from the perspective of other disciplines. The matters *identity, rejection and loss* have been shown as significant issues in the life of the adoptee. An empirical study has been done in addition to the basis- and metatheory. This investigation has brought to light that the adoptee does in general sense not connect the concept "Fatherhood of God" to his adoption. In order to develop an own model, different existing models have been investigated. Thus it was decided to use the model of Eyrich and Hines as guideline. A model has been developed and proposed that successfully incorporates the research findings of this study. It seems that the concept "Fatherhood" of God can be successfully utilised in the pastoral counselling of the adoptee, especially regarding the issues of identity, rejection and loss.

**Key terms**

Adoptee
Adoptive parents
Adoption
Biological parents
Covenant
Fatherhood of God
Identity
Loss
Pastoral counselling
Rejection